# ‘n Kerkhistoriese ondersoek na die profesië en openbarings van Johanna M. Brand, Andries A. S. le Fleur en Niklaas P. J. van Rensburg binne die tydsgees van 1900 - 1950

**Jacobus Willem Greeff**

orcid.org/0000-0001-8052-7635

Proefskrif aanvaar vir die graad *Philosophiae Doctor* in *Kerk en Dogmageskiedenis* van die Noordwes Universiteit.

Studieleier: Dr D. F. Muller

Mede-studieleier: Prof J. M. Vorster

Gradeplegtigheid: Mei 2021

Studente nommer: 23869488

## BEDANKINGS

Soos ‘n reis deur ‘n dorsland met nou en dan ‘n koel fontein, so was hierdie pad. Jare lange vrae en soeke om elke nou en dan by iemand in ‘n koelte te gaan sit en nog ‘n antwoord te kry. Daarom moet ek dankie sê vir vriende wat ver paaie saam met my kom.

Jacob Schoeman en Erik van Zyl van die verre “Noordveld”. Marcel Vosloo van die Olifantsrivier se dae en Erik Basson van die Agterbaai.

Dankie professore Francois Muller en Koos Vorster veral vir hierdie laaste nekbreek trek. Ek vertrou ons het hom deur die drif.

Emmie Bedeker wat met woorde toor en woel in die woestyn en wonder oor mooi goeters.

Bowenal dank ek my huismense vir julle verdraagsaamheid. Jare lange bondels papiere en boeke wat op hope staan, jarelank se verlore staar en tuur in die verlede.

Dankie Estelle vir omgee en oorgee en soms opgee maar aanhou gee. Lief jou.

“Dankie Here vir genade.  U woord is die waarheid”.

*Koos Greeff*

Jacobsbaai

November 2020

## OPSOMMING

‘n Vergelykende studie oor die openbaringe, drome, visioene en/of profesieë van Johanna M Brandt, Andries Abraham Stockenström le Fleur en Niklaas Pieter Johannes van Rensburg. Daarna word daar gekyk na die tydsgees van 1900 - 1950; die sosiale, politieke en ekonomiese invloede op die drie persone se lewens.

**Sleutelterm:** J. M. Brandt, A. A. S. le Fleur, Siener van Rensburg, Niklaas van Rensburg, oom Klasie, oom Niklaas, Hansie van Warmelo, openbaringe, drome, visioene, profesieë, die Siener, die Kneg, Johanna Brandt.

# ABSTRACT

This is a comparative literature study about the dreams, visions, prophesies and other supernatural experiences or revelations of Johanna M. Brandt, Andries Abraham Stockenström le Fleur and Niklaas Pieter Johannes van Rensburg. Al three these people lived and was mostly active as prophets or seers during the period 1900 - 1950. My assumption is that they were substantially influenced by the Zeitgeist of the rising Afrikaner nationalism and that their own Sitz im Leben was affected. These three persons lived separated from each other and as far as known never had contact with each other yet there are unique similarities in their actions and "supernatural" pronouncements. Could it be that their supernatural experiences came from source within themselves? With this thesis I want look at the Zeitgeist that could possibly have influenced them. But I also want to try and established theologically sound methodology whereby theologians can effectively and responsibly subject any supernatural revelation too.

**Keywords:** J. M. Brandt, A. A. S. le Fleur, Siener van Rensburg, Niklaas van Rensburg, oom Klasie, oom Niklaas, Hansie van Warmelo, revelations, dreams, visions, prophecy, prophecies, the seer, the prophet, Seers, Prophets, Johanna Brandt.

# INHOUDSOPGAWE


**BEDANKINGS ..... I**

**OPSOMMING ..... II**

**ABSTRACT ..... III**

**HOOFSTUK 1 AGTERGROND ..... 1**

**1.1 Probleemstelling ..... 2**

**1.2 Doelstelling ..... 2**

**1.3 Doelwitte ..... 3**

**1.4 Sentraal-teoretiese argument ..... 3**

**1.5 Metodologie ..... 3**

**1.6 Etiese Raamwerk ..... 4**

**1.7 Verklaring van begrippe en definisies. ..... 4**

**1.8 ’n Plasing op Wikipedia – A. A. S. le Fleur ..... 6**

**1.9 Skematiese voorstelling. ..... 7**

**HOOFSTUK 2: ‘N KORT GESKIEDKUNDIGE OORSIG OOR DIE LEWE VAN A. A. S. LE FLEUR ..... 8**

**2.1 Geboorte en eerste jare in Griekwaland-Oos - Roeping en eerste openbarings ..... 8**

**2.2 Eerste probleme met Britse owerheid aan die Kaap en optredes gedurende Tweede Anglo-Boereoorlog. Verdere openbarings ..... 10**

**2.3 Die groot hervestiging-pogings ..... 17**

**2.4 Die stigting van die Griekwa Independente Kerk ..... 21**

**2.5 Die “Roepers” verenigings en betrokkenheid met die oplewing van die bruinmense ..... 24**

**2.6 Ratelgat en latere jare ..... 25**

**2.7 ‘n Bondige bespreking van A. A. S. le Fleur se bonatuurlike openbaringe, drome, visioene en profetiese uitsprake: ..... 27**

2.7.1 Inleiding ..... 27

2.7.2 Die Roeping ..... 27

2.7.3 Die Griekwa Dooie Beendere ..... 28

2.7.4 Die toekoms van Suid-Afrika ..... 28

2.7.5 Ratelgat ..... 30

**HOOFSTUK 3 ‘N KORT GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN DIE LEWE VAN JOHANNA M. BRANDT. ..... 31**

**3.1 Geboorte en eerste jare tot die Tweede Anglo-Boereoorlog ..... 31**

**3.2 Optredes en ervarings gedurende die Tweede Anglo-Boereoorlog ..... 32**

**3.3 Huwelik en “tuiste-skeppersjare” ..... 33**

**3.4 Die Vrouen National Party ..... 34**

**3.5 Vroue-stemreg ..... 35**

**3.6 Holisme en latere jare ..... 36**

**3.7 ‘n Bondige bespreking van Johanna M Brandt se bonatuurlike openbaringe, drome, visioene en profetiese ervarings ..... 38**

3.7.1 Inleiding ..... 38

3.7.2 Rampe wat Suid-Afrika tref ..... 39

3.7.3 Nagaanval begin in Johannesburg ..... 40

3.7.4 Suid-Afrika - die pêrel van God ..... 40

3.7.5 Waarskuwing aan die Swart "stamme" in Suid-Afrika .................................. 40

3.7.6 Die nagevolge van die pieke-ervaring van Johanna Brandt .......................... 40

**HOOFSTUK 4 'N KORT GESKIEDKUNDIGE OORSIG OOR DIE LEWE VAN NIKLAAS VAN RENSBURG. ..................................................... 42**

**4.1 Geboorte en eerste jare tot voor die Tweede Anglo-Boereoorlog .......... 42**

**4.2 Optredes en ervarings gedurende die Tweede Anglo-Boereoorlog ....... 43**

**4.3 Die tussenjare tot voor die Rebellie van 1914 ......................................... 44**

**4.4 Die Rebellie en tog na Duits-Suidwes-Afrika........................................... 46**

**4.5 Die "goue jare" van bonatuurlike openbaringe, drome, visioene en profetiese ervarings ........................................................................ 49**

**4.6 'n Bondige bespreking van Niklaas van Rensburg se bonatuurlike openbaringe, drome, visioene en profetiese ervarings ........................... 51**

4.6.1 Inleiding.................................................................................................. 51

4.6.2 Die Anglo-Boereoorlog se uitkoms ............................................................ 51

4.6.3 Die dood van genl. Koos de la Rey ........................................................... 52

4.6.4 Die Rebelle-tog na Duits-Wes-Afrika en die sluiting van 'n ooreenkoms met Duitsland. ............................................................................................. 53

4.6.5 Die Toekoms van Suid-Afrika ..................................................................... 54

4.6.6 Samevatting ............................................................................................. 55

**HOOFSTUK 5 DIE ZEITGEIST VAN DIE TYDPERK 1900 - 1950........................... 56**

**5.1 'n Sosio-politieke oorsig........................................................................... 56**

**5.2 Die opkoms van Afrikaner-Nasionalisme ................................................ 58**

**5.3 Generaal J. B. M. Hertzog ......................................................................... 63**

5.3.1 Inleiding ........................................................................................ 63

5.3.2 Geboorte tot oorlog ........................................................................ 63

5.3.3 Kampvegter vir Hollands en vir Suid-Afrika.................................................. 64

5.3.4 Kampvegter vir "Naturelle" ......................................................................... 65

5.3.5 Onbetrokkenheid .............................................................................. 67

5.3.6 Vroue Regte .................................................................................. 68

5.3.7 Verhouding met die Bruinmense. ................................................................ 69

5.3.8 Ekonomiese Ontwikkeling ............................................................................ 70

5.3.9 Samevatting ..................................................................................... 71

**5.4 Die armblanke-vraagstuk ............................................................ 71**

**5.5 Blanke-voogdyskap .................................................................... 74**

**5.6 Die ontstaan en groei van "afsonderlike ontwikkeling" ......................... 76**

**5.7 Die hoogbloei van Nasionalisme en die ontwikkeling van Apartheid..... 77**

**HOOFSTUK 6 'N VOORLOPIGE BEOORDELING VAN DIE BONATUURLIKE OPENBARINGS VAN J. M. BRANDT, A. A. S. LE FLEUR EN N. VAN RENSBURG IN DIE LIG VAN DIE ZEITGEIST VAN 1900 - 1950. .......................................................................... 80**

**6.1 Inleiding ..................................................................................... 80**

**6.2 Johanna Brandt ........................................................................... 80**

**6.3 A. A. S. le Fleur ........................................................................... 83**

**6.4 Niklaas van Rensburg .................................................................... 86**

**6.5 Samevattend ............................................................................... 88**

**HOOFSTUK 7 ‘N TEOLOGIESE PERSPEKTIEF OP BONATUURLIKE OPENBARINGE, DROME, VISIOENE EN PROFETIESE ERVARINGS.** ..... **90**

**7.1 Inleiding** ..... **90**

**7.2 Sistematies-teologiese beskouings** ..... **90**

7.2.1 Die Godsleer. ..... 90

7.2.2 Die Christologie ..... 91

7.2.3 Die Pneumatologie ..... 92

7.2.4 Die Soteriologie. ..... 93

7.2.5 Die Ekklesiologie ..... 94

7.2.6 Algemene Sistematies-teologiese beskouings ..... 95

**7.3 Prakties-teologiese uitsprake** ..... **96**

**7.4 Peter Beyerhaus se Tripolariteitsbeginsel** ..... **97**

**7.5 Kelsey se beskouing** ..... **98**

7.5.1 Outosuggestie ..... 99

7.5.2 Groep verwagtinge ..... 99

7.5.3 Hipnose ..... 99

7.5.4 Outonome opwellinge uit die psige ..... 99

7.5.5 Arg-tipiese ervarings ..... 100

**7.6 Samevatting** ..... **100**

**HOOFSTUK 8 ‘N BEOORDELING VAN DIE BONATUURLIKE ERVARINGS VAN JOHANNA BRANDT, ANDRIES LE FLEUR EN NIKLAAS VAN RENSBURG IN DIE LIG VAN TEOLOGIES-WETENSKAPLIKE NAVORSING. ............................................ 102**

**8.1 Inleiding ............................................................................................ 102**

**8.2 Johanna Brandt....................................................................................... 102**

8.2.1 Sistematies-teologiese uitsprake - die Godsleer ........................................ 102

8.2.2 Sistematies-teologiese uitsprake - die Christologie.................................... 103

8.2.3 Sistematies-teologiese uitsprake - die Pneumatologie ............................... 103

8.2.4 Sistematies-teologiese uitsprake - die Soteriologie.................................... 103

8.2.5 Sistematies-teologiese uitsprake - die Ekklesiologie.................................. 104

8.2.6 Sistematies-teologiese uitsprake - algemeen ............................................ 104

8.2.7 Prakties-teologiese uitsprake.................................................................... 105

8.2.8 Samevattend oor Brandt........................................................................... 106

**8.3 Andries le Fleur ...................................................................................... 107**

8.3.1 Sistematies-teologiese uitsprake - die Godsleer ........................................ 107

8.3.2 Sistematies-teologiese uitsprake - die Christologie.................................... 107

8.3.3 Sistematies-teologiese uitsprake - die Pneumatologie ............................... 107

8.3.4 Sistematies-teologiese uitsprake - die Soteriologie.................................... 108

8.3.5 Sistematies-teologiese uitsprake - die Ekklesiologie.................................. 108

8.3.6 Sistematies-teologiese uitsprake - algemeen ............................................ 108

8.3.7 Prakties-teologiese uitsprake.................................................................... 108

8.3.8 Samevattend oor le Fleur ......................................................................... 110

**8.4 Niklaas van Rensburg. ............................................................................ 112**

8.4.1 Sistematies-teologiese uitsprake - die Godsleer ........................................ 112

8.4.2 Sistematies-teologiese uitsprake - die Christologie .................................... 113

8.4.3 Sistematies-teologiese uitsprake - die Pneumatologie ............................... 113

8.4.4 Sistematies-teologiese uitsprake - die Soteriologie .................................... 113

8.4.5 Sistematies-teologiese uitsprake - die Ekklesiologie .................................. 113

8.4.6 Sistematies-teologiese uitsprake - algemeen ............................................ 114

8.4.7 Prakties-teologiese uitsprake .................................................................... 114

8.4.8 Samevattend oor van Rensburg ................................................................ 115

**8.5 Samevatting ........................................................................................ 116**

**HOOFSTUK 9 SAMEVATTING EN AFLEIDINGS EN 'N VOORSTEL HOE DAAR VANUIT DIE TEOLOGIE VERANTWOORDELIK OMGEGAAN MOET WORD MET BONATUURLIKE OPENBARINGE, DROME, VISIOENE EN PROFETIESE ERVARINGS. ................................ 117**

**9.1 Inleiding ............................................................................................. 117**

**9.2 Die Demonologiese sirkel ..................................................................... 117**

9.2.1 Ekstra-sintuiglike waarnemings ................................................................. 119

9.2.2 Ekstra-sintuiglike beïnvloeding .................................................................. 119

9.2.3 Ekstra-sintuiglike verskynings .................................................................... 119

**9.3 Die Antropologiese sirkel ..................................................................... 121**

**9.4 Die Sistematiese - en Praktiese Teologiese sirkel ................................ 123**

**9.5 Samevatting ........................................................................................ 125**

**BRONNELYS ............................................................................................. 127**

**10.1 Artikels en Pamflette ........................................................................... 127**

**10.2 Boeke ..... 127**

**10.3 Internet ..... 132**

**10.4 Ongepubliseerde Dokumente en andere ..... 136**

**ADDENDA ..... 138**

**ADDENDUM A: MCACQUARIE CERTIFICATE ..... 138**

**ADDENDUM B: TITEL REGISTRASIE ..... 139**

**ADDENDUM C: CODE OF CONDUCT ..... 140**

**ADDENDUM D: ETIEK VERKLARING ..... 141**

**ADDENDUM E: VERKLARING VAN TAALVERSORGING ..... 143**

# HOOFSTUK 1

# AGTERGROND

As boorling van die Olifantsrivier-gebied in die noordwes Kaap, was ek van vroegs af bewus van “Die Kneg” oftewel A. A. S. le Fleur (1867 - 1941) en die invloed wat hy op die Griekwa-inwoners van ons omgewing gehad het. Sedert 2008 het ek gesprekke gehad met van le Fleur se afstammelinge en kon ek ook ‘n enkele persoon opspoor wat hom persoonlik geken het. My aanvanklike ondersoek van twee jaar oor die lewe van le Fleur het my tot die gevolgtrekking gebring dat daar eenvoudig nie genoeg primêre bronne bestaan om ‘n verantwoordbare proefskrif daar te stel nie. Verdere naleeswerk oor die lewens van Johanna Brandt (1876 - 1964) en Niklaas van Rensburg (1864 - 1926) het egter getoon dat daar ‘n gemeenskaplike Zeitgeist was wat hulle Sitz im Leben kon beïnvloed het. Dit het die oortuiging laat ontstaan dat ook hulle drome, visioene, openbaringe en profetiese uitsprake ooreenstemmende bronne van inspirasie mag hê.

In die geskiedenis van Suider-Afrika was daar meer profete of sieners onder verskeie volkere onder andere Dr G. W. A. van der Lingen van die Paarl, “Sikonjela” van die Transkei en miskien selfs Jan Jonker Afrikaner, leier van die Witboois ten tye van die Herero/Nama opstande in die destydse Duits-Wes-Afrika [1] in 1904 - 1906. Omdat die meeste drome, visioene, openbaringe en profetiese uitsprake van A. A. S. le Fleur egter binne die tydperk 1900 - 1950 plaasgevind het, en omdat hy oorwegend in die Afrikaanssprekende gemeenskap sy grootste aanhang gevind het en steeds het, het ek geoordeel om hierdie as paradigma vir die navorsing te stel. Ek gaan hierdie paradigma gebruik om die studie te beperk tot die lewens, uitsprake en optredes van Johanna M. Brandt en Niklaas van Rensburg omdat hulle tydgenote van le Fleur was.

1 Die naam Duits-Wes Afrika is voor 1915 gebruik vir die staat Namibië. In 1915 is die naam van die gebied verander na Suidwes-Afrika. In die studie word die benaminge gebruik wat in die onderskeie periodes ter sake was.

## 1.1 Probleemstelling

Naleeswerk het baie min akademies-teologiese navorsing oor die lewens van al drie hierdie persone gevind [2]. Daar is baie oor hulle geskrywe maar meer vanuit die oogpunt van populêre volkshelde. In die meeste van die populistiese skrywes word daar van sekondêre bronne gebruik gemaak en dikwels is dit gebaseer op blote hoorsê en oorleweringe [3]. Dit is so dat in kerkhistoriese navorsing word ook gebruik gemaak van mondelinge oorlewering maar dan nie op ‘n onkritiese wyse nie en wel teen die agtergrond van reeds gepubliseerde geskrifte.

Ongelukkig word daar ook openbaringe, drome, visioene en profesieë aan die persone toegedig wat soms nie deel is van die betrokke “siener” se uitsprake nie. So byvoorbeeld die alombekende “Nag van die Lang Messe”. Hierdie openbaring word in die algemeen aan van Rensburg (“Die Nag van die Lang Messe” in die Beeld. 22 Mei 2014*)* toegeskrywe maar berus beslis op onsekere afleidings want daar is geen verwysings daarvan in die navorsing oor sy lewe nie. Dit skyn asof deur die jare allerlei toevoegings gemaak is. Dit is dus nodig om sover moontlik terug te gaan na primêre bronne om daardeur te probeer bepaal wat die persone waarlik gesien en ervaar het (Barker S & Peniston-Bird C M. 2009:9).

Die kern-vraag is egter hoe hierdie drie persone se lewens en openbaringe, drome, visioene en profesieë teologies-akademies moet of verstaan en indien moontlik interpreteer word. Dit is tog nie net ‘n blote sosiale-menslike aktiwiteit nie, aangesien al drie hierdie persone daarop aanspraak gemaak het dat hulle in die naam van God gespreek het en hulle mense en die geskiedenis in sommige gevalle diepgrondig beïnvloed het.

Die sentrale navorsingsvraag is dus: *Het die Zeitgeist van die jare 1900 - 1950 ‘n bepalende invloed uitgeoefen op die openbaringe, drome, visioene en profesieë van J. M. Brandt, A. A. S. le Fleur en N. van Rensburg of minstens op die interpretasies daarvan?*

## 1.2 Doelstelling

Analiseer die Zeitgeist van 1900 - 1950 om enige bronne wat die lewens van J. M. Brandt, A. A. S. le Fleur en N. van Rensburg grondig kon beïnvloed het, te identifiseer en om die invloed van die Zeitgeist te bepaal op hul lewens.

---

[2] Sien die stelling van Barker (bl. 9) “Historians talk of triangulation – that a piece of information should be corroborated in two other ways as a means to cross-check a point we wish to make” (Barker S & Peniston-Bird C.M. 2009).

[3] Sien byvoorbeeld A. W. G. Raath. 2011. Die Siener. Ek verwys hier na die boek in sy geheel.

## 1.3 Doelwitte

(a) ‘n Kort geskiedkundige ondersoek van die lewens van J. M. Brandt, A. A. S. le Fleur en N. van Rensburg.

(b) ‘n Oorsigtelike historiese ondersoek na ondersoek van die Zeitgeist van die tydperk 1900 - 1950.

(c) ‘n Vergelykende ondersoek van hoe die Zeitgeist die lewens van J. M. Brandt, A. A. S. le Fleur en N. van Rensburg kon beïnvloed het.

(d) Om ‘n teologies norm te identifiseer waarvolgens daar verantwoordelik met openbaringe, drome, visioene en/of profesieë omgegaan kan word.

(e) Om die openbaringe, drome, visioene en profesieë van J. M. Brandt, A. A. S. le Fleur en N. van Rensburg te beoordeel aan die hand van die teologiese norm.

## 1.4 Sentraal-teoretiese argument

Die sentraal-teoretiese argument van die studie is dat die Zeitgeist ‘n baie belangrike invloed gehad het op die openbaringe, drome, visioene en profesieë van die genoemde eksponente en dat hulle bydraes nie niksseggend was nie. Dus moet gelowiges meer gewig toeken aan die Zeitgeist en die menslike psige om profesieë te verstaan. Gelowiges moet inderwaarheid alle bonatuurlike geestelike manifesterings vanuit die staanspoor versigtig hanteer (Lloyd-Jones, M.1985: 78*)*. Die verstaan van die bonatuurlike is op sy beste maar raaiselagtig (1 Kor. 13:12). Om boonop die grense van die bonatuurlike na willekeur te probeer oorsteek is om te wees soos Koning Saul wat vir die heks van Endor beveel om Samuel op te roep (1 Sam. 28:12).

Tog is dit noodsaaklik om baie versigtig te wees om nie openbaringe, drome, visioene en profesieë eenvoudig af te maak as onmoontlik of onskriftuurlik nie.

## 1.5 Metodologie

Daar is van die volgende kerkhistoriese navorsingsmetodes gebruik gemaak om die doelwit te bereik:

(a) Vir die navorsing oor die lewens van J. M. Brandt, A. A. S. le Fleur en N. van Rensburg is daar van mondelinge oorlewering en ‘n vergelykende literatuurstudie gebruik gemaak.

Ek poog om deur vergelyking om so na as moontlik aan ‘n geldige bevinding te kom omdat dit ‘n aanvaarbaar is binne kerk-historiese metodologie.

(b) Vir die navorsing oor die Zeitgeist van 1900 - 1950 is daar van ‘n vergelykende historiese literatuurstudie gebruik gemaak.

(c) ‘n Sosiologies-geskiedkundige soeke na die Zeitgeist wat die lewens en Sitz im Leben van J. M. Brandt, A. A. S. le Fleur en N. van Rensburg kon beïnvloed het.

(d) Om ‘n verantwoordbare metode daar te stel waarvolgens met openbaringe, drome, visioene en profesieë omgegaan kan word, is daar van Missiologies-Ekklesiologiese werkwyses gebruik gemaak met spesifieke verwysing na P. Beyerhaus en M. T. Kelsey se werke soos na verwys deur H. I. Lederle, (1987).

## 1.6 Etiese Raamwerk

Hierdie navorsing word hoofsaaklik aan die hand van ‘n literatuurstudie, met ‘n lae etiese risiko, gedoen. ‘n Beperkte gedeelte van die studie berus ook op notas wat die navorser gemaak het van mededelings tydens twee telefoongesprekke wat gevoer is met twee persone wat (dekades gelede) persoonlik kontak met A. A. S. le Fleur gehad het. Dit was die enigste twee persone wat die navorser kon opspoor wat na al die jare nog in staat was om sodanige inligting te kan deel en om sinvol oor “die goeie ou dae” te gesels . Die persone was onder geen druk om enige inligting teen hulle sin te verskaf nie. Die gesprekke het dus geen risiko vir die gespreksgenote ingehou nie. Die etiese riglyne wat die NWU vir die verkryging, bestuur en bewaring van sodanige inligting stel, is nagekom. Die prosedure wat gevolg sou word en uiteindelik ook gevolg is, is in die etiek klaring aansoekvorm beskryf.

Die navorser het voorsien dus dat die etiese risiko vlak vir die studie in geheel “minimaal” sal wees en word ook so in die skrywe wat vanaf die etiek komitee ontvang is, aangedui.

## 1.7 Verklaring van begrippe en definisies.

(a) Die Afrikaanssprekende-gemeenskap. Onder hierdie begrip val almal wat Afrikaans as hulle moedertaal besig. Deesdae word daar van hulle as “Afrikaanses” gepraat.

(b) Wit mense of wit Afrikaanssprekendes. Hierdie term verwys na mense van Europese oorsprong. Soms word die naam “Boere-mense” of “Boere-volk” gebruik in verwysing na hulle.

(c) Bruinmense of Bruin Afrikaanssprekendes. [4] Hierin sluit alle mense van oorspronklike Khoe-San groeperinge, gemengde rasse, kleurlinge, basters of gekleurdes en afstammeling van Verre-Oosterse slawe in. Dit is mense wat een of ander vermenging van wit-, swart- en bruinmense is.

(d) Swart mense. Die groep bestaan uit alle Neger- en Bantoe rasse.

(e) Sieners en profete. Persone wat bonatuurlike openbaringe, drome, visioene en profetiese belewenisse ervaar of beweer dat hulle dit ervaar.

(f) Khoe of Khoe-San. Ek volg die ouer gebruik van Khoe of Khoe-San eerder as die meer bekende Khoi of Khoi-San. Cecil le Fleur (2006:2) wys duidelik daarop dat die woord Khoe reeds sedert 1920 erken word in antropologiese kringe en is nader aan die korrekte uitspraak van die woord (de Wet, P F. 2006:11).

(g) Met Khoe bedoel ek daardie gedeelte van die "eerste inwoners" of "oorspronklike inwoners" van Suider-Afrika wat hulle toegespits het op die herderlike of pastorale lewenswyse en wat lewende vee in hul besit gehad het. Daarteenoor verwys "San" na die jagters, strandlopers en vergaarders van die groepering. Die saamgestelde woord "Khoe-San" is dus alle mense van die groep "eerste inwoners" of "oorspronklike inwoners", met die onderafdelings Khoe en San.

(h) Johanna M. Brandt (néé van Warmelo) het in die algemene omgang bekend gestaan as "Hansie". In die volledige besprekings in die hoofstukke gaan ek na haar verwys as "Johanna" tot en met haar huwelik met Louis Brandt. Daarna verwys ek na haar as "Brandt".

(i) Andries Abraham Stockenström le Fleur staan vandag nog bekend as "Die Kneg" onder die Griekwamense van die Wes- en Noordkaap. Volgens alle aanduidings is Andries vernoem na Luitenant-Goewerneur Andries Stockenström (1792- 1864). Andries verwys soms na homself as "Andrew". Die ouer skrywers gee sy name aan as Andries Abraham Stockenström le Fleur (Sien Halford, 1949:186). Ek gaan die naam "Andries" aanvaar siende dit so gebruik word in die ouer geskrifte maar meestal na hom verwys as "le Fleur".

---

[4] Daar is baie teorieë oor rasseklassifikasie. Die evaluering daarvan val buite die skopus van hierdie proefskrif. Die verwysing na "swartmense" en "bruinmense" was die gebruik binne die tydperk onder bespreking van hierdie proefskrif en word dus gevolg.

(j) Niklaas van Rensburg staan in die volksmond bekend as “Siener” of “Die Siener” en soms as “Niklaas” of “oom Niklaas”. Ek sal na hom verwys as “van Rensburg”.

(k) Daar is op baie verskillende maniere verwys na Suidwes of Duitswes - die huidige Namibië. Ek gebruik die direkte vertaling van die oorspronklike Duitse Kolonie nl. “Duits-Wes-Afrika” tot en met 1915. Vir verwysings na die oorname deur Suid-Afrika gebruik ek die algemeen aanvaarde naam “Suidwes-Afrika.”

(l) Die Anglo-Boereoorlog. Daar is verskillende opinies oor wat die naam behoort te wees maar dit skyn asof hierdie opinies vanuit ‘n politieke perspektief gedrewe word. Aanvanklik was die naam die “Engelse-oorlog” of die “Boere-oorlog” afhangende van watter standpunt die gebruiker polities ingeneem het. Deesdae is daar pogings om die oorloë te vernoem as “Die Suid-Afrikaanse oorlog”. Suid-Afrika as geografiese of politieke entiteit het ten tye van die oorloë nie bestaan nie. Ek gebruik deurgaans die naam “Anglo-Boereoorlog”.

## 1.8 ’n Plasing op Wikipedia – A. A. S. le Fleur

Ek het vantevore ‘n artikel oor die lewe van A. A. S. le Fleur in Wikipedia in Afrikaans gepubliseer. Dit was op die 13 November 2017 en dit was oorspronklik my werk. Daarna het verskeie ander persone veranderings daaraan aangebring. Hoewel gedeeltes in hoofstuk 2 van hierdie proefskrif wat handel oor die lewe van A. A. S. le Fleur soms verbatim met hierdie artikel ooreenstem, is die gedeeltes in my proefskrif, my eie werk en het ek geen byvoegings net so oorgeneem nie. Ek verwys daarom ook nie by die betrokke gedeeltes na die artikel in Wikipedia nie aangesien ek dit nie as ‘n volwaardige akademiese bron beskou nie.

## 1.9 Skematiese voorstelling.

| Probleemstelling | Doelwitte en doelstellings | Metodologie |
|---|---|---|
| Watter moontlike bronne kon die lewe en optredes van A. A. S. le Fleur beïnvloed het.<br><br>Hoofstukke 2, 6.3 en 8.3 | ‘n Verantwoordelike navorsing oor die lewe van A. A. S. le Fleur.<br><br>Kyk na alle moontlike bronne wat sy bonatuurlike ervarings kon beïnvloed het. | Deur gebruik te maak van erkende literatuurstudie-metodes.<br><br>Deur verantwoordelike histories-teologies-sosiologiese werkwyses. |
| Watter moontlike bronne kon die lewe en optredes van Johanna M. Brandt beïnvloed het.<br><br>Hoofstukke 3, 6.2 en 8.2 | ‘n Verantwoordelik navorsing oor die lewe van Johanna M. Brandt.<br><br>Kyk na alle moontlike bronne wat haar bonatuurlike ervarings kon beïnvloed het. | Deur gebruik te maak van erkende literatuurstudie-metodes.<br><br>Deur verantwoordelike histories-teologies-sosiologiese werkwyses. |
| Watter moontlike bronne kon die lewe en optredes van Niklaas van Rensburg beïnvloed het.<br><br>Hoofstukke 4, 6.4 en 8.4 | ‘n Verantwoordelik navorsing oor die lewe van Niklaas van Rensburg.<br><br>Kyk na alle moontlike bronne wat sy bonatuurlike ervarings kon beïnvloed het. | Deur gebruik te maak van erkende literatuurstudie-metodes.<br><br>Deur verantwoordelike histories-teologies-sosiologiese werkwyses. |
| Hoe moet daar verantwoordelik omgegaan word met bonatuurlike openbaringe, drome, visioene en profetiese ervarings vandag?<br><br>Hoofstuk 7, 8 en 9 | Skep ‘n sintese op grond waarvan riglyne gemaak kan word sodat daar verantwoordelik omgegaan kan word met aansprake op bonatuurlike kommunikasie. | Maak ‘n kritiese analise van die resultate van hoofstukke 7 en 8 in hoofstuk 9. |

# HOOFSTUK 2:

# ‘N KORT GESKIEDKUNDIGE OORSIG OOR DIE LEWE VAN A. A. S. LE FLEUR [5]

## 2.1 Geboorte en eerste jare in Griekwaland-Oos - Roeping en eerste openbarings

Soos daar reeds in hoofstuk 1 genoem is, is daar besonders min primêre bronne beskikbaar oor die lewe van die “Kneg”, Andries Abraham Stockenström le Fleur.[6] Te veel van wat oor hom bekend is, is van populistiese skrywes en dikwels is dit blote hoorsê en oorleweringe. Daar is byvoorbeeld bewerings dat Andries le Fleur se oupa ‘n Franse sendeling was wat iewers in die 1820 ’s getroud is met ‘n vrou uit Madagaskar, maar daar kon geen bevestiging gekry word van enige Franse sendeling met die van le Fleur wat in Suider-Afrika was in daardie tydperk nie (Besten, 2006: 52). ‘n Moontlikheid was dat Abraham le Fleur die seun van ‘n Franse droster was wat hom iewers in die 1820 ‘s teen die Outenikwarivier tuis gemaak het. Nog ‘n stelling is dat sy ma ‘n Skotse edelvrou was van die Graaf Reinet-distrik met die naam van Annie Reed, maar ook dit kan nie histories bevestig word nie. ‘n Moontlikheid is dat Annie Reed die afstammeling van sekere Reed en ‘n Khoe-San vrou was en dat hulle ook woonagtig teen die Outenikwarivier was (Besten, 2006: 52). Wat ons weet is dat le Fleur se pa iewers in 1826 in die distrik van Uitenhage gebore is en die naam Abraham gekry het (Edgar & Saunders, 1982: 201).

Volgens gerugte was Abraham le Fleur deel van die strydmagte onder bevel van kolonel Andries Stockenström tydens die Sewende Grensoorlog in die Oos-Kaap gedurende 1846 - 1847 (Andries Stockenström*,* 2013). Abraham kon toe 21 jaar oud gewees het en dis bekend dat baie soldate van Khoe-San oorsprong in die magte van kolonel Stockenström was. Volgens gerugte het Abraham le Fleur die lewe gered van kolonel Andries Stockenström en

---

5 Ek begin doelbewus met die lewensverhaal van le Fleur omdat hy my oorspronklike navorsings-teiken was. Wanneer ek later na al drie die “sieners” verwys, werk ek in alfabetiese orde met hulle.

6 A.A.S le Fleur was destyds as deel van die “bruin” gemeenskap beskou. Die le Fleur familie het met die Griekwas van Griekwaland-Oos geassosieer alhoewel hulle in die Trans-Oranje deel uitgemaak het van die “boeregemeenskap” van welgesteldes. Ek is bewus daarvan dat ek nie A.A.S le Fleur net klakkeloos kan beoordeel volgens die toetsings soos dit van J. M. Brand en N. van Rensburg nie. Tog is ek oortuig dat hy deurspek was van dieselfde Zeitgeist soos dit van die ander twee “sieners” onder bespreking. In latere bespreking oor A.A.S. le Fleur word daarmee rekening gehou.

toe het Stockenström vir hom gesê dat hy eendag ‘n seun sou hê en dat hy hom die naam “Andries Stockenström” moes gee (Belcher, 1986).

In 1856 was Abraham le Fleur doenig in die Port Elizabeth omgewing waar daar klagtes van onder andere bedrog en diefstal teen hom gelê is (Besten. 2006: 53). Abraham het ontvlug na Philippolis in die “Trans-Oranje” waar hy iewers teen die einde van 1856 aangekom het. Of hy toe reeds getroud was met Annie Reed is onseker maar hulle tweede seun, Andries Abraham Stockenström le Fleur is op 2 Julie 1867 gebore te Herschell naby die huidige Aliwal-Noord (A. A. S. le Fleur, 1970).

Abraham was met die geboorte van Andries woonagtig in Rouxville distrik en was ‘n vooraanstaande wamaker. Hy kon reeds voor 1860 die persone vergoed wat hy bedrieg het of van wie hy gesteel het want in die hofsake wat op 1 Oktober 1860 gehou is in die rondgaande hof te Port Elizabeth, is die klagtes teen hom terug getrek (Besten, 2006: 53).

Abraham was deel van die kommissie wat Adam Kok III (1811 - 1875) aangewys het om in 1859 ‘n nuwe woongebied vir die Griekwas te gaan soek en tree ook op as sekretaris vir Adam Kok (Edgar & Saunders, 1982: 201). Om een of ander rede het Abraham nie die trek van die Griekwas na die “Niemandsland” in die huidige Kokstad omgewing mee gemaak nie (1862 - 1863) (History of the Griqua Nation, 2017). Miskien was dit omdat die le Fleur ’s as mede-burgers van die blanke boere in die Trans-Oranje behandel is (Besten, 2006: 54). Ongeveer 20 jaar het verloop voordat Abraham le Fleur en sy gesin op 13 Julie 1885 in Kokstad aangekom het (Servant of God, 2003: 5). Kort daarna verhuis hulle na Ongeluksnek waar Abraham ‘n slagtery, bakkery en algemene handelaarswinkel begin (A. A. S. le Fleur, 1970).

Abraham was reeds in 1884 deur Margarete - die weduwee van Adam Kok III gevra om op te tree as haar sekretaris en om die Griekwas in Griekwaland-Oos te kom help wat in haglike toestand verkeer het (Besten, 2006: 54). Onmiddellik na sy aankoms in Griekwaland-Oos het Abraham dan ook betrokke begin raak in allerhande hofsake en ander politieke bedrywighede wat die Griekwa-mense aangegaan het (Besten, 2006: 55).

Volgens eerwaarde Dower wat sedert 1870 woonagtig in Griekwaland-Oos was het Abraham sy seun Andries diep grondig beïnvloed. Hy skrywe o. a. *“Thereafter Andries le Fleur took up his father’s old song........ The father contended himself with words, speeches, despatches, protests, memorials, lecture, threats; the son prepared for action.... He suffered from head-swelling”* (Dower, 1978: 123).

Kort voor Andries le Fleur se 22ste verjaarsdag was hy in die berge naby Matatiele opsoek na sy pa se esels wat weggeraak het. Op 9 Mei 1889 hoor hy ‘n stem wat met hom praat en hom

beveel om die verlore beendere van Adam Kok III bymekaar te gaan maak en die Griekwavolk op te roep om een volk te wees (Besten, 2006: 60). Hierdie was beslis die pieke-ervaring [7] in Andries le Fleur se lewe en die begin van sy opdrag om as "Die Kneg" op te tree (Servant of God, 2003: 5).

Na hierdie ervaring verwys Andries na homself as "Andrew" (A. A. S. le Fleur, 1970). Die ouer inwoners van Griekwaland-Oos het hom egter steeds "Andries" genoem (Dower, 1978: 123) & (History of Griqua Nation, 2016). Teen 1890 vestig le Fleur hom in Matatiele waar hy saam met sy ouer broer Thomas die besigheid "le Fleur Brothers. Wagon Builders and Black Smiths" begin (Besten, 2006: 60). In die begin van 1894 neem hy die sekretaris-pos van sy pa oor en begin voltyds vir die Griekwavolk werk. Op 24 Februarie 1894 bedank hy gevolglik as vennoot van die "le Fleur Brothers".

Daar is onsekerhede oor wanneer presies hy in die huwelik tree met Rachel Susanna Kok. Party geskrifte beweer dit was in 1896 (Belcher, 1986) of in 1897 (A. A. S. le Fleur, 1970). Wat ons wel weet is dat hy iewers getroud is met Rachel, die jongste dogter van Muis Kok - die jonger broer van Adam Kok III (Belcher, 1986). Dis was nadat hy in 1895 lid geword het van die Griekwa-kerk in Kokstad. Eerwaarde Dower beweer dit was om politieke aansien te verkry dat hy lidmaat geword het (Dower, 1978: 166). Die artikel in die Cape Slavery Blog (A. A. S. le Fleur, 1970) beweer dat na sy kerklidmaatskap en huwelik met Rachel is le Fleur verkies tot leier van die Griekwas en opvolger van Adam Kok III.

Skynbaar was die huwelik aanvanklik nie so gelukkig nie. Rachel was 'n huishulp in die pastorie van eerwaarde Dower en was volgens hom 'n stil en hardwerkende vrou wat nie erg gehad het aan haar man se "dromerye" en "skelmstreke" nie (Dower, 1978: 123). Cloete bevestig die aantyging van eerwaarde Dower en skrywe dat die Kok-familie kwaad was vir le Fleur weens die Griekwa Rebellie van 1897 en toe vir Rachel probeer oorhaal het om haar man te verlaat (Cloete, 1986: 75). Sy het egter getrou aan hom gebly en later jare het sy baie eer ontvang as "*Moeder van die Griekwavolk*" (Cloete, 1986: 75).

## 2.2 Eerste probleme met Britse owerheid aan die Kaap en optredes gedurende Tweede Anglo-Boereoorlog. Verdere openbarings

Net soos in sy vroeëre jare word ook hierdie tyd gekenmerk deur baie weersprekende inligting. Aan die eenkant is daar die amperse "helde-verering" van le Fleur deur sy aanhangers maar

[7] Later word die term "pieke-ervaring" bespreek met gebruikmaking van Krech (1982). Die term is 'n belangrike deel van die latere ontledings van die bonatuurlike ervarings van al drie die "sieners".

die min beskikbare historiese feite weerspreek baie van hierdie bewerings. Volgens die pamflet versprei deur die Griekwa gemeenskap (Servant of God. 2003: 6) is le Fleur verkies tot leier van die Griekwavolk in Junie 1894 na die dood van Muis Kok wat by sy broer Adam Kok III oorgeneem het. Belcher beweer ook hierdie verkiesing tot leierskap (Belcher, 1986) maar die feit is dat Adam Kok III reeds op 30 Desember 1875 gesterwe het - dus amper twintig jaar vroeër. Daarna is Muis Kok [8] aangewys as die leier (A. A. S. le Fleur, 1970) maar hy sterwe tydens die Griekwa Rebellie van 1879. Daar was dus 'n tydperk van ongeveer vyftien jaar wat die Griekwavolk geen leier gehad het nie. In hierdie tyd was daar vele struwelinge oor die leierskap. Eerwaarde Dower wat sedert 1876 predikant in Kokstad was, skrywe dat drie dae na Adam Kok III se dood - dus op 3 Januarie 1876, Cornelius van der Westhuizen verkies is as leier (Dower, 1978: 59). Die Kaapse regering het egter nie sy verkiesing aanvaar nie en verklaar dat Griekwaland-Oos in die toekoms as deel van die Kaapkolonie geadministreer word (Dower, 1978: 154).

Volgens le Fleur se eie getuienis, soos aangehaal in die Kokstad Advertiser van 4 Maart 1894 (Besten, 2006: 73), was daar verskeie persone wat beweer het hulle is die verkose leier van die Griekwas, o a Ludovick Kok, Gert Rex Kok, Cornelius de Bruin en mev Sophia de Vries. Volgens die Kaapse regeringsdokumente gedateer 18 Julie 1898 was Cornelius de Bruin die aangewese "hoofman" van die Griekwas wat wettig op 'n openbare vergadering van Griekwas verkies is (Besten, 2006: 73).

Wat wel vas staan is dat le Fleur op 24 Februarie 1894 bedank het uit die vennootskap van "le Fleur Brothers" in Matatiele en daarna voltyds begin werk het vir die Griekwa saak (Besten, 2006: 60). Volgens bewerings in die pamflet "Servant of God" wat deur die Griekwa gemeenskap uitgegee word, het le Fleur Kaapstad tussen September en Desember 1894 besoek in 'n poging om die eise van beswaarde Griekwas onder die aandag van die Kaapse Regering te bring (Servant of God. 2003: 6). Teen April 1895 het le Fleur reeds 349 verklarings van Griekwas afgeneem wat hy aan magistraat Walter Stanford (1850 - 1933) voorgelê het in 'n poging om die vervreemde Griekwa gronde terug te kry (Dower, 1978: 166). Hy het verskeie hofsake namens Griekwas aanhangig gemaak teen blanke boere. Daar het niks van die sake gekom nie. Beinart & Bundy (1987: 57) som die optredes van le Fleur baie mooi op *"There is no doubt that le Fleur himself put forward claims to authority and developed visions of leadership. He achieved some legitimacy not only through his vigorous pursued of land claims but also through his marriage into the Kok family."*

[8] Die presiese geboorte-en sterwe datums van Muis Kok is onbekend.

Op 17 Desember 1896 stel magistraat Stanford voor dat die Griekwas verhuis na Matebeleland in Rhodesië. le Fleur was ten gunste daarvan maar hy kon egter nie die Griekwas oorhaal nie. Op 'n vergadering van die Griekwa Komitee op 26 Desember 1896 is die voorstel afgekeur (Besten, 2003: 76). In November 1897 het hy 'n brief aan Goewerneur Alfred Milner (1852 - 1925) geskrywe waarin hy die eise herhaal het en die Kaapse regering gewaarsku het van opstande en gewapende optredes as die regering nie gehoor gee aan die Griekwa-eise nie (Beinart & Bundy, 1987: 66). le Fleur vergader 'n groep militante Griekwas, veral jeugdiges om hom en gaan op 28 November 1897 oor tot gewapende opstand (A. A. S. le Fleur, 1970). Die Kaapse regering het die Cape Mounted Rifles opdrag gegee om die opstand te onderdruk en het 'n losprys van £500 op le Fleur se kop geplaas (Servant of God. 2003: 6).

Die groep rebelle onder aanvoering van le Fleur kon by die slag van Driekop nie weerstand bied teen die Cape Mounted Rifles nie. Teen die begin van Februarie 1898 was die meerderheid van die rebelle of gevange geneem of het vrywillig oorgegee (Besten, 2003: 90). le Fleur probeer nog sy teenstanders oorrompel deur te beweer dat God hom 'n assegaai gegee het met die belofte dat die rebelle die oorwinning sal behaal. le Fleur was nou voortvlugtende wat dikwels van skuilplekke moes verwissel (Besten, 2003: 90). Op 11 Februarie 1898 soek le Fleur skuiling by hoofman Sicgau van die Amapondo in die Lusikisiki omgewing maar Sicgau laat arresteer hom en oorhandig hom aan die Cape Mounted Rifles wat hom na die tronk in Kokstad neem.

Met die daaropvolgende hofsake teen die 63 Griekwas en ander "*naturelle*" wat plaasvind vanaf 27 April tot 29 April (Besten, 2003: 91) verander le Fleur meteens sy deuntjie. Hy beweer nou dat die Griekwas baie opstandig was en wou oorgaan tot gewapende geweld maar dat hy wat le Fleur was alles in sy vermoë gedoen het om die vrede te bewaar (Beinert & Bundy, 1987: 62). Hy erken dat hy verkeerd opgetree het en dat die grondeise-sake van die Griekwas dit nie regverdig het om oor te gaan tot gewapende opstand nie. *"Maar"* voeg hy by "*Die Here het dit toegelaat en die Here het nou 'n einde gemaak aan die opstand*" (Besten, 2003: 91). Regter Jones kon egter geen versagtende omstandighede in sy verweer vind nie en hy word tot 14 jaar gevangenisstraf gevonnis. Op 6 Mei 1898 kom hy in Breekwater-tronk op die Kaapse Waterfront aan (Besten, 2003: 91).

Op hierdie punt is die vraag egter waar kom die wrewel van die Griekwas vandaan en waarom al die grondeise wat die deur geopen het vir le Fleur om die leierskap van die Griekwamense op homself te neem? Die antwoord lê in die optredes van Harry Smith (1787 - 1860) wat vanaf 1847 tot 1852 goewerneur aan die Kaap was. Toe die eerste blanke boere die Trans-Oranje vroeg in die 1820's betree het, vind hulle reeds verspreide Griekwas wat woonagtig was in die

hele gebied (History of Griqua Nation, 2016). Die Griekwas was maar te gretig om stukke onbewoonde gebied aan die boere te verhuur vir tot 40-jaar periodes - soms vir ‘n perd of fles brandewyn (History of Griqua Nation, 2016) maar hulle kon nie die grond verkoop nie volgens ‘n wet wat Adam Kok I in 1838 uitgevaardig het (Besten, 2006: 33).

Omdat niemand ordentlike boekhouding van hierdie verhurings-ooreenkomste gehou het nie, was daar ‘n onophoudelike stroom van klagtes wat baie dikwels aan die deur van die Kaapse regering gehang is (History of Griqua Nation, 2016). Dit, tesame met voortdurende gevegte met die Basoeto ’s het Harry Smith daartoe gebring om op 3 Februarie 1848 die gebied te annekseer. Hieroor was die blanke boere nie gelukkig nie en onder leiding van Andries Pretorius (1798 - 1854) kom hulle in opstand. Met die slag van Boomplaats op 29 Augustus 1848 sluit die Griekwas hulle aan by die magte van Harry Smith en hulle behaal die oorwinning (Harry Smith, 2004) Op 31 Maart 1852 vervang George Cathcart (1794 - 1854) egter vir Harry Smith as goewerneur en begin hy onderhandelings met die boere van die Trans-Oranje om hulle onafhanklikheid terug te kry. Op 23 Februarie 1854 bekom die blanke boere hulle onafhanklikheid en stig die Republiek van die Oranje-Vrystaat wat die hele gebied van die Griekwas ook ingesluit het. le Fleur skryf baie jare later oor hierdie gebeurtenis so: “*With one stroke of the pen the freedom of the Griquas was taken away....here the mightiest power committed the darkest crime in the African history”* (Besten, 2003: 36).

Adam Kok III het besef dat dit vir hom en sy mense onmoontlik sou wees om te veg teen die blanke boere en te oorwin (Besten, 2003: 36). Gevolglik begin soek hulle vir ‘n ander heenkome. Goewerneur George Grey (1812 - 1898) het in Augustus 1858 Philippolis besoek waar Adam gesetel was en stel voor dat die Griekwas hulle gronde verkoop aan die regering van die Oranje-Vrystaat en dat hulle trek na “Niemandsland” in die omgewing van die latere Kokstad (Besten, 2003: 36). Nadat Kok die gunstige verslag van ‘n Griekwa-kommissie ontvang het besluit hulle om te trek en onderteken hy en George Grey op 1 Augustus 1860 ‘n ooreenkoms.

Die ooreenkoms het o. a. die volgende bepaal. (Saamgestel uit Besten, 2003: 37 & Cloete, 1999: 66 & Dower, 1978: 64).

- Dat Adam Kok III erken word as Kaptein van Griekwas.
- Dat Adam Kok III moes optree as vrederegter volgens die wette van die Griekwas.
- Dat hy ‘n vergoeding van £200 per jaar sou ontvang
- Dat alle grondeienaars nuwe plase in “Niemandsland” sou ontvang van 1, 200 ha elk.
- Dat hulle niks vir die plase hoef te betaal nie maar alleen die opmetingskoste moes dek.

- Dat na veertig jaar die Kaapse Regering hulle vergoed vir die verbeterings wat hulle op hulle plase in die Trans-Oranje aangebring het met die bedrag van £6, 000. Dit sou gelykop onder die plaaseienaars verdeel word.
- Dat die plase as onvervreemdbare eiendom erken sal word en dat geen Griekwa sy plaas aan witmense mag verkoop of verhuur nie.
- Dat die Griekwas as Britse burgers erken sou word en dat die Kaapse regering 'n magistraat sou stuur om Adam Kok III te help met sy taak.

Nadat Adam Kok III die geboue en vaste bates in en rondom Philippolis aan die Oranje-Vrystaatse regering verkoop het vir die bedrag van £4, 000, het die Griekwas gereed gemaak om te vertrek (Cloete, 1986: 61). Die besluit om te vertrek is egter nie deur almal aanvaar nie. Sommige het agter gebly en andere het weswaarts getrek waar hulle teen 1865 deel van Jan Jonker Afrikaander se mense was (Cloete, 1986: 61). Aan die begin van 1862 begin die trek vanuit die Trans-Oranje oor die berge van Basoetoland om die "Niemandsland" by Ongeluksnek naby Matatiele binne te trek. Ongeveer 2, 000 mense en 30, 000 stuks vee het dit meegemaak (Besten, 2003: 37). Daar word beweer dat die meeste van die vee gevrek het met die trek (History of Griqua Nation, 2016) en so kom 'n ontwortelde en verarmde volkie aan in die Kokstad omgewing. Selfs die soms hardvogtige eerwaarde Dower moes erken (1978: 105) *"Our whole dealing with these people from the first to the last had been one series of blunders. First, we make them a sovereign people and then make them confederates and allies and enter into treaty obligations with them. Then by establishment of the Queen's Sovereignty north of the Orange River in 1848, we as good as making them British subject. Six years later by the abandonment of the Sovereignty and with the declaration: 'we have no interest north of the Orange River' we unmake their British citizenship.....Then we find for them a new location on British Territory. They are again to be British subjects under British Magistrates. No magistrate appears and they have to rule themselves. We undertake to rule them for a time under their own law and trample their law under foot and introduce no other."*

Die Griekwas was nie heeltemal onskuldig in die daaropvolgende gebeure nie. Teen 1863 was almal min of meer gevestig in die nuwe Griekwaland-Oos en is daar 'n begin gemaak aan die opmeting en uitdeling van plase. Ongelukkig het die oorgrote meerderheid terugverlang na Trans-Gariep want dit was te koud en nat na hulle sin en daar was te min bossies en te veel gras. Verder was daar "*parmantige kaffers*" wat in klein groepies daar gelewe het (Cloete, 1986: 65). Na 'n paar jaar was daar reeds 600 plase opgemeet maar sommige van die Griekwas kon nie die 10-sjielings opmetingskoste betaal nie en dus is die plase nooit in hulle name registreer nie alhoewel hulle reeds daarop woonagtig was (Dower, 1978: 10). Omdat

baie van hulle geen geld gehad het of lenings kon kry nie, kon hulle nie die plase ontwikkel nie (Beinart & Bundy, 1987: 48) en het hulle dieper en dieper in die skuld geval.

Eerwaarde Dower skrywe dat binne maande nadat hy in Kokstad aangekom het, hy die helfte van Kokstad se erwe sou kon opkoop vir baie min geld (1978: 35). Adam Kok III het besef dat die verskuiwing besig was om te misluk en het reeds in 1867 'n ooreenkoms met 'n sekere kolonel Bisset aangegaan waarvolgens die Natalse Regering die gebied sou oorneem (History of Griqua Nation, 2016). Adam Kok III het sy bes probeer om effektiewe boerdery aan die gang te kry en het later selfs blanke boere gesmeek om plase te kom opneem onder dieselfde voorwaardes as dié van die Griekwas (Halford, 1949: 147). 'n Klompie Engelssprekende handelaars en vakmanne het hulle ook kom vestig tussen die Griekwas o. a. persone met die vanne Hall, Brisley, Bowden, Saunders, Scot, Cole en Strachan (Dower, 1978: 31). Donald Strachan is selfs aangestel as magistraat vir die Umzimkulu distrik.

Met die mislukking van die trek meer en meer duidelik vir almal, het die Kaapse Regering uiteindelik op 16 de Oktober 1874 Griekwaland-Oos se bestuur oorgeneem met die voorwaarde dat Adam Kok III moes aanbly in 'n raadgewende hoedanigheid (Dower, 1978: 53). Die bestuur is oorgeneem deur magistraat J. M. Orpen (1828 - 1923) wat begin het met opnames van die probleme in Griekwaland-Oos. Behalwe vir behoefte bepalings en sensus opnames van mense is daar ook opnames gemaak van ryperde, waens, vee en selfs vrugtebome (Cloete, 1986: 69). Die Griekwas was erg suspisieus hieroor en baie mense het eenvoudig hulle erwe of plase vir 'n appel en 'n ei verkoop omdat daar vermoed was dat daar belasting om die bates gehef sou word (Dower, 1978: 66).

Binne drie jaar na die anneksasie het die plase se waarde vier keer vermeerder maar was meer as die helfte van Griekwa gronde reeds vervreem (Dower, 1978: 53). James Dole en Donald Strachan het elk tussen twintig en dertig plase besit wat hulle goedkoop kon bekom weens die onbetaalde skulde van Griekwas (Beinart & Bundy, 1987: 49).

Weens die groot ongelukkigheid oor die eienaarskap van plase en erwe en die algemene armoedige situasie van die Griekwas het die Kaapse Regering vir eerwaarde Dower aangestel om te bepaal wat die oorsake was en wat gedoen kon word. Hy het geen bevoegdheid gehad om namens die Kaapse regering besluite te maak rondom die veertigjarige kompensasie gelde nie. Hy het bevind dat die Griekwas geen regmatige eise gehad het op die plase in Griekwaland-Oos wat hulle verkoop of "verloor" het nie. Hy het die Kaapse regering probeer oortuig om die veertigjarige kompensasie gelde uit te betaal maar die regering het geweier (Dower, 1978: 121). Dit het tot baie groot ongelukkigheid by die Griekwas gelei en baie van hulle het hul rug op eerwaarde Dover en sy kerk gedraai (Halford, 1949: 185).

So vind le Fleur die Griekwas as "'n Volkie sonder hoop en dood, sonder God. 'n Wandelende volkie waarvoor die lewe nutteloos voorkom..... hulle het hulle godsdiens verlaat en dranksugtig geword en uitheemse gewoontes aangekleef" (Anonieme aanhaling in Cloete, 1986: 71)

Die oorsaak van die Griekwa-rebellie van 1897 - 1898 gaan dus terug tot die 1850 's en daar is eenvoudig te veel onsekerhede om presies te bepaal wie almal skuldig was al dan nie, maar die algemene ongelukkigheid het die deur geopen vir le Fleur se leierskap.

le Fleur bevind homself in die Breekwater-gevangenis aan die Kaapse waterfront tesame met sy mede-rebelle op 6 Mei 1898. Sommer uit die staanspoor het le Fleur die bewaarders en veral superintendent Foster beïndruk met sy leiers-eienskappe en vaardigheid as tolk (Besten, 2006: 95). Hy het in die skoenmakers-afdeling begin werk maar moes kort daarna die superintendent help om misverstande, klagtes en probleme met mense wat nie Engels kon praat nie, te hanteer (Besten, 2006: 96). le Fleur het ook onmiddellik na sy aankoms in Breekwater skrywes begin rig aan die Kaapse Regering om begenadiging. Die gevolg hiervan was dat verskeie vooraanstaande Kapenaars le Fleur in die tronk besoek het, o. a. W. Nicker, L. Metcalfe en selfs die bekende skrywer/joernalis Francis Peregrino (1851 - 1919) wat deur sommige geskiedskrywers beskou word as die voorloper van die African National Congress (Killingray & Plaut, 2016: Voorwoord).

Teen Augustus 1901 het superintendent Foster 'n skrywe aan die Kaapse regering gerig waarin hy vra dat le Fleur vrygelaat moes word weens sy uitstekende gedrag in die tronk (Besten, 2006: 95). 'n Tydperk gaan egter verby en op 1 Maart 1903 kry hy besoek van sy pa Abraham le Fleur wat op pad was na Engeland om die nood van die Griekwas aan die Britse Koloniale Sekretaris, Joseph Chamberlain (1836 - 1914) bekend te maak (Besten, 2006: 95).

Volgens gerugte het le Fleur een nag in 1903 'n gesig gesien waar drie engele aan hom verskyn het en wat verklaar het hulle is dieselfde engele wat aan Abraham by berg Moria verskyn het (Genesis 22:11). Hulle het aan hom bekend gemaak dat hy die Griekwavolk sou uitlei en dat hy om presies 15h00 van 3 April 1903 vrygelaat sou word. Die gesig is volgens onbevestigde gerugte tot op die minuut vervul en die wagte by die tronk se hekke het hom selfs gesalueer toe hy uitstap (A. A. S. le Fleur, 1970). Nog 'n legende is dat hy daarna die

pos aangebied is van Goewerneur-generaal van Rhodesië wat hy afgewys het (Servant of God, 2003: 9). [9]

As deel van sy parool voorwaardes mag hy nie terugkeer na Griekwaland-Oos nie en dus vestig hy hom in die agterbuurtes van Goodwood. Nadat sy vrou verhuis het na die Kaap kon hulle trek na die Wynberg distrik waar le Fleur nou bekend word as 'n leke-prediker en dienste hou in plekke soos Parow, Retreat en Distrik 6 (Besten, 2006: 100). Jare gaan verby waar le Fleur 'n lae profiel handhaaf en hom besig hou as wamaker, skrynwerker en as smit. In 1910 bekom hy 'n sertifikaat om mynwerkers te werf vir die myne aan die Rand en begin hy 'n werwings-agentskap (Besten, 2006: 100).

## 2.3 Die groot hervestiging-pogings

Gedeeltes 1 en 2 hierbo word gekenmerk deur onbevestigde uitsprake en weersprekings. Dit wat nou volg kan getipeer word as onvervulde visies weens swak beplanning en ekonomiese wanbestuur.

Die populistiese dokument saamgestel deur die Griekwa-gemeenskap (Servant of God, 2003) begin deur 'n lysie te plaas van die vernaamste gebeure in le Fleur se lewe. In hierdie lys is daar 4 hervestiging pogings sonder enige verdere verwysings. Net so beweer die dokument dat na sy vrylating in 1903 le Fleur met die Kaapse regering onderhandel het en sodoende grond vir die Griekwa- en bruinmense gekry het in die gebiede van Retreat, Kraaifontein en die Kaapse Vlakte. In die dokument word ook beweer dat hy persoonlik grond gekoop het in 'n gebied genaamd **"**Eureka Estate**"** waar hy behoewendes hervestig het. Dit kan nie bewys word uit enige dokumente nie. Wat wel bevestig kan word is dat hy skrywes gerig het aan die regering aan die Kaap om verskillende stukke gronde te bekom maar dat al die versoeke afgekeur is (Besten, 2006: 100). In 'n poging om enigsins sin te maak uit al die weersprekende gegewens, gaan ek die vernaamste hervestiging-pogings kronologies bespreek en die belangrikste hervestiging-plase in swart kursief skrywe.

- **Tot 1910 - *Diep Rivier***

le Fleur hou hom in die tydperk tot Uniewording besig met sy groeiende huisgesin en bewerk ook die plaas "Diep Rivier" in die Retreat omgewing waar hy suksesvol met groente geboer het. In hierdie tyd reis hy redelik wyd rond as leke-prediker (Besten, 2006: 100) en is rondom

[9] Daar was geen pos soos Goewerneur-generaal in Rhodesië nie. Dit is eers in 1923 ingestel (Colony of Southern Rhodesia, 1980).

die stigting van die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910, besig met ‘n reeks dienste in die “Good Shepherd” kerk in Pretoria. Hier verklaar hy dat die tyd gekom het vir bruinmense om hulself te verenig en om hulle eie kolonie binne Suid-Afrika te bekom. Hy vat ook die gemengde rasse van Suid-Afrika saam onder ‘n nuwe naamwoord en noem hulle “*Euro-Africans*”.

- **1910 - *Wolwedraai***

Op 3 Maart 1910 teken le Fleur die koopkontrak om die plaas “Wolwedraai” in die distrik van Touwsrivier te koop. Die plaas sou registreer word in ‘n maatskappy met die naam van “Touws River Land Settlement Company” wat nog opgerig moes word (Besten, 2006: 103). Hulle kon nie die koopsom betaal nie en moes volgens ‘n hofbevel in Augustus 1914 die plaas verlaat (Besten, 2006: 107). le Fleur rig in Mei 1915 ‘n brief aan die Goewerneur-generaal aan die Kaap, Sydney Buxton (1853 - 1934) waarin hy verklaar dat hulle van die plaas in Touwsrivier moes vlug weens die bedreiging van Boere Rebelle.

- **1912 - *Ouplaas***

Gedurende 1912 nooi ‘n sekere Stoffel Moses vir le Fleur om ook betrokke te raak op ‘n plaas genaamd “Ouplaas” in dieselfde distrik, maar om een of ander “tegniese rede” het ook daardie projek misluk (Cloete, 1986: 76)

- **Ck 1912 - *Breuwelsfontein***

Intussen het le Fleur die plaas “Breuwelsfontein” in die distrik van Ceres gekoop maar na drie maande moes hy en sy gevolg ook daar wegtrek omdat hy nie die £4, 000 paaiement kon betaal nie (Besten, 2006: 107).

Cloete (1986: 76) beweer dat terwyl le Fleur nog in die distrik van Touwsrivier (dus 1910 - 1912) was, hy ‘n visioen sou gehad het waarin Adam Kok III aan hom verskyn het en hom beveel het om die Griekwas in Griekwaland-Oos te gaan haal en hulle te kom hervestig op die plase in Touwsrivier. Dit blyk nie die waarheid te wees nie. (*Sien volgende paragraaf)*

- **1916 - *Driekop***

le Fleur het in 1916 die plaas “Driekop” in die Mount Currie distrik van Griekwaland-Oos gehuur en daar begin boer (Besten, 2006: 107). Hy het ook dadelik weer waens begin maak en selfs ‘n skool vir Griekwa kinders begin. Op ‘n onbekende datum na 1916 het ‘n afvaardiging Griekwas onder leiding van Jacobus Olivier hom daar op sy plaas besoek en hom versoek om die Griekwamense van Griekwaland-Oos te help sodat hulle kan wegtrek.

Hulle het toe saam die plan beraam om na Touwsrivier te trek (Besten, 2006: 108). Op 21 September 1921 het le Fleur ter verdediging teen sy aanklag van opstokery dit onder eed verklaar.

- **1917 - *Smousbosch & Driekoppen***

Gedurende 1917 het le Fleur die plase "Smousbosch" in die Worcester distrik en "Driekoppen" in Touwsrivier distrik gekoop en in Oktober 1917 het 500 - 600 Griekwamense in Maclear op die trein geklim vir die reis na Touwsrivier (Cloete, 1986: 76). Voor die vertrek het le Fleur die Sondagaand in 'n kerkdiens opgestaan en verklaar dat hy soos Moses is en dat hy gekom het om sy volk uit te lei na 'n land van vryheid en oorvloed (Besten, 2006: 111). Kort na die aankoms te Worcester het le Fleur met groot omhaal aan prokureur Gilbert Dold van Kokstad geskrywe dat hulle ryk neerslae goud, tin, diamante en selfs olie op Smousbosch ontdek het en dat die Griekwas binnekort skatryk sou wees (Besten, 2006: 115).

- **1918 - *Welcome Estate***

Hierdie projek was ook nie geslaagd nie en le Fleur het 'n plaas "Welcome Estate" in die distrik van Mowbray gekoop in Junie 1918 waarheen sommige van die mense vanaf Griekwaland-Oos verhuis het. Hierdie plaas kon hy ook nie betaal nie en die mense is haweloos gelaat (Cloete, 1986: 77).

In Maart 1919 skrywe le Fleur weer aan Gilbert Dold van Kokstad en beweer nou dat hulle die hervestiging-projekte in Worcester en Touwsrivier moes staak weens die bedreiging van nasionalistiese boere. Volgens hom het die Boere sy Griekwamense oortuig om saam met hulle te rebelleer teen die regering en gevolglik het hy wat le Fleur is die projekte gestaak en die mense na die Kaapse Vlakte geskuif (Besten, 2006: 115).

Die een "goeie" gevolg van die mislukte hervestiging-pogings was dat le Fleur die eretitel "Hoofman van die Griekwas" verkry het in 'n artikel in die Worcester Standard (Besten, 2006: 113). Sedertdien was dit amper algemeen gebruik.

- **Ck 1922 - *Beeswater, Luiperdskop & Steilhoogte***

Die opstellers van Servant of God (2003: 9) beweer dat tydens le Fleur se vertrek na Griekwaland-Oos (dus in 1916) hy 'n sekere Dirk Sehas na Namakwaland gestuur het om die treurige toestand van die mense van Leliefontein en Komaggas te gaan ondersoek. Volgens hulle het hy toe na die Eerste Wêreld Oorlog voorgestel dat hulle verhuis na die Vredendal-omgewing. Volgens polisieverslae het Dirk Sehas Namakwaland eers aan die einde van 1921

besoek en het le Fleur en een van sy seuns in Mei 1922 reekse dienste gehou in Leliefontein, Steinkopf, Pella en Okiep (Besten, 2006: 129). Hy het toe drie plase in die distrik van Vanrhynsdorp gekoop nl. die plase "Beeswater" en "Luiperdskop" naby Vredendal (Cloete, 1986: 79) en "Steilhoogte" naby Klawer (Besten, 2006: 133).

- **Ck 1923 - *Dreyersvlei & De Put***

Die hervestiging van die Namakwalanders was teen September 1922 in volle swang met meer as 600 mense wat reeds op Steilhoogte gewoon het. Die hele projek was weereens 'n fiasko want daar was geen inkomste vir die mense nie en reeds teen die einde van die jaar het hulle die plase begin verlaat. le Fleur koop toe die plaas "Dreyersvlei" in die distrik van Wellington en ook "De Put" aan die voet van die Gifberge in Vanrhynsdorp distrik en sommige van die Namakwalanders verhuis na hierdie plase (Besten, 2006: 134). Ongelukkig vir die arme mense van Namakwaland kon hulle nie die plaas in Wellington betree nie omdat le Fleur nie die eerste betaling kon maak nie.

Genl. Hertzog was destyds ook belas as die minister van Naturelle Sake en het 'n ondersoek gelas na die fiasko met die hervestiging van die Namakwalanders maar le Fleur en sy leierskorps het die totale skuld voor die deur van die mense uit Namakwaland geplaas. Volgens le Fleur sou hulle net enkele gesinne op 'n geordende wyse help om te hervestig. Hy beweer verder dat hulle net vyftig gesinne uit Klawer sou hervestig op Steilhoogte maar dat die Namakwalanders eenvoudig in massas die plase onordelik beset het (Besten, 2006: 136). Hierdie verontskuldiging is afgemaak as 'n leuen deur die bevinding van J F Herbst wat op 22 September 1924 bevind het dat le Fleur persoonlik verantwoordelik gehou moet word vir die opswepery en gevolglike chaotiese trekke uit Namakwaland (Besten, 2006: 137).

- **1926 - *Elandsdrift***

In 1925 skrywe le Fleur aan die administrateur van die Oranje-Vrystaat oor die moontlikheid om gronde daar te bekom vir die verarmde mense van die distrik Vanrhynsdorp (Besten, 2006: 137). Terselfdertyd probeer hy ook van die regering grond bekom in die distrikte van Barkly-Wes, Prince Albert en Touwsrivier maar alles sonder sukses (Besten, 2006: 137). In 1926 sit hy sy pogings voort deur plase te probeer koop in die distrikte van Beaufort-Wes, Bedford, Douglas, Molteno, Somerset-Oos en Victoria-Wes, alles sonder sukses (Besten, 2006: 142). In die Somerset-Oos distrik het hy meer as dubbeld die waarde van die plaas "Elandsdrift" aangebied en ingewillig om £20, 000 daarvoor te betaal. Voor die gelde egter betaal was het daar teen Oktober 1926 reeds 300 persone die plase beset en moes hulle na hofbevele die plaas verlaat (Besten, 2006: 145).

- **1927 - *Kranshoek***

Iewers teen die einde van 1926 het le Fleur sy fokus op die areas rondom Plettenbergbaai en Knysna gerig. Hy het intussen die “Griqua Land Settlement Limited” maatskappy gestig en in die tydperk 1926 - 1927 probeer om nie minder nie as sewe plase te koop. Een van hulle was die plaas “Kranshoek” wat die enigste plaas was wat hulle suksesvol kon huur (Besten, 2006: 145). Teen 1927 was daar verskeie trekke onderweg na “Kranshoek” o.a. vanuit die distrikte van Campbell, Genadendal, Graaf Reinet, Kaapstad, Maclear, Mosselbaai, Petrusburg, Philippolis, Port Elizabeth, Trompsburg en Vanrhynsdorp (Cloete, 1986: 80).

Die “Griqua Land Settlement Ltd.” het die huur vir Kranshoek kon betaal tot in 1957 toe die regering van Suid-Afrika die plaas gekoop en aan die Griekwas geskenk het (Besten, 2006: 150).

Cloete (1986: 80) som hierdie haglike tyd miskien die beste op: “Hulle was uitgeput en onseker maar is versterk deur die daaglikse gebed-sessies... en hul leier se entoesiasme.”

## 2.4 Die stigting van die Griekwa Independente Kerk

Die naam “Griekwa” het sy ontstaan gehad op die 6 de Augustus 1813 toe eerwaarde John Campbell die sendingstasie “Klaarwater” besoek het. Die mense daar het hulleself “Basters” genoem en eerwaarde Campbell het die naam aanstootlik gevind. By nadere ondersoek het hy verneem dat hulle oorspronklik die naam Gri-Guriqa [10] gedra het (Besten, 2006: 28). Hy het toe die woord vereenvoudig tot “Griekwa” en ook terselfdertyd die naam van die sendingstasie verander na “Griekwastad”. Die Christelike godsdiens was ‘n integrale deel van hulle kultuur en menswees (Cloete, 1986: 36). Eerwaarde Dower (1978: 54) het daarop gewys dat daar vele ooreenkomste tussen die Afrikaners en die Griekwas is, waarvan hulle “kerklikheid” [11] maar een was. So bevind Cloete (1986: 36) ook dat die kerk en Christenskap onlosmaaklik deel is van hul kultuur en haal aan uit die Mentz-komitee wat in 1983 ‘n verslag aan die Presidentsraad voorgelê het.

---

[10] Die spellings verskil want dit is ‘n fonetiese afleiding van die Khoe-San woord “≠Khxari”. Sommige spel dit “Gurirgiqua”.

[11] “Kerklikheid” is ’n woord wat dikwels deur die Griekwas gebruik word. Dit kom nie voor in die H.A.T. (1991 uitgawe) nie maar kan miskien met “christelikheid” ooreenkom. Die groot klem is op die rol van die kerk en nie op die rol van Christus nie. Ek gaan die woord gebruik omdat dit vir my die menswees en Christenskap van die Griekwas en beslis Andries le Fleur siening so goed beskrywe.

Daar was beroemde sendelinge wat onder die Griekwas gewerk het onder andere eerws. David Livingstone (1813 - 1873) en Gotlob Schreiner (1814 - 1876) die vader van die bekende Olive Schreiner (1855 - 1920). Gotlob Schreiner was die sendeling in Herschel waar le Fleur die eerste lewenslig gesien het (Cloete, 1986: 65). Dit is dan ook geen verrassing dat op 19 Mei 1870 vestig eerwaarde William Dower hom in Kokstad om die Griekwas te bedien. Destyds was daar behalwe hy en sy gesin net 4 ander witmense op Kokstad (Dower, 1978: 31). Dit was maar ‘n skamele 7 jaar nadat die Griekwas hulle daar gevestig het. Teen 1878 was daar ‘n pragtige kerk gebou in die middel van Kokstad met ongeveer 200 eenvoudige modderhuisies rondom die kerk (Cloete, 1986: 67). Eerwaarde Dower gee die gemeente die naam van “Griekwa Nasionale Independente Kerk” onder die beheer van die Londense Sending Organisasie. In die algemene omgang staan hulle bekend as die biddende Griekwas (Cloete. 1986: 92).

Die eerste groot skeuring tussen die Griekwas en die kerk het in 1874 begin toe eerwaarde Dower sy tevredenheid oor die anneksasie (16 Oktober 1874) van Griekwaland-Oos uitgespreek het (Besten, 2006: 43). Hierdie situasie is vererger met die koms van Abraham le Fleur as sekretaris van Margarete Kok - die weduwee van Adam Kok III in 1885 (Dower, 1978: 119). Die voortdurende gekla oor grondeise en menigte onsuksesvolle hofsake het aanleiding daartoe gegee dat die Kaapse regering eerwaarde Dower opdrag gegee het om die situasie grondig te ondersoek en ‘n verslag ter tafel te lê (Halford 1949: 185). Toe Dover bevind dat die Griekwas geen regmatige eise het op grond wat hulle wettig verkwansel of verkoop het nie, was die vet in die vuur en moes eerwaarde Dower die diens van die Griekwa-gemeente verlaat en die witmense in Kokstad bedien [12] (Dower, 1978: 121).

Abraham en sy seun Andries het baie verontwaardig gevoel oor die verlies van hulle grond en het die Britse owerheid geblameer vir die hele petalje beginnende met die slinkse optredes in die Trans-Oranje. Hulle het egter steeds die kerk gesien as die middel waardeur hulle die Griekwas kon ophef en bevry (Cloete, 1986: 72).

Na die vrylating van Andries le Fleur uit Breekwater-gevangenis in April 1903 (Servant of God, 2003: 9) het hy hom in die Kaapse Skiereiland ook besig gehou as leke-prediker. ‘n Polisie-verslag oor sy doen en late bevind op 8 September 1905 dat hy hou by sy parool voorwaardes en dat hy poog om ‘n nuwe onafhanklike kerk vir bruinmense te vorm gebaseer op die voorbeeld van die “African Methodist Episcopal Church” (Besten, 2006: 100). Die oorsprong

---

[12] Ongelukkig verskaf eerw. Dower geen presiese datums nie en ek kon ook by geen ander bron die datum opspoor nie.

van hierdie genootskap is Afrosentries en die doelstellings plaas groot klem op sosio-ekonomiese opheffing en politieke regte (African Methodist Episcopal Church, s.a.). Dit is totaal in lyn met le Fleur se standpunte en optredes. Die populistiese skrywes beweer dat die sendelinge die Griekwas se nasietrots afgebreek het en dit was die rede waarom le Fleur met die "sendingkerk" gebreek het (A. A. S. le Fleur, 1970 & Servant of God, 2003: 10).

Tydens die groot konferensie wat le Fleur saamgeroep het te Maitland op die 2 - 6 April 1920, stig hy die "Griekwa Independente Kerk van Suid-Afrika" (Cloete, 1986: 92) wat as plaasvervanger moes dien vir die "Griekwa Nasionale Independente Kerk" wat eerwaarde Dover voorheen gestig het. Die pamflet Servant of God (2003: 10) beweer dat dit die eerste inheemse kerk is wat in Suid-Afrika gestig is. Dit is natuurlik verkeerd want reeds in 1900 is die "Ethiopian Church" gevorm deur eerwaarde J. M. Dwane terwyl daar al in 1898 die "African Presbyterian Church" gestig is wat 'n afsplitsing was van die United Free Church of Scotland (Gerdener, 1958: 189). le Fleur is verkies tot die eerste president van die kerk (Besten, 2006: 159) wat in die algemene omgangstaal die naam gekry het van die "singende Griekwas" (Cloete, 1986: 92) in teenstelling met die "biddende Griekwas" van eerwaarde Dover in Kokstad.

Tydens een van sy toesprake met die stigting van die kerk het le Fleur 'n persoonlik boodskap aan die koning van Groot Brittanje, George IV (1865 - 1936) gerig waarin hy gevra het vir sy koninklike respek, aanvaarding en ondersteuning vir die pogings van die Griekwas om hul volk weer op te bou (Besten, 2006: 157).

Belcher (1987: 2) sê dat le Fleur geglo het dat sy mense die verlore stamme van Israel was. Die Cape Slavery Blog skrywe dat: "It was a revival of the earliest motive forces of the Griqua.... the assertion of dignity, freedom and enterprising spirit. Andrew scorned and rejected the missionaries for their betrayal and their doctrines. He preached the gospel of liberation." (A. A. S. le Fleur, 1970)

Miskien som Cloete die kerk van le Fleur die beste op: (1986: 232) "Sonder die vaste hand van 'n **opgeleide** [13] predikant het die godsdiensoefeninge ongebalanseerd en dilettanties [14] geword soveel so dat dit oorgeslaan het in dwepery."

---

[13] My eie invoeging en beklemtoning om die konteks van die aanhaling beter te verduidelik.

[14] "Dilettanties" is 'n Italiaanse leenwoord wat beteken iemand wat hom voordoen as 'n kenner op 'n gebied maar eintlik baie oppervlakkig of kinderlik is (Mirriam-Webster Online Dictionary).

Met die dood van le Fleur een-en-twintig jaar later, het sy kerk reeds 43 gemeentes gehad met ongeveer 10, 000 lidmate. Hulle kerklikheid en kultuur-vastigheid was hul kenmerke en die vestiging, voortbestaan en sosio-ekonomiese vooruitgang van die gemeentelede die strewe (Besten, 2006: 170). Die kerk het hom beywer vir die uitbouing van die Griekwa-saak en die samevoeging van alle bruinmense onder ‘n gemeenskaplike doel en die vereniging van verskeurde faksies (Cloete, 1986: 38). Hierin is daar merkwaardige ooreenkomstes met die Afrikaanssprekende witmense en die Afrikaanse kerke van destyds (Besten, 2006: 164 & Cloete, 1986: 37).

## 2.5 Die “Roepers” verenigings en betrokkenheid met die oplewing van die bruinmense

Waar die hervestiging- en opheffings pogings van le Fleur amper altyd in chaos en mislukking geëindig het, was sy “geestelike” werk meer voorspoedig. le Fleur verklaar in 1938 dat die Griekwas hulle “Griekwaskap” in Maitland se stadsaal tydens die Paaskonferensie van 1920 gevind het (Besten, 2006: 159). Een van die suksesvolle pogings was die skepping van die dogters-kore genaamd “Die Roepers” (Cloete, 1986: 96). Tommy Carse beweer dat die destydse administrateur van die Kaapprovinsie, Frederic de Waal (1853 - 1932) ‘n beroep gedoen het op le Fleur om te help met die werkloosheid as gevolg van die sluiting van die Okiep kopermyn. Daar is toe besluit om kore te stig en straatkollektes op te neem vir die noodlydendes (Cloete, 1986: 95). Dit was skynbaar in 1919. Die pamflet Servant of God (2003:10) beweer ook dat dit in Julie 1919 in Maitland was waar die kore gestig is.

Dit klink alles bietjie verwarrend en mens wonder of dit nie met die Paaskonferensie van April 1920 was nie. Die Okiep-myn is reeds in 1918 gesluit en daar was van regeringskant groot skeptisisme oor le Fleur se hervestiging-pogings waarvan die eerste groot poging vanuit Griekwaland-Oos na Touwsrivier totaal skipbreuk gelei het teen die einde van 1919. le Fleur het Namakwaland eers in Mei 1922 besoek en dienste in verskeie dorpe daar gehou waarna die groot hervestiging-poging van die Namakwalanders begin het (Besten, 2006: 129) Trou aan sy aard sou hy dadelik na Namakwaland gereis het in 1919; as die administrateur hom gevra het. Dus is die bewering van Tommy Carse te betwyfel.

Wat die waarheid ook mag wees, met die stigting van die “Griekwa Independente Kerk van Suid-Afrika” tydens die Paaskonferensie van 1920 het daar verskeie kore opgetree (Besten, 2006: 156). Die kore het dwarsdeur die nag gesing van die Saterdagaand tot en met die diens van Paassondag. Alle aanduidings was dat dit le Fleur baie beïndruk het en dat hy geesdriftig gepreek het die Sondagoggend. Skynbaar was “*sy siel verlig deur die Gees van God*” (Besten, 2006: 157). As le Fleur in 1938 verklaar dat dit die geboorteplek van die Griekwaskap was,

dan kan ons aanvaar dat die belangrikheid en rol van sang le Fleur hier moes getref het. Hierna sou hy die *"Roepers"* sien as die metode om die "*Griekwas se dooie bene na mekaar toe te sing"* (Cloete, 1986: 95).

Die meisiekore het bestaan uit groepe jong meisies wat onder leiding van ʻn manlike leier gestaan het en oral rond beweeg het en gesing het. Hulle het hierdie "roeping" baie ernstig opgeneem en met die leuse: *"Kom dood of voorspoed, ons draai nie uit die pas nie want God het geroep en ons gaan volhard"* (Cloete, 1986: 96). Binnekort het daar oral oor dogterskore ontspring en nuwe liedere is geskrywe om uiting te gee aan hierdie nuwe Griekwa kerklikheid. Die Griekwas het destyds reeds bekend gestaan as mense wat mooi kan sing maar dit was deur le Fleur se toedoen dat sang en musiek ʻn hoogbloei tussen die Griekwas belewe het (Cloete, 1986: 113).

Een van le Fleur se seuns, Adam het opgetree as sekretaris van die Griekwa Kore Vereniging en sy vrou Rachel het ʻn groot rol gespeel om die dogters voor te berei vir hulle diensbaarheid in die kore (Besten, 2006: 159).

Na die stigting van die dogterskore het le Fleur ook meer en meer die naam "die Kneg" begin kry (Cloete, 1986: 96). Voorheen is na hom verwys as "Hoofman" of "Opper-hoofman" (Besten, 2006: 159).

In Januarie 1920, dus enkele maande voor die Paaskonferensie van 1920, het le Fleur die koerant "Griqua and Coloured People's Opinion" gestig (Cloete, 1986: 78). Hierdie koerant het ongereeld verskyn tot 1936 en le Fleur was beide verslaggewer en redakteur min of meer "*weens die onbekwaamheid van sy volgelinge"* (Cloete, 1986: 78). Hierdie koerant was ʻn belangrike spreekbuis vir le Fleur om sy idees van kerklikheid en Griekwa-nasionaliteit te verkondig. Dit is ook gebruik om sy profetiese uitsprake bekend te maak en was grootliks verantwoordelik om die eretitel "Die Kneg" te vestig. Besten (2006: 152) het bevind dat die koerant le Fleur se posisie as verantwoordelike opper-hoofman van die Griekwas en bruin-gemeenskap en boodskapper van God help vestig het.

## 2.6 Ratelgat en latere jare

Dit het die laaste jare van le Fleur se lewe beter gegaan. Was dit die berusting van die ouderdom of was dit weens die mate van sukses wat behaal is met die meisiekore en die koerant? Die tydperk word ingelui met die groot byeenkoms in Maitland oor die Paasnaweek van 1920 en dan seker in ʻn meerdere mate ook met die vestiging van die trekker-groep op Krantzhoek in 1926. (Sien gedeelte 2.3 hierbo)

Maar daar is nog ‘n ander moontlikheid waarom sy omstandighede verbeter het. In 1926 bedank le Fleur as president van die Griekwa Independente Kerk van Suid-Afrika en word sy oudste seun Abraham Andrew le Fleur verkies tot die posisie. Die jonger seun Adam neem in 1928 die leierskap van Griekwa Nasionale Raad by hom oor en was ook die sekretaris van die Griekwa Kore-verenigings. Terselfdertyd word sy vrou Rachel verkies tot presidente van die Griekwa Vroue-verenigings en sy dogter Annie word presidente van die Griekwa Dogters-vereniging (Besten, 2006: 159).

Dit was nou tyd vir hom om rustiger te lewe tussen die Suid-Kaap en Namakwaland. Naby die dorp Vredendal in die distrik van Vanrhynsdorp was die plaas Luiperdskop wat deel van die drie plase was wat le Fleur in 1922 van ‘n mnr. Franken wou koop. In die Plettenbergbaaise omgewing het hy ook ‘n kleisteen-huisie kon benut op die plaas “Jackalsdraai” en dan nog ‘n huis op die plaas “Robberg”. le Fleur het lang tye van afsondering gespandeer op hierdie plase en dit is waar hy die meeste van die openbarings en visioene gehad het (Servant of God, 2003: 11). Dis ook in hierdie tydperk dat sy bediening as “die Kneg” meer en meer gerealiseer het. Hy was die spreekbuis van God; nie alleen vir die Griekwas nie maar ook vir die hele Suid-Afrika - volgens sy eie siening minstens.

le Fleur het baie spesiale waarde geheg aan Ratelgat en die openbarings wat hy daar ontvang het. Volgens bewerings het le Fleur sy eerste openbaring aangaande Ratelgat gehad in 1916 terwyl hy iewers in die Oranje Vrystaat was. Hy kon in die visioen skynbaar die gebied herken as synde in die Noordweste of Namakwaland en op ‘n onbekende datum daarna het hy per trein na Klawer gereis. Dit was heel waarskynlik voor 1926 want die spoorlyn is voltooi tot op Klawer op 16 November 1915 maar het eers Vredendal in 1926 bereik (van Lill, 1994: 22). Van Klawer is hy te voet na Vredendal en verder die Knersvlakte in. Volgens sy afstammeling Cecil le Fleur het Andries vanaf Vredendal verder noordwaarts gestap en toe hy die plaas “Luiperdskop” betree, het hy dit herken uit sy visioen van 1916. (C. le Fleur. 2016)

Terwyl hy daar vertoef het, het hy baie dors geword en later uit radeloosheid ‘n ratel agtervolg wat hom na water gelei het. le Fleur het toe die plek “Ratelgat” genoem alhoewel die geregistreerde naam steeds Luiperdskop is [15]. Hy het ervaar dat die plek ‘n baie besondere betekenis inhou en vanaf 1931 is die plaas gehuur tot en met le Fleur se sterwe (Belcher, 1987). Hy het Ratelgat later geassosieer met die plek waar die “Griekwaskap” sou seëvier en

[15] Luiperdskop is in 1999 onteien deur die SA Regering en aan die Griekwa Nasionale Konferensie geskenk. Daar is toe begin met die vestiging van ‘n sentrum vir die Griekwamense onder die naam van ‘Ratelgat” (C. le Fleur. 2016).

waar politieke- en kerklike leiers van oral oor sou heen kom om hulle met God te versoen en om die heerskappy van die Here God oor hulle lewens en dade te aanvaar (Besten, 2006: 163).

le Fleur het rustig heengegaan in sy huisie op Robberg naby Plettenbergbaai op die 11 Junie 1941 (Besten, 2006: 169). Allerlei gerugte het die ronde gedoen waarvan die belangrikste was dat daar letterlik ‘n “gees” uit hom gegaan het na Ratelgat toe en dat daar nou ‘n baie besondere geestelike band tussen Robberg en Ratelgat sou bestaan (Besten, 2006: 169).

## 2.7 ‘n Bondige bespreking van A. A. S. le Fleur se bonatuurlike openbaringe, drome, visioene en profetiese uitsprake:

### 2.7.1 Inleiding

Die visioene en profesieë van le Fleur was vir baie jare ‘n losse versameling van geskrifte en mondelikse verhalings. Dit is eers in 2012 deur Willie Boezak bymekaar gemaak en georden. In vele gevalle is die openbarings in kort sinne, selfs enkele woorde saamgevat. Ongelukkig is daar ook baie “stertjies” deur die jare aangelas en natuurlik het die interpretasies en “toepassings” van die openbarings baie bygedra tot die algemene misverstande rondom die uitsprake van le Fleur. Hier is dit veral die populistiese skrywers wat die groot oortreders was.

In die lewe van le Fleur speel die simboliek van “trek” of “op pad wees” ‘n baie besonderse rol. Dis ‘n soort sleutel om sy openbarings te probeer verstaan. Ek probeer le Fleur se profetiese uitsprake interpreteer met gebruikmaking van die simboliek van “trek” of “op pad” wees. Hier volg ‘n bondig maar so volledig moontlik bespreking onder vier hoof temas naamlik sy roeping, die “Griekwa dooie bene”, die toekoms van Suid-Afrika en Ratelgat.

### 2.7.2 Die Roeping

Op 9 Mei 1889 bevind le Fleur hom in die berge naby Matatiele waar hy opsoek was na die verlore esels van sy pa. Hy was reeds drie dae op pad en was maar moedeloos en raadop. Meteens hoor hy ‘n stem wat hom roep by sy naam en hom inlig dat dit die Here God is wat praat. Die “Stem” beveel hom om die dooie bene van Adam Kok III bymekaar te roep sodat hulle weer ‘n volk kan wees (Besten, 2006: 60). Terwyl le Fleur twyfelend die boodskap oordink praat die “Stem” weer en lig hom in dat die esels wat hy so soek net anderkant die bultjie is. Dan beveel die “Stem” hom om die opdrag wat hy ontvang het met sy pa te gaan

deel en om vir sy pa te sê dat Margarete Kok, die weduwee van Adam Kok III die volgende dag sou sterf.

le Fleur het die esels gevind soos wat die “Stem” hom ingelig het en het daarna vir sy pa gaan vertel wat met hom gebeur het. Die volgende dag presies om 08h00 het weduwee Kok meteens gesterf - soos wat le Fleur gehoor het (Boezak, 2012: 3).

Hierdie ervaring is die sleutel-moment of pieke-ervaring in die lewe en latere optredes van le Fleur. Dit was ook die begin van die pad wat hy vir die Griekwas probeer ooptrap het as geroepene van God spesifiek tot hulle (Servant of God, 2003: 5).

### 2.7.3 Die Griekwa Dooie Beendere

Vanaf die roeping van le Fleur tot met sy dood het die tema van “Griekwa dooie beendere” ‘n deurslaggewende rol in sy openbarings gespeel. Hierdie opdrag het sy optredes en gedagtes oorheers en dit kom op vele plekke na vore. Die Griekwa-ongelukkigheid oor die grond kwessie waarvoor le Fleur later in die tronk beland het, die grond-aankope en hervestiging-pogings, die stigting van die Griekwa Independente Nasionale kerk, die stigting van die Griekwa Nasionale Kongres, die Griekwa-kore en “Roepers-verenigings” was alles direkte gevolge van die invloed van die openbaring dat le Fleur die Griekwa dooie beendere moes gaan versamel.

Gedeeltelik is hierdie openbaring weer herhaal in die profesie wat hy op Ratelgat op 2 Julie 1933 (Servant of God, 2003: 5) gegee het. In ‘n omsendbrief van 1934 vertel le Fleur van die Griekwas wat eendag by internasionale organisasies betrokke sou word (Boezak, 2012: 13) en ook van die belangrike mense wat eendag na die Griekwas sal draai om raad en leiding te soek. Dan sal hulle dooie bene bymekaar wees en hulle sal weer die volk wees waartoe God hulle geroep het. le Fleur het homself gesien as die “kneg van God” wat die volk bymekaar moes maak en oproep om die roeping wat God vir hulle het te vervul (Boezak, 2012: 3). Boezak gebruik die woorde “*Abed Jahweh”* om le Fleur se rol en roeping te verduidelik.

### 2.7.4 Die toekoms van Suid-Afrika

le Fleur sien die rol wat die Griekwas speel as onlosmaaklik deel van die openbaringe van die toekoms van Suid-Afrika. So voorspel hy die groot griep epidemie van 1918 en besonders die groot hoeveelheid Griekwas en bruinmense wat daardeur sou sterwe (Boezak, 2012: 6). Dit het dan ook so gebeur. Ongeveer 50 jaar voor die totstandkoming van die Driekamer-Parlement in 1985 voorspel le Fleur die ontstaan van ‘n verteenwoordigende Kleurlingraad (Boezak, 2012: 7). Die gedwonge verskuiwing van die bruinmense na plekke soos Mitchell’ s

Plein en Strandfontein op die Kaapse Vlakte sowel as die verpligte dra van identiteitskaarte het hy ook korrek voorspel (Boezak, 2012: 8).

Die bou van die Sishen-Saldanha spoorlyn was ‘n voorspelling wat baie prominent gefungeer het in sy openbarings. le Fleur het selfs so ver gegaan as om die komende spoorlyn te gaan “afsteek” deur spesifieke bossies daar te plant (Boezak, 2012: 9). Hierdie spoorlyn loop gedeeltelik oor die plaas “Beeswater” en naby Ratelgat verby. Volgens Cecil le Fleur het die Griekwas van die Vredendal-omgewing verstom gestaan toe die spoorlyn in 1972-73 gebou word en gedeeltes presies geloop het waar die bossies geplant was (C. le Fleur, 2016).

Ook die komende Tweede Wêreld Oorlog het le Fleur reg voorspel maar hy was verkeerd deur te verklaar dat dit vyf jaar sou duur want dit het ses jaar geduur. Volgens hom sou daarna daar groot verwikkelinge in Europa plaasvind soveel so dat sommige van die Britse koninklike-geslag hulle sou kom vestig by Beacon Island Hotel naby Plettenbergbaai (Boezak, 2012: 24). In daardie tyd sou die Britse koningshuis die Griekwas om verskoning vra vir al die onregte wat in die verlede teen hulle gepleeg is.

Met die studente-opstande van 1976 begin die profesie van le Fleur oor die opkomende “*swart wolk*” in vervulling gaan (Boezak, 2012: 14). Volgens le Fleur sou daar swaar tye vir die witmense kom en baie sou uitgemoor word. Daar sou ook tye van ongekende koue neerdaal in Suid-Afrika soveel so dat oeste misluk met die gepaardgaande hongersnode en dan grootskaalse opstande (Boezak, 2012: 21). Die petrolprys sal hemelhoog styg en burgerlike ongelukkigheid sal lei tot die verwoesting van Port Elizabeth (Boezak, 2012: 23). Kaapstad sal ook groot opstande belewe met ernstige gevegte en lewensverlies met bloed wat tot by die perde se teuels kom op die paradegrond in Kaapstad (Boezak, 2012: 23).

Dit alles is maar ‘n kleinigheid in vergelyking met dit wat in Europa en dan veral in Rusland sou plaasvind. Volgens le Fleur sou Rusland binne ‘n halfuur totaal vernietig word maar in die komende “*kernoorlog*” [16] sou Europa en die VSA ook erg beskadig word - gelukkig sou Suid-Afrika daardie doodslag vryspring (Boezak, 2012: 24). Die Suid-Afrikaanse Weermag sou betrokke raak in allerlei veldslae maar dit sal alles buite die landsgrense plaasvind en Suid-Afrika sal ‘n toevlug plek wees vir vele uitlanders.

---

[16] My eie woord om die verwoesting te probeer beskryf soos deur le Fleur geprofeteer.

### 2.7.5 Ratelgat

Soos reeds verduidelik in hoofstuk 2.6 speel Ratelgat en Robberg ‘n baie besondere rol in le Fleur se latere openbarings. Robberg was sy woonplek en “begrawe-plek” maar was met ‘n diepe geestelike band gebind aan Ratelgat (Boezak, 2012: 1). Die ere posie van die “Griekwa Jerusalem” kom Ratelgat toe. Selfs al was sy grafkelder te Robberg moes sy volgelinge; as hulle sy grafkelder besoek, weet dat sy gees op Ratelgat is (Boezak, 2012: 11).

Volgens le Fleur se profesieë is daar tussen Ratelgat en die weskus dorpie Strandfontein ‘n reuse onderaardse rivier (Boezak, 2012: 22). Iewers in die tyd van die groot koue, hongersnood en opstande in Suid-Afrika, sal hierdie waterbron te voorskyn kom en dit sal veroorsaak dat die Knersvlakte tussen Vanrhynsdorp en Nuwerus omskep word in die kosmandjie van Suid-Afrika. Daar sal soveel water wees dat hulle later Kaapstad en die Skiereiland van water sal kan voorsien. Op die plaas Beeswater sal daar groot ontwikkelinge plaasvind met onder andere ‘n reuse tronk en baie winkels en besighede (Boezak, 2012: 24) en terselfdertyd sal Ratelgat toeneem in belangrikheid.

Die tydperk sal ingelui word deur kerkleiers van oor Suid-Afrika en later ook leiers uit die bankwese wat na Ratelgat kom vir hulp en raad (Boezak, 2012: 21). Daarna sal politieke leiers van Suid-Afrika kom vir tye van verootmoediging en om die Here se aangesig te soek vir leiding in die moeilike tye wat heers (Boezak, 2012: 22). Daarna sal wêreld leiers ook kom en selfs die “*koning van Engeland*” sal kom om hom te verneder voor die aangesig van God en om vergiffenis te vra vir die onregte gepleeg teenoor die Griekwas.

Dit sal die tyd wees dat die Griekwas se groot geestelike herlewing sal plaasvind met meisiekore wat die volk voorgaan in lofprysing (Boezak, 2012: 24). Dan sal Christus terugkom maar nie in Jerusalem soos volgens die Geskrifte nie, maar Hy sal op Ratelgat neerdaal (Boezak, 2012: 22).

Samevattend sluit ek hierdie bespreking van die profesieë van le Fleur af met die openbaring van ‘n Griekwavolk wat hernu en “bymekaar” gemaak is, wat optree as God se gesante in Suid-Afrika en wêreldwyd en wat gesentreerd is rondom Ratelgat - die plek wat die geestelike middelpunt van die hele wêreld is want Jesus woon daar.

# HOOFSTUK 3

# ‘N KORT GESKIEDKUNDIGE OORSIG VAN DIE LEWE VAN JOHANNA M. BRANDT.

## 3.1 Geboorte en eerste jare tot die Tweede Anglo-Boereoorlog

Johanna M. van Warmelo [17] is gebore op 18 November 1876 in Heidelberg in die destydse Z.A.R. in die huis van een van die min volwaardige predikante, Ds. Nicolaas Jacobus van Warmelo. Johanna was ‘n besondere bevoorregte vrou weens die feit dat haar pa ‘n geleerde man was en haar ma afstam van ‘n lang lys merkwaardige vroue. Haar ouma was Johanna Elizabeth néé Kruger wie se man Dietloff Siegfried Maré destyds landdros in die distrik van die Soutpansberg was en daar word van haar vertel dat sy haar man se wetboeke ywerig bestudeer het sodat sy later ‘n uitstekende wetskennis gehad het ek hom aktief kon bystaan in sy werk (van der Merwe, 2004: 14).

“Hansie” - soos sy van vroegs af bekend gestaan het, het met groot dankbaarheid terug gekyk op haar kinderjare en skrywe dat sy haar nie ‘n gelukkiger kinderjare kan voorstel nie. Ongelukkig is haar pa reeds voor haar sestiende verjaarsdag oorlede in 1892 maar nogtans het hy ‘n baie diep indruk op sy dogter gelaat (van der Merwe, 2004: 13).

Sy was die vierde kind en het nog drie broers en een suster gehad. Voor haar geboorte het haar ouers verhuis na Heidelberg in die destydse Z.A.R. waar haar pa die predikant van die Hervormde gemeente was. Haar ouers het ‘n aristokratiese lewenstyl gehandhaaf (van der Merwe, 2004: 41) en Johanna het van haar skooljare in die “Good Hope Seminary for Young Ladies” in Kaapstad kon deurbring waar sy Engels bemeester het. Daar het sy ook musiekopleiding ontvang. Na haar pa se dood het sy haar studies voortgesit aan die Doornfontein Kollege in Johannesburg (van der Merwe, 2004: 16). Na twee jaar het sy en haar ma ‘n uitgebreide reis na Europa onderneem waar Johanna verdere musiekopleiding ondergaan het. Johanna se drie broers, Dietloff, Willem en Fritz het in Holland gestudeer. Met die besoek aan die drie broers ontmoet sy vir Louis Ernst Brandt (1873 - 1939) met wie sy later in die huwelik sou tree (Grobler & van der Merwe, 1999: 70).

---

[17] Ek gebruik haar naam “Johanna” tot en met haar huwelik. Daarna gebruik en haar aangetroude van “Brandt”.

Die van Warmelo gesin was egter nie net gesiene en welbekende mense nie. Hulle was ook ten nouste betrokke by die politieke woelinge van destyds (Roberts, 1991: 102). Ds. van Warmelo was die enigste geordende predikant wat die groot saamtrek van ongelukkige boere by Paardekraal in Desember 1880 bygewoon het en as sodanig was hy verantwoordelik vir die Skriflesing en gebede by die geleentheid. Alhoewel Ds. van Warmelo ‘n Hollander van geboorte was, het hy die boere saak heelhartig ondersteun en sy volle gewig daar agter gegooi dat die boere hulle onafhanklikheid van Engeland moes terug kry (Roberts, 1991: 102).

In Johanna het ons dus te doen met ‘n begaafde meisie wat uit ‘n invloedryke familie kom en wat in ‘n sekere sin haar tydgenote ver vooruit was deurdat sy geleerdheid ontvang het, in ‘n invloedryke familie groot geword het en ‘n belese en berese meisie was.

## 3.2 Optredes en ervarings gedurende die Tweede Anglo-Boereoorlog

Na hulle uitgebreide reis deur Europa het mev. van Warmelo die kleinhoewe “Harmonie” in Sunnyside, Pretoria gekoop. Johanna se oudste suster, Deliana was getroud met advokaat Hendrik Cloete (1851 - 1920) en hulle het daar naby gewoon (Roberts, 1991: 98). Mevrou van Warmelo se neef - Mnr. P. J. Potgieter was destyds die burgemeester van Pretoria (Roberts, 1991: 164). Kort voor die uitbreek van die Tweede Anglo-Boere-oorlog het hulle hul intrek in die ou herehuis geneem. Rita van der Merwe (2004: 41) skrywe dat “*Alhoewel Johanna en haar ma deurgaans hulle lojaliteit aan die koningin van Nederland betoon het, het hulle leefwyse ooreengestem met die tradisioneel Brits-Victoriaanse era*.” Die ou herehuis op Harmonie was dikwels die vergaderings plek van musiek- of sanggroepe en soms het ‘n debatsvereniging ook daar vergader. Met die uitbreek van die oorlog het Johanna haar dienste aangemeld as hulp-verpleegster en het die vrywillige diens volgehou tot en met die val van Pretoria op 5 Junie 1900 (Roberts, 1991: 94).

Johanna en haar ma moes ook maar gelate die veranderings aan hul leefwyse aanvaar. Een ding het hulle egter beide dwars in die krop gesteek en dit was die sensurering van hulle briewe. Mev. van Warmelo het destyds ‘n baie ywerige korrespondensie met haar dogter, Deliana Cloete gehandhaaf. Advokaat Cloete, die eggenoot van Deliana wat vanaf 1896 ‘n verteenwoordiger van Britse myn belange in die Z.A.R. was, het kort voor die aanvang van die oorlog verhuis na Kaapstad. Hier het hy die naam van “Henry” verkry en was later bekend in die Suid-Afrikaanse geskiedenis (Haggard, 2001: 89). Johanna daarenteen was nog meer ongelukkig oor die sensurering van haar liefdesbriewe aan Louis Brandt aangesien hulle twee ywerig besig was met die beplanning van hul voorgenome huwelik (Roberts, 1991: 108). Na vele onsuksesvolle pogings om die sensurering vry te spring het die twee dames onafhanklik van mekaar metodes begin uitwerk om ongesensuurde briewe na hul geliefdes deur te kry.

Toe hulle koppe bymekaar sit het hulle so ‘n formidabele korrespondensie-netwerk opgerig dat dit later baie effektief deur die boeremagte gebruik is om boodskappe na weermag-offisiere, politieke leiers en selfs koerant-redakteurs te stuur (Roberts, 1991: 110). Met hierdie pogings het Johanna kontak begin opbou met bekendes soos Emily Hophouse (1860 - 1926), W. M. Stead (1849 - 1912) van die weekblad “Review of Reviews”, verskeie ambassadeurs en konsuls van buitelandse sendings sowel as met heelwat van die Britse generaals en natuurlik ook die Boere leiers (Roberts, 1991: 229 - 237).

Op 12 Mei 1901 begin Johanna werk as vrywillige verpleegster by die Irene konsentrasiekamp vir boere vrouens en kinders (van der Merwe, 2004: 61). Dit was vir haar ‘n uiters uitmergelende ervaring, maar getrou aan haar aard het sy dadelik die haglike toestande deur die korrespondensie-netwerk aan haar ma en vele ander bekend gemaak (van der Merwe, 2004: 69). Die gevolg was dat ‘n diplomatieke afvaardiging bestaande uit die konsuls van Duitsland, Oostenryk en Portugal die kamp kom besoek het en ‘n verdoemende verslag daaroor die wêreld ingestuur het (van der Merwe, 2004: 71).

Teen 11 April 1902 was dit vir almal duidelik dat die boeremagte nie die stryd kon volhou nie en het ‘n afvaardiging van boere-generaals Pretoria besoek met die oog op moontlike vredesonderhandeling (Roberts, 1991: 245). Johanna se oudste suster, Deliana Cloete was toevallig ook in Pretoria en saam het die vrouens besluit dat dit hoog tyd is dat Johanna na Europa vertrek om die voorgenome huwelik met Louis Brandt te voltrek. Boonop het Johanna die saak van die boerevroue en kinders in die konsentrasie kampe haar so aangetrek dat haar gesondheid merkwaardig versleg het. Sy skrywe in daardie tyd “*Perhaps the marks of this war will remain with me to the end of my days, tingling my life with melancholy*” (van der Merwe, 2004: 111). So bevind sy haar op ‘n Britse skip op die dag toe die “Vrede van Vereeniging” onderteken word - 31 Mei 1902.

### 3.3 Huwelik en “tuiste-skeppersjare”

Louis Ernst Brandt is gebore te Zoeterwoude in die suide van Holland op 21 Oktober 1873 waar sy pa die burgemeester was. Gedurende die uitgebreide toer van Johanna en haar ma deur Europa het hulle onder andere ook vir Louis ontmoet wat destyds bevriend was met Johanna se broers. Louis was ‘n bekwame man uit ‘n gesiene familie soos bevestig word deurdat hy later vir 21 jaar die voorsitter van die Nederduitse Hervormde Kerk van Afrika se Kerkvergadering was (Taljaard & van der Merwe, 1991: 269). Hulle is op 28 Augustus 1902 te Rhenen in die huwelik bevestig. Dat Johanna tóé reeds beroemd was, spreek uit die feit dat daar telegramme van gelukwensing was van o. a. President Paul Kruger, Dr. Leydts en

ook van koningin Wilhelmina en Prins Hendrik van die Nederlande (van der Merwe, 2004: 120).

Voor en kort na hul huwelik was Europa in rep en roer weens die besoek van die drie boere generaals Botha, de la Rey en de Wet. In Augustus 1902 het hulle Engeland besoek en daarna is hulle na die Nederlande, België, Frankryk en Duitsland om hulp vir die oorlog verwoeste gebiede te vra (Kruger *et al*, 1953: 224). Brandt was so begeesterd deur die helde-ontvangs van die generaals dat sy besluit het om ook haar deeltjie by te dra en het dadelik begin met die skrywe van haar oorlogservarings. In 1905 verskyn haar eerste boek "Het concentratie kamp van Irene" uitgegee deur die Hollandsch-Afrikaansche Uitgevers Maatschappij.

Reeds in 1901 het Johanna aan haar verloofde geskrywe dat sy net vir 'n jaar of wat in Europa sou bly en dan wou terugkeer na Afrika (van der Merwe, 2004: 124). So word Ds. Louis Ernst Brandt dan bevestig as predikant van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika in die gemeente van die Zoutpansberg met setel op Pietersburg in April 1904. Johanna Brandt was terug in die gebied waar haar oupa Maré en haar pa, Ds. van Warmelo diep spore getrap het.

Die land was verwoes en verarm en bowendien is 1904 gekenmerk deur uitmergelende droogtes. Johanna het dadelik aan die werk gespring om fondse in te samel vir haar verarmde gemeente en die gemeenskap van Pietersburg. Sy het kontak bewerkstellig met Emily Hophouse om spin- en weefskole op die been te bring (van der Merwe, 2004: 129). In 1905 is sy verantwoordelik vir die stigting van die tweede tak van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie in Pietersburg. Hulle doelstellings was onder meer die heropbou van die boere nasie op stoflike, geestelike, intellektuele en sedelike gebied - en miskien nog meer betekenisvol, dat die boere-republieke weer hulle onafhanklikheid sou verkry (van der Merwe, 2004: 131).

Tussen die geboorte van haar sewe babas, die verantwoordelikheid van die pastorie, die uitgebreide liefdadigheidswerk en boonop nog baba-skoue ook, het Brandt iewers nog die tyd ingeruim om in 1913 die boek "The Petticoat Commando" die lig te laat sien. van der Merwe (2004: 143) som hierdie tyd van Brandt se lewe baie treffend op: *"Sy het vas geglo - al was dit nog nie die era van die emansipasie van die vrou nie - dat 'n vrou haar gawes en talente ten volle moes benut. Johanna het hierdie filosofie nie net verkondig nie, maar het dit gedurende die dramatiese oorlogsjare en die dekade daarna met hart en siel toegepas."*

## 3.4 Die Vrouen National Party

Die tyd rondom die Eerste Wêreld Oorlog (Julie 1914 - November 1918) is seker die belangrikste tydperk in Brandt se lewe, gesien vanuit die oogpunt van hierdie navorsing. Op baie vlakke van die destydse Unie van Suid-Afrika was daar groot woelinge met genl. J. B. M.

Hertzog (1866 - 1942) wat dit inlei met die stigting van die Nasionale Party in Januarie 1914 in Bloemfontein. Kort daarna breek die oorlog uit met die fiasko van die dood van genl. Koos de la Rey (1847 - 1914). Die gemoedere loop hoog en die spanning laai op tussen die ondersteuners van die oorlogspoging en hulle wat gehoop het dat die ou Boere-republieke weer hulle onafhanklikheid sou verkry. Die inval in die destydse Duits-Wes-Afrika en die gevolglike Rebellie was die draaipunt om Brandt uit haar “rustige” tuisteskep-jare te ruk.

Na die Rebelle-leiers reuse boetes opgelê is, vind daar op 4 August 1915 ‘n baie groot optog van vroue na die Unie geboue in Pretoria plaas. Hul petisie aan die destydse Goewerneur-generaal Lord Buxton (1853 - 1934) val op dowe ore (Kruger & Cilliers, 1953: 83). Binne dae help stig Brandt die “Vrouen National Party” in Johannesburg waarvan sy ook die eerste sekretaresse was (Goosen, 1953: 131). Een van hul eerste pogings was dan ook om fondse in te samel om die Rebelle se boetes te help betaal (Roberts, 1991: 261) en Brandt word jare later die ere-president van hierdie organisasie. Binne ‘n paar jaar was daar kantore oor die hele Unie van Suid-Afrika en net in die Transvaal alleen was daar in 1922 reeds 85 takke (Maritz. 2004: 43). Genl. Hertzog kon met reg opmerk dat die Afrikaner-vroue die ergste rebelle is en dat indien iemand die stem van die vroue in die politiek wou ontken, hy Suid-Afrika in ‘n *“politieke hel”* sou laat beland (Maritz, 2004: 36). In al hierdie gewoel was Brandt een van die voorlopers.

Midde al hierdie politieke gewoel vind daar ook op 7 Desember 1916 een van die belangrikste ervarings in Brandt se lewe plaas (Taljaard & van der Merwe, 1991: 269). Met haar ma se ernstige siekte het Brandt ‘n bonatuurlike ervaring wanneer ‘n sogenaamde boodskapper van God aan haar verskyn en verskeie profesieë aan haar bekend maak. Hierdie was ‘n pieke-ervaring in Brandt se lewe en die res van haar lewe is diep-grondig hierna verander. In hoofstuk 5 gee ek meer inligting oor hierdie ervaring en die profesieë.

## 3.5 Vroue-stemreg

Brandt kan met reg beskou word as een van die voorlopers van vroue-regte. Die hele petalje met die in duie-storting van die spioenasiediens van die Z.A.R. se werksaamhede in Pretoria onder kapt. J. J. Naude en die gevolglike optredes van mev. van Warmelo en Johanna, kan een van die moontlike katalisators wees van Johanna se ontwaking waar dit kom by die rol van die vrou in die samelewing. Sy was roekeloos in haar pogings om inligting in te samel en het selfs op ’n keer die kantoor van die militêre hoof van Pretoria, genl. Maxwell besoek met ‘n paar dinamiet kerse in haar handsak (van der Merwe, 2004: 98). Haar korrespondensies met buitelandse regerings, joernaliste en in besonder sterk vroue-figure soos Emily Hobhouse, moes hierdie vlammetjie verder aangewakker het (van der Merwe, 2004: 158).

Met die oprigting van die spin-en weefskole en ander liefdadigheid pogings, het sy nog meer kontak gemaak met hoog geplaaste persone soos onder andere die destydse goewerneur-generaal van die Transvaal- en Oranje-Vrystaat kolonies, lord Selbourne (1859 - 1942). Op 20 April 1905 help stig Brandt die tweede tak van die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie op die destydse Pietersburg.

Soos reeds genoem, het genl. Hertzog reeds met die Rebellie besef watter magtige rol die Afrikaner vroue te speel het in die samelewing (Maritz, 2004: 36). Die beroemde vroue-optog na Pretoria was beslis ‘n reuse bydraende faktor tot die vorming van Brandt se karakter. Mev. Joubert, die vrou van genl. Piet Joubert het met hierdie saamtrek gesê dat *“De dochters van Zuid-Afrika zijn ontwaakt!*” (Maritz, 2004: 41). Hiermee het Dr. D. F. Malan (1874 - 1959) saamgestem toe hy op 15 September 1915 in ‘n toespraak met die stigting van die Nasionale Party in die Kaapprovinsie gesê het dat die vroue-optog die antwoord was op die groot vraag of die Afrikaner nog ‘n bestaansreg het (Maritz, 2004: 42).

Die Vrouen National Party wat Brandt help stig het, het ‘n ongelooflike groeitempo gehandhaaf (Maritz, 2004: 43). Boonop het die vroue gewoeker met self-help programme. Anders as die “manne” Nasionale Party takke wat maar gewoonlik op die rand van bankrotskap gestaan het, het dit baie goed met die vroue party se takke gegaan (Maritz, 2004: 47). Kort na die Eerste Wêreld Oorlog wat op 18 November 1918 geëindig het, het genl. Hertzog reeds besef dat as die Nasionale Party ooit aan bewind wou kom, die vroue stemreg moes verkry (Maritz, 2004: 45). Om sy politieke doelstellings te bereik, moes hy van die opposisie se teenkanting ontslae raak. Sommige van sy beoogde wette moes met twee-derde meerderheid deur die parlement goedgekeur word en om dit te kon verwesenlik moes hy die aktiewe Afrikaner-vroue se stem laat geld. As deel van hul verkiesingsbeloftes vir die algemene verkiesing van 1929 het die Nasionale Party dan ook belowe dat die vroue stemreg sou kry indien hulle aan bewind sou kom. Die Nasionale Party het met ‘n groot meerderheid die verkiesing gewen en op 19 Mei 1931 het die blanke vroue stemreg verkry in Suid-Afrika (Maritz, 2004: 47). Dit val buite die doelstellings van hierdie navorsing om Brandt se spesifieke rol binne die Vrouen National Party en die stemreg van vroue na te vors, maar dit is duidelik dat sy ‘n uitmuntende rol gespeel het siende dat sy as ere-president vereer is (Roberts, 1991: 261).

### 3.6 Holisme en latere jare

Vanaf ongeveer 1902 het Johanna ‘n aangetrokkenheid tot spiritisme ontwikkel. In die oudste bron oor haar bonatuurlike ervarings (The Millenium, 1981) erken sy dat sy iewers voor 1916 verskeie boeke gelees het oor die onderwerp van spiritisme. Sy noem dit verkeerdelik *“spiritualism”* want onmiddellik daarna verwys sy in haar beskrywing na kontak met die geeste

van gestorwenes en erken sy dat sy totaal oortuig daarvan is dat dit moontlik is (1918: 114). Kontak met die gestorwenes val onder die kader van spiritisme (Koch, 1984: 544). Dan vertel sy van die vreemde mediumistiese belewenisse wat sy ervaar het ongeveer 15 jaar tevore. *"Every time I took up my pen to write an electric shock would galvanise my right arm, causing me to grip my pen and involuntarily to write messages altogether foreign to my own thought. At times the pen would trace strange and beautiful patterns"* (1918: 115)

Hierdie spiritistiese-ervarings sal later volledig bespreek word.

Om Brandt se betrokkenheid met holisme te verstaan moet daar terug gegaan word na die pieke-ervaring wat Brandt in Desember 1916 gehad het by die sterfbed van haar moeder. Dit blyk asof die tydperk 1 - 7 Desember 1916 die draaipunt in haar lewe was veral wat betref haar betrokkenheid met holisme.

Taljaard & van der Merwe (1991: 268) skrywe dat sy 'n sieklike kind was en dat daar van vroeg af by haar 'n weersin teen die mediese beroep was. Tot en met die afsterwe van haar moeder vind mens dit nie so duidelik in haar skrywes en optredes nie, maar daarna het sy beslis 'n vreemde voorliefde vir "alternatiewe medisyne" en 'n mistiese leefstyl ontwikkel (Taljaard & van der Merwe, 1991: 269). Brandt beweer in later jare dat sy kanker gehad het en haarself kon genees deur 'n druiwe-kuur (Taljaard & van der Merwe, 1991: 269). Kort daarna skrywe sy 'n boek hieroor genaamd "The Grape Cure" wat in 1927 die lig sien. Dit volg sy op met "The Fasting Book" oor die genesing en "vrymaking" van die liggaam wat in 1931 verskyn en nog 22 artikels van verskeie datums - alles oor alternatiewe genesing. Sy reis die wêreld vol om haar alternatiewe geneeskunde te propageer en word so een van die voorstanders van holisme.

Saam met hierdie alternatiewe geneeskunde, begin sy ook ernstig 'n alternatiewe leefstyl handhaaf en verkondig. "The World Harmony Movement" beweging begin sy in 1916 en volg dit op met die stigting van die "Harmony School of Naturopathy" (Roberts, 1991: 263). Soos Roberts dit stel (1991: 263) *"It illustrates not only her romantic nature but her lack of emotional security".* Taljaard & van der Merwe (1991: 279) skrywe dat sy voortdurend 'n sterk godsdienstige leefstyl gehandhaaf het en steeds getrou haar Bybel gelees en gebid het maar dat daar ernstige skeeftrekkings in haar godsbeskouiing en ander teologiese insigte was.

Terselfdertyd word Brandt meer negatief teenoor die Hervormde Kerk waarvan sy 'n lidmaat was en maak vae verwyte van "skynheiligheid, vervolging van ware gelowiges, partyskappe, geestelike afgestomptheid" ens. (1918: 82). Verder staan sy negatief teenoor enige

dogmatiese leerstellings wat volgens haar die proses van spiritualiteit vertraag en selfs teenstaan (1918: 82).

Met reg kan sy die voorloper van die holistiese beweging beskou word en moet mens jou afvra waarom iemand wat andersins so "Christelik" was, so andersdenkend was rondom die teologie van haar man. Was daar onbekende weerspannigheid teenoor die optredes, leer en lewe van haar man; 'n soort Freudiaanse teenreaksie of was dit iets meer diepgaande, iets meer van geestelike aard?

Hierdie vrae sal later beantwoord moet word.

## 3.7 'n Bondige bespreking van Johanna M Brandt se bonatuurlike openbaringe, drome, visioene en profetiese ervarings

### 3.7.1 Inleiding

Die eerste groot pieke-ervaring van Brandt soos beskrywe in 3.6 hierbo het plaasgevind op 1 Desember 1916 en die tweede 'n week later op 7 Desember (Brandt, 1918: 91). Die ervarings was egter so uitputtend dat sy slegs kort en deurmekaar notas van die visioene kon neerskrywe en eers 'n jaar daarna dit kon begin verwerk (Brandt, 1918: 113). In Mei 1918 verskyn die boekie "The Millenium. A Prophetic Forecast" uitgegee en versprei deur Brandt self.

Die dag na die sterwe van haar moeder, dus op 3 Desember 1916, het 'n ongewone hewige donderstorm losgebars in die omgewing van "Harmonie", die huis van haar moeder in Sunnyside, Pretoria (Brandt, 1918: 87). Die storm het gepaard gegaan met erge blitse, drywende reën en sterk winde wat soms tot tornado's wou oorgaan.

Daar is geen twyfel daaraan dat Brandt emosioneel en fisies totaal uitgeput was nie. Sy verklaar hoe verpletterd sy en haar moeder was weens die mislukking van die Rebelle se pogings om onafhanklikheid te verkry en skrywe dat dit die laaste strooi was wat haar moeder se gesondheid finaal geknak het (Brandt, 1918: 115). Daarmee saam die gruwelike menseslagting tydens die Slag van Somme wat aan die begin van Desember 1916 tot 'n einde gekom het (www. The battle of Somme, 2010). Duitsland het die slag verloor en daarna ook die oorlog. Brandt het heel moontlik haar hoop geplaas; soos die Rebelle, dat Duitsland die verlore vryheid van die Boererepublieke sou kon herstel. Boonop het sy baie sleg geslaap die

vorige maande en het sy fisies totaal uitgeput gevoel (Brandt, 1918: 85, 89, 90, 91, 94, 99, 111 en meer).

Brandt het verklaar dat die "boodskapper" aan haar bekend gemaak het dat sy met sononder op 7 Desember 1916 sou sterf. Haar suster en ds. Brandt het dit ten sterkste betwyfel en haar probeer oortuig dat sy net erg uitgeput was (Brandt, 1918: 91). ‘n sekere medikus, Dr. Veale het haar ondersoek en bevind dat sy ‘n "senuwee-ineenstorting" gehad het en dat haar hart en niere erg aangetas was (van der Merwe, 2016: 195).

In haar boekie probeer Brandt teologiese antwoorde verskaf vir die vreemde ervarings en visioene wat sy gesien het. Die boekie is nie ‘n eenvoudige herhaling van die visioene nie maar deurspek met persoonlike stukkies geskiedenis, opinies en verduidelikings en dus moes ek die hele boekie deurwerk om die visioene te probeer saamvoeg. In hierdie hoofstuk wil ek poog om vier van die belangrikste visioene te konstrueer. Ek gaan nie bladsy-verwysings na spesifieke sinne of gedeeltes van sinne gee nie aangesien dit die gedagtegang erg sal belemmer. Ek gebruik "The Millenium. A Prophetic Forecast" uitgegee en versprei deur Johanna Brandt self maar in my samevatting volg ek die voorbeeld van verskeie anonieme skrywers soos onder andere in "The Visions of Johanna Brandt" te vind op die webwerf www.heidendom.com, (2010).

### 3.7.2 Rampe wat Suid-Afrika tref

Brandt het verskeie losstaande visioene gesien waarin ‘n onnatuurlike, geweldige tornado Suid-Afrika tref en die hele land min of meer platvee. Die tornado het sonder waarskuwing verskyn wat volgens haar die burgers van Suid-Afrika oortuig het van die goddelike doel daarvan. Die bonatuurlike tornado is vergesel deur weerligstrale en hewige donderstorms en in sy nasleep was daar vuur en haelstene. Die gevolg was duisende der duisende dooies wat op die strate gelê het en bloed wat soos riviere gevloei het. Die vreemde van die tornado was dat dit amper ‘n lewende identiteit gehad het want dit was asof die tornado spesifieke mense agtervolg het. Waar hulle ook ál heen gevlug het, die tornado het hulle ingehaal.

Skynbaar was die tierende verwoesting net vir ‘n kort rukkie en het dit verby gegaan en skielike was dit nie meer daar nie. Daarna het daar ‘n "hemelse" vrede en saligheid oor Suid-Afrika neergedaal maar die land was verwoes - amper soos die oorloggeteisterde dele van Europa (The Visions of Johanna Brandt, 2010).

### 3.7.3 Nagaanval begin in Johannesburg

Die visioen begin met Brandt wat ‘n klein assegaai op die grond voor haar sien lê het. In die lug bokant haar verskyn die letters: “*XL*”. Dan sien sy hoe daar landwye stakings uitbreek wat die hele Suid-Afrika tot stilstand dwing. In dieselfde tyd begin die swartmense in en rondom Johannesburg in die geheim organiseer en sonder waarskuwing val hulle die blanke-woongebiede van Johannesburg in. Daar volg ‘n tyd van moord en doodslag. Die stad is in duisternis gehul en in die donkerte vind die vreeslikste mense-slagtings plaas.

Met dagbreek beweeg die siedende masse swartmense eers na Pretoria en daarna versprei die opstande met die gepaardgaande dood en vernieting oor die hele land. Dan kom daar vrede (The Visions of Johanna Brandt, 2010).

### 3.7.4 Suid-Afrika - die pêrel van God

Brandt was oortuig dat die bostaande twee visioene die manier was waardeur God Suid-Afrika sou reinig van die sondes van huigelary, bedrog, verdrukking, tweedrag en veral geldsug. Vir die “gesuiwerdes” wat oorgebly het, het daar nou ‘n tyd van ongekende vrede en vreugde gekom. Weens die dappere gedrag en kinderlike geloof van die gelowiges het God aan hulle die opdrag gegee om die boodskap van Sy naderende koms oor die aarde te versprei. Maar dit was asof God self in die midde van Suid-Afrika en meer spesifiek in Pretoria by haar moeder se huis in “Harmonie” was en dat Sy heerlike teenwoordigheid die harte en lewens van die mense van Suid-Afrika gevul het (The Visions of Johanna Brandt, 2010).

### 3.7.5 Waarskuwing aan die Swart “stamme” in Suid-Afrika

Ingeweef in die bostaande visioene is daar die waarskuwing aan die swart stamme. Volgens Brandt was God besig met die witmense en dan veral die “Boerevolk”. Die swartmense moet poog om onbetrokke te bly in hierdie tyd. As hulle die tyd van beproewing sou sien as hulle kans om onregte teen hulle gepleeg te vergeld, dan sou God hulle genadeloos straf. Die swartmense moes hulle onderwerp aan hulle stam-kapteins en rustig en gedweë wag vir God om Sy werk met die witmense klaar te maak en dan onderdanig die witmense volg in die wonderlike “sela” in wat sou volg na die suiweringsproses (Brandt, 1918: 4).

### 3.7.6 Die nagevolge van die pieke-ervaring van Johanna Brandt

Brandt het na die begrafnis van haar ma vir meer as 4 jaar in “Harmonie” gewoon. Die here-huis moes verkoop word om die skuld teen die boedel te vereffen maar Brandt het geweier en verskeie pogings aangewend om die verkoop daarvan te stop (van der Merwe, 2016: 153).

Haar man was destyds predikant van die Hervormde gemeente van Johannesburg en beide hy en die gemeente was erg onthuts oor Johanna se afwesigheid. Louis Brandt moes maar alleen die sewe kinders versorg. Ook haar skoonfamilie in Holland was ongelukkig met die situasie maar Johanna het eenvoudig volhard in haar besluit om in “Harmonie” te woon (van der Merwe, 2016: 154).

In hierdie tyd het Johanna haar laat volwasse-doop en het ook ‘n ervaring gehad van “spreke in tale”. Daarna het sy skynbaar die profetiese gawe ontvang (van der Merwe, 2016: 189). Dit was alles deur die toedoen van die Apostoliese Geloofsending gemeente van Pretoria. Op 5 November 1920 distansieer Ds. Louis Brandt hom van haar geloof-standpunte in onder andere die reïnkarnasie (van der Merwe, 2016: 176). Toe dit later jare algemeen bekend word dat Johanna haar laat wederdoop het, het Louis aangebied om te emeriteer (van der Merwe, 2016: 297). Louis het haar gelate toegelaat om haar eie gang te gaan soos toe sy vir ‘n lang ruk in 1925 weer alleen in Pretoria gaan bly het om “ The grape cure” te skrywe en ook toe sy verskeie wêreldreise onderneem het om haar “World Harmony Movement” bekend te stel (van der Merwe, 2016:233). Teen die einde van Louis se bediening het sy op 17 Junie 1933 in die Kensington-gemeente belydenis van haar “verkeerde optredes” afgelê en is sy weer tot die gemeente as volwaardige lidmaat toegelaat (van der Merwe, 2016: 297).

M. van der Merwe (2016: 299) som Johanna Brandt se optredes baie mooi op: “Dat hulle opreg lief was vir mekaar in ongetwyfeld waar, maar dis ook waar dat Johanna se ongewone optredes telkens ‘n stok in die speke van hulle huweliksgeluk gesteek het. Dan was dit gewoonlik Brandt wat alles in sy vermoë gedoen het en vele opofferings gemaak het om daar te wees vir haar en haar as sy vrou by te staan.

# HOOFSTUK 4

# ‘N KORT GESKIEDKUNDIGE OORSIG OOR DIE LEWE VAN NIKLAAS VAN RENSBURG. [18]

## 4.1 Geboorte en eerste jare tot voor die Tweede Anglo-Boereoorlog

Anders as in die gevalle van Johanna Brandt en Andries le Fleur, kom Niklaas van Rensburg uit ‘n eenvoudige boerefamilie van die Wes-Transvaal. Sy pa, Willem Jacobus van Rensburg en ma, Anna Catharina van Rensburg was familie van mekaar. Kort na hul huwelik in 1854 het “Kort Koos” soos hy in die algemeen bekend gestaan het, verhuis na die Oos-Vrystaat waar hy as voorman gewerk het vir ‘n sekere mnr. Flocke (Raath, 2011: 77). Weens die aanhoudende Basotho aanvalle het hulle weer terug gekeer na die Wes-Transvaal. Met die geboorte van hul derde kind, Nicolaas Pieter Johannes Janse van Rensburg [19] op 30 Augustus 1864, was hulle woonagtig op die plaas Rietkuil in die distrik van Ottosdal.

Kort Koos was ‘n onverskrokke mens met ‘n klipharde wil en sterk persoonlikheid. Daarteenoor was Anna tengerig en terug-getrokke maar diep godsdienstig. Omdat Niklaas slegs twintig dae formele onderwys ontvang het, het Anna dit haar plig geag om hom verder te help met lees- en skryf onderrig (Siener van Rensburg, 2001: 7). Sonder twyfel was Anna grootliks verantwoordelik vir die diep sin vir godsdiens wat Niklaas van kleins af openbaar het.

Soos met die meeste ander kinders van boerefamilies moes ook Niklaas van vroeg af help om die vee te versorg. Saam met ‘n ou Griekwa skaapwagter moes hulle in die woeste omgewing teen wind en weer oorlewe en baie dikwels vlug met die vee om van rowerbendes te ontsnap. Reeds in daardie tye het Niklaas voorbodes gehad van naderende gevare (Siener van Rensburg, 2001: 8). Die grootste indruk wat daardie ervarings op Niklaas gemaak het was die besef dat God sy gebede hoor en dat Hy telkens weer uitkoms gegee het.

Reeds as dertienjarige penkop het Niklaas deel gehad aan die veldtogte teen Sekhukhune (1814 - 1882). Daarna was hy ook deel van die Boeremagte wat die Engelse fort by

---

18 Daar is min wetenskaplik-aanvaarbare bronne oor die lewensverhaal van Niklaas van Rensburg. Die beste bronne is die twee boeke van A. W. G. Raath. Ek gebruik meestal hierdie boeke met enkele verwysings na artikels soos op die internet beskikbaar.

19 In die algemene omgang is “Niklaas” gebruik as sy naam. Ek gebruik “Niklaas” tot en met sy huwelik. Daarna verwys ek na hom as “van Rensburg”.

Potchefstroom gaan beleër het ten tye van die Eerste Anglo-Boereoorlog (1880 - 1881). Sonder twyfel was Niklaas vanuit sy kinderjare bekend met die geweld en tragedie van oorlog en die dood en dit moes hom diep grondig beïnvloed het.

Nog voordat Niklaas twintig jaar oud was, tree hy op 8 Januarie 1884 in die huwelik met Anna Sophia Kruger. Hulle ouers was bure en dus het Niklaas en Anna mekaar van kinds af geken. Uit hul huwelik is daar tien kinders gebore waarvan twee gesterwe het in die konsentrasiekampe. Hulle was ‘n besondere hegte familie wat mekaar wedersyds ondersteun het (Raath, 2011: 88).

Merkwaardig is dat van Rensburg reeds op 21-jarige ouderdom verkies is as kerkraadslid van die Hervormde gemeente te Wolmaransstad (Raath, 2011: 87). Gesien teen die heersende kerklike gebruike van destyds was dit ‘n aanduiding van die hoë aansien wat van Rensburg geniet het. Hy was min of meer vir die res van sy lewe ‘n dienende kerkraadslid.

Net soos sy moeder, was van Rensburg ook tenger van gestalte. Sy mees besonderse kenmerk was sy deurdringende grou oë. Dit was vir baie mense asof daar iets geheimsinnig of vreemd in sy blik was. Verder was hy eenvoudig van persoon, dikwels ingedagte maar sensitief van aard en was sy Bybel altyd iewers naby hom. As hy dit nie gelees het nie, het hy dit onder sy blad vasgeklem of was dit iewers naby hom geplaas (Raath, 2011: 89).

## 4.2 Optredes en ervarings gedurende die Tweede Anglo-Boereoorlog

Kort na die uitbreek van die oorlog op 12 Oktober 1899, het van Rensburg ook aangesluit by die Boeremagte en suidwaarts vertrek onder bevel van genl. de la Rey. So was hy deel van een van die heel eerste veldslae van die oorlog te Kraaipan. Net na die veldslag het van Rensburg se perd spoorloos verdwyn en was hy vir dae uiters neerslagtig soveel so dat sy maters hom verwyt het dat hy meer van sy perd as van die doodslag tydens die veldslag gedink het (Raath, 2011: 94).

‘n Paar dae na die slag het die kommando hulle in die omgewing van Taung bevind. Hier het van Rensburg sy eerste volwaardige visioen gehad. Voorheen was daar wel voorbodes of openbarings van mindere belang maar nou het hy vir die eerste keer ‘n bonatuurlike openbaring gehad wat hom en die Afrikaner-volk ten diepste geraak het. In hierdie ontstellende openbaring het van Rensburg die tragiese uiteinde van die oorlog gesien met die algemene verwoesting van dorpe, huise en plase sowel as vermaerde en sterwende boere kindertjies. Die ervaring was so skrikwekkend dat van Rensburg die veld in gevlug het waar sy maters hom na ure verwese en amper kranksinnig gevind het (Raath, 2011: 95). Hierdie

visioen van van Rensburg was van so ‘n diepgaande aard dat dit as ‘n pieke-ervaring [20] in sy lewe beskrywe kan word want dit het sy lewe daarna diep grondig verander.

van Rensburg was later deel van die boeremagte onder genl. Cronjé (1836 - 1911) wat by Paardeberg deur die Engelse magte omsingel is en wat op 27 Februarie 1900 moes oorgee. Gelukkig vir van Rensburg kon hy en ‘n klompie Boere-krygers uitbreek en het hy weer by die kommando van genl. de la Rey aangesluit. Hierdie ervaring het ‘n besondere diep indruk op van Rensburg gemaak en volgens sy interpretasie was die Afrikaners se “vergoddeliking” van hulle leiers die rede waarom God dit toegelaat het dat hulle die oorlog sou verloor (Raath, 2011: 99). Hiermee het van Rensburg verwys na die amperse aanbidding van genl. Cronjé en die klakkelose navolging van die burgers aan sy leierskap.

Aanvanklik het sy maters en die Boere leiers hom met agterdog bejeën maar veral toe die oorlog oorgaan in die guerrilla-fase, het hulle meer en meer op sy visioene begin staatmaak (Raath, 2011: 108). Hier het veral die penkoppe ‘n baie besonderse rol gespeel. Hulle het vir van Rensburg dit so maklik moontlik probeer maak en vir hom gesorg vir eet-, drink- en rookgoed en hom dan aangemoedig om te “voorspel” (Raath, 2011: 109). Algaande het meer en meer mense aandag begin gee aan sy bonatuurlike openbarings totdat genl. de la Rey vir van Rensburg gevra het om die verspreide kommando’s onder sy beheer te besoek en by te staan met voorspellings. Soos die oorlog verloop het, het van Rensburg ook meer en meer bonatuurlike openbarings gehad (Raath, 2011: 113). Later is selfs president Steyn (1857 - 1916) persoonlik gehelp deur van Rensburg se openbarings (Raath, 2011: 124).

Ongeveer twee maande voor die vredesluiting wat op 31 Mei 1902 plaasgevind het, het van Rensburg voorspel dat daar vrede sal kom maar dat die Afrikaner vernederd uit die stryd sou tree (Raath, 2011: 129). Die Vrede van Vereeniging was in ‘n sekere mate ook die kroon op van Rensburg se voorspellings want vir die eerste keer kon die volle impak van die oorlog op die Afrikaners bepaal word. Toe eers kon die waarheid van sy eerste visioen bevestig word en daarmee saam het van Rensburg se aansien gestyg.

## 4.3 Die tussenjare tot voor die Rebellie van 1914

Die tydperk word ingelei met die Afrikanervolk wat hulle in die mees haglike omstandighede bevind. Groot dele van Suid Afrika was verwoes en die boerekrygers het teruggekeer na ‘n hopelose situasie met geen wonings, implemente, vee en in baie gevalle met die groot

[20] In latere hoofstukke bespreek ek pieke-ervarings meer volledig.

hartseer as gevolg van die sterftes wat in die konsentrasiekampe plaasgevind het. Vele skrywers getuig van die hopeloosheid van daardie tyd. [21] Boonop was daar nog ook die verlies aan eie-regerings en dan die verskeuring in Afrikaner-geledere weens die oorlopery van "Hands-uppers" en "Joiners" (Raath, 1994: 79).

Vir van Rensburg was hierdie egter 'n besondere belangrike tyd want dit eindig met sekerlik die hoogtepunt van sy "bediening" naamlik die Rebellie en meegaande tog na Duits-Wes-Afrika. Met die vredesluiting in 1902 het van Rensburg aan genl. de la Rey genoem dat daar 'n groot oorlog aan die kom is tussen Duitsland en Engeland en dat die Boere dan haastig na "Duitswes" sou trek om ooreenkomste met die Duitsers te sluit om hul onafhanklikheid terug te kry (Raath, 2011: 169). Anders as by baie van sy volksgenote het die republikeinse hoop sterk in van Rensburg se hart en siel bly voort lewe (Raath, 94: 81).

Een van van Rensburg se belangrikste visioene het hy dan ook in hierdie moeilike tyd gesien nl. die visioen van 'n druiwetros. van Rensburg het dikwels visioene gesien van druiwetrosse maar die mees volledige opgetekende van hierdie visioene het hy op 17 November 1915 gesien. Min of meer was dit altyd 'n verbrande wingerdstok maar dan begin groei daar 'n nuwe loot aan die westekant van die stok. Later groei daar 'n druiwetros aan die nuwe loot. Dan hoor hy 'n stem wat sê dat die Afrikaner sal van brood en water lewe totdat vryheid gekom het. Daarna sal hulle van druiwe lewe (Raath, 2011: 157). Hierdie visioen kan as tiperend van van Rensburg se visioene in die tyd onder bespreking gesien word.

van Rensburg het ook teruggekeer na 'n verwoeste boerdery en bowendien het twee van sy kindertjies in die konsentrasiekamp gesterwe (Raath, 2011: 143). Die gesin het hard gewerk en kort voor lank het hulle weer 'n eenvoudige klei huis opgerig en begin om graan, groente en tabak te verbou. Stadigaan kon hulle met ruilhandel weer 'n paar stuk vee bekom en dinge het beter begin gaan. Maar dit is veral op die "geestelike" gebied van openbaringe en visioene dat dit goed met van Rensburg gegaan het. van Rensburg het soms daagliks 'n visioen van een of ander aard gesien. Vanaf kort na die vredesluiting het 'n onophoudelike stroom besoekers die eenvoudige boereplaas "Rietkuil" vertrap. Dikwels was dit die bure en gewone burgers wat van Rensburg besoek het om hulp of raad te bekom met een of ander persoonlike saak. So was daar die vrou van hulle buurman, ene Gert van Wyk wat met gesigte van die

---

[21] Kyk o.a. na Kruger *et al*, 1953: 215 en Pretorius, 1985: 86 om maar net twee te noem. In elke geval is dit meer volledig bespreek in Hoofstuk 4.

duiwel gepla was of die visioen van mnr. Bosman, die plaaslike onderwyser wat meteens oorsee sou vertrek (Raath, 2011: 53).

Vanaf 1902 het van Rensburg begin praat van groot probleme wat daar in Europa sou plaasvind. Vanaf 1905 het hierdie visioene algaande duideliker en meer begin word. So het hy in Mei 1914 reeds beweer dat Duitsland in geheim besig is om voor te berei vir die komende oorlog (Raath, 2011: 164). Toe die Eerste Wêreld Oorlog uitbreek op 28 Julie 1914 was van Rensburg weer in die kol en was hy gereed om die "hoogtepunt" van sy bediening te betree.

Met sy voorspellings in 1911 dat genl. Hertzog sou afskeur van genls. Botha en Smuts en dat die Botha/Smuts party uiteindelik sou sterf, het van Rensburg 'n groot opskudding veroorsaak. Toe die skeuring in 1912 bewaarheid word, het daar 'n stroom belangrike besoekers van Rensburg kom besoek. Daar was bekende joernaliste soos Harm Oost en politieke leiers soos genls. de la Rey, de Wet, Beyers, Kemp en selfs van die pro-Britse leiers soos Colin Steyn en Deneys Reitz (Raath, 2011: 150). Selfs persone soos die latere bekende advokaat Tielman Roos (1879 - 1935) het hom ook kom besoek.

### 4.4 Die Rebellie en tog na Duits-Suidwes-Afrika

Vir van Rensburg was die "wagtyd" vanaf die Vrede van Vereniging tot met die uitbreek van die Eerste Wêreld Oorlog nie 'n doellose tydperk nie. Die openbaringe en visioene oor die Eerste Wêreld Oorlog en die situasie in Europa was nie van deurslaggewende belang in sy eie lewe nie. Vir hom het dit om die vrymaking van die Afrikaner en die heropbou van die Boere-Republieke gegaan (Raath, 2011: 146). van Rensburg het dus die komende krisis in Europa gesien as die geleentheid wat God die Afrikaner gegee het om hul vryheid weer te verkry. Sy drome en visioene openbaar dan ook baie meer van wat in Suid-Afrika sou gebeur en wat die Afrikaner moes doen tydens die komende krisis in Europa.

In sy drome en visioene speel die "ooreenkoms" met Duitsland wat waarborge tot die onafhanklikheid van die Boere-republieke en ondersteuning op allerlei gebiede ingesluit het, die deurslaggewende rol. Trouens, reeds in 1902 het van Rensburg verklaar dat wanneer die oorlog in Europa uitbreek, die Afrikaners na Duits-Wes-Afrika moes trek om 'n kontrak te onderteken (Raath, 2011: 165). Om hierdie "ooreenkoms" met Duitsland te bereik het van Rensburg veral op genl. de la Rey en in 'n mindere mate op genl. de Wet peil getrek (Raath, 1994: 139 en Raath, 2011: 145).

Vanaf Oktober 1913 het van Rensburg reeds vermoed dat genl. de la Rey sou sterf (Raath, 2011: 175). Dit was vir hom 'n groot skok maar getrou aan sy geaardheid, het hy berus in die wil van die "Gees". Meer en meer het die datum "die vyftiende" van 'n onbekende maand na

vore gekom in van Rensburg se visioene. Kruger *et al* (1953: 54) beweer dat van Rensburg oortuig was dat genl. de la Rey op 15 Augustus die opstand sou begin wat sou lei tot onafhanklikheid van die Boererepublieke maar gee geen bronne ter bevestiging hiervan nie. Ek aanvaar dus Raath se uitspraak dat van Rensburg oortuig was dat genl. de la Rey sou sterf, maar dat dit die beste vir die Afrikanervolk sou wees en dat dit sou lei tot ‘n reuse verandering in Suid Afrika (2011: 177). van Rensburg se visioen rondom die “vyftiende dag” is dan toe ook vervul met die dood van genl. de la Rey op 15 September 1914.

By die begrafnis op 20 September 1914 te Lichtenburg was daar tussen sewe- en tienduisend mense teenwoordig. Baie van hulle was oud-stryders wat gewapend te perd daar opgedaag het. Die algemene gevoel was dat genl. de la Rey opsetlik geskiet is en daar is besluit om ‘n algemene vergadering op Maandag 21 September te hou. Genls. Botha en Smuts het ook die begrafnis bygewoon maar het aangeneem dat die ongelukkigheid oor die betrokkenheid van die Unie by die Britse oorlogspoging nou die nek ingeslaan was (Raath, 2011: 208). Dit was ‘n verkeerde gevolgtrekking. Ongeveer 1, 000 mense het die vergadering bygewoon waarvan baie van hulle gewapen was en die gemoedere het hoog geloop (Raath, 2011: 199). Daar is besluit op ‘n verdere vergadering op 23 September 1914 te Koppies. van Rensburg het hierdie vergadering ook bygewoon.

Met die vergadering te Koppies het genl. de Wet ‘n toespraak gehou waarin hy die toehoorders herinner het dat Duitsland die boeresaak altyd goedgesind was en gehelp het met wapentuig en ammunisie gedurende die Tweede Anglo-Boereoorlog. Hy het vanuit Hosea 5:10 verklaar dat diegene wat die grenspale wil omstoot vervloek sou wees (Raath, 2011: 200). Dit het ‘n groot indruk op van Rensburg gemaak en hy het daarna verklaar dat genl. de Wet die vader van die komende Republiek is. Hy het vele visioene daarna gehad wat hierdie gedagte ondersteun en verder uitgebou het (Raath, 1994: 139).

Ongeveer op 11 Oktober 1914 het van Rensburg sy vrou gevra om vir hom en sy seuns voorbereidings te tref vir die komende tog na Duits-Wes-Afrika. Hy het daarna reëlings getref vir die veiligheid en versorging van sy vrou en agterblywende kinders. Op 20 Oktober is sy voorspellings dan ook bewaarheid en het hy saam met drie van sy seuns na die staning van genl. J. C. G. Kemp (1872 - 1946) gegaan (Raath, 2011: 213). Die tyd het nou vir van Rensburg aangebreek dat die allesoorheersende “traktate met die Duitsers” gesluit moet word. Sonder twyfel was van Rensburg een van die groot dryfkragte en inspirasie agter hierdie uitmergelende tog deur die suidelike Kalahari en as dit nie vir sy inspirerende visioene en vrome gebede was nie, sou die tog seker nie geslaag het nie (Siener van Rensburg, 2001: 8). Dit was dan ook die rede waarom van Rensburg later met die verhore van die Rebelle as

leiersfiguur aangekla is alhoewel hy geen offisiersrang beklee het nie. Hy is tot tronkstraf van agtien maande gevonnis (Raath, 2011: 287).

Een van van Rensburg se mede-rebelle was ‘n Skot wat later jare ‘n boek oor die tog laat publiseer het onder die skuilnaam van “Kalahari Mac” (1949. Agter die skerms met die Rebelle). Hy vertel van ongelooflike ervarings oor hoe die Rebelle-magte dikwels uit die mees benoude omstandighede tot veiligheid gelei is deur die visioene van “oom van Rensburg” soos Niklaas toe bekend gestaan het. Die tog om Duits-Wes-Afrika te bereik was suksesvol en die ongeveer 600 rebelle het op 28 November 1914 uiteindelik Duits-Wes-Afrika kon betree (Raath, 2011: 258).

Kort daarna is van Rensburg se jarelange droom bevestig toe op 6 Desember 1914 genl. Maritz die getekende traktaat van die Duitse goewerneur Theodore Seitz (1863 - 1949) ontvang het (Siener van Rensburg, 1971). Hiervolgens sou Duitsland die onafhanklikheid van Suid-Afrika erken. Suid-Afrika sou Walvisbaai en die eilande aan die kus van Duits-Wes-Afrika, wat aan die Kaapkolonie behoort het afstaan en Duitsland sal ook geen beswaar maak as Suid-Afrika Delagoabaai in die destydse Portugees-Oos-Afrika (deesdae Mosambiek) annekseer nie (Kruger *et al*, 1953. Deel 5: 68). Genl. Maritz het daarna ‘n onafhanklikheid-verklaring uitgegee met ‘n voorlopige regering bestaande uit genls. C. F. Beyers, A. P. Bezuidenhout, C. de Wet, J. C. G. Kemp, M. Maritz en ook kommandant A. Kamfer (Kruger *et al*, 1953. Deel 5: 82).

Op dieselfde dag het van Rensburg aan genl. Kemp gesê dat die taak waarvoor hulle na Duits-Wes-Afrika getrek het voltooi was en dat die rebelle nou die wapen moes neerlê. Hy het voortgegaan en vertel dat genl. Botha Duits-Wes-Afrika sou afneem van die Duitsers en dat die Duitsers die oorlog sou verloor maar dat daar ‘n tweede oorlog sou kom waar Duitsland dinge sou regstel (Raath, 2011: 260). Dit het tot gevolg gehad dat genl. Kemp sy rug op van Rensburg gedraai het omdat hy meer verwag het van die tog na Duits-Wes-Afrika as om bloot ‘n verdrag met die Duitsers te gaan onderteken. Hy het van Rensburg van misleiding beskuldig en hulle paaie het permanent uitmekaar gegaan (Raath, 2011: 254).

Na ongeveer twee weke se rus in die omgewing van Nakop in Duits-Wes-Afrika, het die Rebelle-kommando stadigaan suid begin beweeg om die Oranjerivier by Skuitdrif op 21 Desember 1914 te bereik. Dit skyn asof genls. Kemp en Maritz hulle op hierdie stadium nie veel aan van Rensburg se “nuwe” visioene gesteur het nie want hulle het nou die Rebellie voortgesit met aanvalle op die Unie-troepe naby die grens van Duits-Wes-Afrika (Raath, 2011: 266). Met die aankoms van die grootste groep rebelle het daar dadelik ‘n paar veldslae plaas gevind nl. by Skuitdrif en Nous waar hulle ‘n groot hoeveelheid kos gebuit het (Kruger *et al*,

1953. Deel 5: 82). Na die Rebelle ook die regeringstroepe by Lutzputs verslaan het op 18 Januarie 1915, moes hulle egter hoor dat genl. Beyers verdrink het en dat genl. de Wet gevange geneem is (Raath, 2011: 267). Genl. Kemp het nog met die regeringsmagte probeer onderhandel maar daar was geen vredes-beloftes van regeringskant af nie. Hulle moes dus voortgaan met die gewapende optredes. Dus val die Rebelle Upington aan op 24 Januarie 1915 maar hulle het die geveg verloor. Genl. Maritz het gevlug na Duit-Wes-Afrika maar genl. Kemp tesame met die oorgrote Rebelle-mag het besluit om oor te gee en op 3 Februarie 1915 is hulle in hegtenis geneem en kort daarna per trein weggevoer na die destydse Transvaal (Kruger *et al*, 1953. Deel 5: 83).

van Rensburg is saam met die offisiere-groep geplaas en is aanvanklik in Boksburg-gevangenis aangehou. Die eerste 14 dae was hy in eensame-aanhouding geplaas maar is daarna oorgeplaas in ‘n gewone sel saam met ander Rebelle-offisiere (Raath, 2011: 285). Aan die einde van Junie 1915 is hulle almal oorgeplaas na die Fort in Johannesburg in afwagting op die hofsake wat begin het. Op 9 September 1915 is Niklaas van Rensburg gevonnis tot 18 maande gevangenisstraf plus £50 boete vir sy aandeel in die Rebellie (Raath, 2011: 287). Opvallend is dat advokaat Tielman Roos deel van die verdediging-span was vir van Rensburg en die ander Rebelle-offisiere (Raath, 2011: 290).

Sommige van die Rebelle-offisiere is reuse boetes opgelê soos byvoorbeeld die £1, 000 boete van genl. Kemp en die £2, 000 boete van genl. de Wet (Raath, 2011: 296). Dit het aanleiding gegee tot die stigting van die Helpmekaarfonds deur ‘n groep vooraanstaande boere-vroue (Kruger *et al*, 1953. Deel 5: 84). Binne maande is die merkwaardige bedrag van £230, 000 ingesamel wat £100, 000 meer was as die totale boetes wat die Rebelle opgelê is (Helpmekaar Fonds, 2015). Op 10 Mei 1916 is van Rensburg op parool vrygelaat nadat hy net minder as 16 maande in aanhouding was (Raath, 2011: 305). Die voorwaardes vir sy parool was onder andere dat hy geen deelname aan politieke partye of openbare vergaderings mag hê nie en nie die distrik van Wolmaransstad mag verlaat sonder toestemming van die magistraat nie (Raath, 2011: 305). Hierdie parool-voorwaardes is eers na ongeveer 9 jaar opgehef wat beteken het dat van Rensburg min of meer permanent op sy plaas was of hoogstens in die Wolmaransstad distrik rond kon beweeg tot 1925 (Raath, 2011: 340).

## 4.5 Die “goue jare” van bonatuurlike openbaringe, drome, visioene en profetiese ervarings

Kort na sy vrylating sien van Rensburg in ‘n visioen hoedat die hele aarde “omgeploeg” word en vra hy sy dogter Anna om in die vervolg sy visioene en drome sorgvuldig op te teken. In die bykans 10 jaar wat hierop volg doen sy dit getrou en beskrywe sy min of meer 400

openbarings (Raath, 2011: 335). Weens sy betrokkenheid by die Rebellie moes hy sy ouderlingsamp neerlê. Hy is egter na 'n ruk weer as ouderling in die Hervormende gemeente van Wolmaransstad gekies (Raath, 2011: 336). Met groot ywer het hy sy werksaamhede as ouderling voortgesit en heel dikwels iewers in sy wyk gepreek. Hy het soms vir tot 2 weke op wyksbesoeke gegaan. Aanvanklik was daar 'n onophoudelike stroom besoekers wat van Rensburg op Rietkuil kom besoek het. Na die opheffing van sy parool voorwaardes, het mense vir hom geld gestuur sodat hy hulle moes kom besoek wat hy dan ook geredelik gedoen het (Raath, 2011: 342).

Vele van die Rebelle van die destydse Wes-Transvaal was in groot finansiële verknorsing. Die ontdekking van diamante in die Bakersville omgewing was 'n groot uitkoms vir hulle. Twee van van Rensburg se seuns het ook daar gaan delf. Nadat hy hulle op 'n keer opdrag gegee het om in die geel grond agter hulle te gaan grawe, het hulle 'n redelike groot diamant gekry (Raath, 2011: 359).

Behalwe vir openbarings betreffende behoeftes van spesifieke mense soos hierbo genoem oor die diamante, het van Rensburg ook vele openbarings gehad ten opsigte van komende verwikkelings binne Suid Afrika en ook oor wêreld sake. So skrywe hy op 13 September 1920 aan ene S. Naudé van die V.S.A. as die opkomende wêreld-moondheid (Raath, 2011: 356). Reeds in 1919 voorspel hy dat Duitsland weer in 'n oorlog betrokke sal raak en dat Duitsland ook hierdie oorlog sou verloor maar daarna sou die einde van Groot Brittanje as wêreldmoondheid plaasvind (Raath, 2011: 369). Hy voorspel ook groot veranderings in Europa soos byvoorbeeld opstande in Spanje, die onafhanklikheid van Ierland en die opkomende nasionalisme in Afrika (Siener van Rensburg, 2015).

Die meeste van sy openbarings sentreer steeds rondom die Afrikaners en hulle wel en weë. So voorspel hy duidelik die dood van genl. de Wet (Raath, 2011: 352), die val van die Smuts-regering (Raath, 2011: 362), die simboliese Ossewatrek van 1938 (Raath, 2011: 367), die oprigting van die Voortrekkermonument (Raath, 2011: 368) en die komende Republiekwording in 1961(Raath, 2011: 393).

Op 11 Maart 1926 sterf van Rensburg in die ouderdom van 61 jaar en ses maande. Sy begrafnis was 'n grootse affêre met baie besoekers van oral oor en predikante van verskillende Afrikaanse kerke wat die begrafnisdiens waargeneem het. Sy eenvoudige boedel het maar in totaal £1, 671 beloop wat die plaas Rietkuil ingesluit het. Trou aan sy geaardheid het hy alles wat hy het met sy medeburgers gedeel terwyl hy nog gelewe het en basies as 'n arm man gesterwe (Siener van Rensburg, 2015).

## 4.6 ‘n Bondige bespreking van Niklaas van Rensburg se bonatuurlike openbaringe, drome, visioene en profetiese ervarings

### 4.6.1 Inleiding

Niklaas van Rensburg het gedurende sy lewe nie minder nie as 700 visioene gehad (Siener van Rensburg, 2016). Anders as met Brandt en le Fleur is die meeste van sy visioene noukeurig opgeteken. Twee bundels is gedurende die Rebelle tog van 1914 deur ene C. Nieuwenhuizen opgeteken terwyl ‘n derde bundel, ook deur Nieuwenhuizen meer algemene visioene beskrywe het na die Rebellie (Raath, 2011: 22). Die belangrikste bron is egter die meer as 400 visioene wat sy dogter Anna vanaf 15 Augustus 1916 tot Januarie 1926 opgeteken het. Dit val buite die bestek van hierdie navorsing om na al sy visioene te kyk. Baie van die visioene was vir spesifieke mense op spesifieke tye en plekke bedoel terwyl ander meer algemeen van aard was. Dan was daar visioene wat min of meer herhalings van voriges was en ook sommige wat as’t ware voortbou op ‘n vorige visioen. Daar is egter verskeie visioene met duidelik ooreenstemmende beelde en herhalende temas.

Om die sentrale navorsingsvraag soos in hoofstuk 1 genoem nl.: “Het die Zeitgeist van die jare 1900 - 1950 ‘n bepalende invloed uitgeoefen op die openbaringe, drome, visioene en profesieë van J. M. Brandt, A. A. S. le Fleur en N. van Rensburg of minstens op die interpretasies daarvan?” te bespreek gaan ek van Rensburg se visioene in 4 hooftemas saamvoeg. Om hierdie 4 hooftemas te bespreek, maak ek meestal gebruik van die werke van Raath.

Die opgetekende visioene van Niklaas van Rensburg is net soos in die gevalle van Brandt en le Fleur meestal kort sinne en gewoonlik baie deurmekaar met vele simbole en met gebruikmaking van onbekende beelde of beeld sprake. Goeie voorbeelde hiervan is te vind in die boek deur van Rensburg se dogter oor sy visioene (Badenhorst, 1999).

### 4.6.2 Die Anglo-Boereoorlog se uitkoms

Die pieke-ervaring wat van Rensburg naby Taung op die nag van 22 Oktober 1899 gehad het, het ook ten nouste saamgehang met die uitkoms van die oorlog (Raath, 2011: 94). Die beelde van verhongerde kinders en vrouens, verwoeste plase en verbrande opstalle, het van Rensburg byna waansinnig gedryf. Daarna sien hy ‘n tweede visioen waarin kommandant - generaal Piet Cronjé oorgee aan die Engelse (Raath, 2011: 99). In ‘n sin was dit die draaipunt van Niklaas van Rensburg se neerslagtigheid, want daarna sien hy hoe boerekrygers wapens uitgrawe en met nuwe ywer die stryd voorsit. van Rensburg is dan ook deel van die boeremagte wat tot die bitter einde geveg het. Reeds op 21 Maart 1902 vertel hy vir sy

makkers dat daar vrede aan die kom is en dat daar onderhandelings aan die gang was by Klerksdorp (Raath, 2011: 129). Kort daarna het hy die vredesluiting noukeurig beskrywe en ook hoe drie boere-generaals Europa sou gaan besoek om hulp vir die verslane Boere te soek (Raath, 2011: 133).

Die visioene van Niklaas van Rensburg in hierdie tydperk het hom gevestig as “Siener” in die geledere van veral sy mede-burgers van die Wes-Transvaal.

#### 4.6.3 Die dood van genl. Koos de la Rey

Daar het ‘n baie besonderse band tussen genl. de la Rey en van Rensburg bestaan wat spruit vanuit die oorlogstyd. Genl. de la Rey was deel van die eerste Unie kabinet en was die groot kampvegter vir die verkryging van onafhanklikheid van Groot-Brittanje en het sterk gesteun op van Rensburg se visioene om die Engels-gesinde politieke leiers te probeer uitoorlê (Raath, 2011: 159). Reeds in 1902 het van Rensburg aan genl. de la Rey genoem dat daar ‘n groot oorlog sou uitbreek tussen Brittanje en Duitsland en dat die boere die geleentheid moes gebruik om hul onafhanklikheid te verkry (Raath, 2011: 165). Met die dreigende oorlog (Julie 1914 - November 1918) het ook die spanning in Suid-Afrika opgelaai en is daar baie na genl. de la Rey opgesien om die boere te lei na onafhanklikheid (Raath, 2011: 174). In sy visioene het genl. de la Rey ‘n baie belangrike rol gespeel en daarom was van Rensburg uiters geskok toe hy in Oktober 1913 sien dat die generaal sou sterf (Raath, 2011: 175).

Die visioene van die herstel van die boere-republieke en die belangrike rol van genl. de la Rey en dan die visioen oor genl. de la Rey se sterwe weerspreek mekaar en dit het onsekerheid by van Rensburg laat ontstaan oor wat sou gebeur. Kort voor die aanvang van die oorlog sien van Rensburg hoe die boerekrygers trek na Duits-Wes-Afrika om te gaan onderhandel vir hulle onafhanklikheid maar genl. de la Rey is nie saam nie. Om een of ander onbekende rede het van Rensburg niks hiervan aan genl. de la Rey genoem nie. Op 13 Sep 1914 laat teken van Rensburg op dat donkerte toesak oor die aarde maar dat mev. Nonnie de la Rey sonder haar man in haar huis sit (Raath, 2011: 190). Drie maande voor dit het hy baie swaarmoedig aan sy dogters, Anna en Letta vertel dat die einde van genl. de la Rey naby was. Alhoewel de la Rey toe reeds ingelig was dat op die 15de dag van ‘n onbekende maand sou daar iets baie groots gebeur met hom (Raath, 2011: 176) het van Rensburg tog gehoop dat op daardie dag sou genl. de la Rey begin met die Rebellie. So sterwe die generaal dan op die 15 September 1914. Toe dit bekend word dat van Rensburg reeds in Oktober 1913 bekend gemaak het dat genl. de la Rey sou sterf het dit grootliks bygedra dat hy nou landswyd bekend geword het as die “Siener”.

### 4.6.4 Die Rebelle-tog na Duits-Wes-Afrika en die sluiting van 'n ooreenkoms met Duitsland.

In 1902 het van Rensburg begin praat van die vinnige trek van Boere-krygers na Duits-Wes-Afrika om die *"traktate"* met die Duitsers te gaan maak (Raath, 2011: 169). Soos in die vorige hoofstuk genoem was van Rensburg een van die groot dryfvere agter die Rebellie van 1914 en beslis van die gevolglike tog deur die Noord-Kaap na Duits-Wes-Afrika. Dit is oor en oor deur mede-rebelle bevestig en in 'n sin is dit die hoogtepunt van Niklaas van Rensburg se "bediening" (Raath, 2011: 212).

Met 'n volksbyeenkoms gehou te Koppies in die Vrystaat op 23 September 1914 het van Rensburg 'n visioen beskrywe waarin hy 'n pragtige appel sien wat van 'n boom afval en wegrol. Dan verander die appel in 'n pragtige dogtertjie (Raath, 2011: 49). van Rensburg het daarna verklaar dat die tyd vir die geboorte van die onafhanklike republieke naby is. Hy het kort daarna in die openbaar verklaar dat God deur hom Sy plan met Suid-Afrika bekend maak en dat hy wat van Rensburg is saam met die Rebelle sou wees en hulle sou waarsku teen naderend gevare (Raath, 2011: 214).

Onderweg na Duits-Wes-Afrika het van Rensburg by geleentheid verklaar dat "*Oom Koos*" (genl. de la Rey) *op Bokkie* (sy ryperd) *saam met hulle is maar dat hy hom bietjie eenkant hou*" (Raath, 2011: 236). Later verklaar hy dat so seker soos wat die son skyn oor die Rebelle hulle binnekort die Vierkleur-vlag oor Suid-Afrika sou sien wapper (Raath, 2011: 248). Toe die Rebelle Duits-Wes-Afrika begin nader verklaar van Rensburg dat die babatjie wat hy by Koppies gesien het sal groei en dat sy die mooiste dogter sal word wat ooit in Suid-Afrika gebore is. Maar sy sal in Duits-Wes-Afrika te voorskyn kom (Raath, 2011: 256). Op 6 Desember 1914 het genl. Manie Maritz die onafhanklikheidsverklaring uitgebring en 'n republiek uitgeroep.

Daarna het van Rensburg aan genl. Kemp verklaar dat hulle taak voltooi was en dat hulle moes oorgee aan die Unie-soldate (Raath, 2011: 260). Dit was vir van Rensburg die einde van die Rebellie want dit waarvoor hulle gekom het, die *"traktate"* wat hy reeds in 1902 gesien het, is geteken en die doel is bereik (Raath, 2011: 279). Hierdie optrede van Niklaas van Rensburg het hom en genl. Kemp permanent vervreemd van mekaar. Kemp het van Rensburg daarvan beskuldig dat hy hulle mislei het met die versekeringe dat hulle die beloofde republieke sou verkry maar van Rensburg het ontken dat hy dit voorspel het (Raath, 2011: 364).

Die Rebelle is kort daarna verslaan en die meeste is in hegtenis geneem. Baie moes jare tronkstraf uitdien en reuse bedrae boetes betaal (Sien gedeelte 4.4 hierbo).

#### 4.6.5 Die Toekoms van Suid-Afrika

Soos reeds genoem het van Rensburg ‘n visioen gehad in 1914 waarin die Vierkleur-vlag geplant staan naby die Oranjerivier. Volgens hom was dit God se belofte dat die onafhanklike boere-republieke se totstandkoming naby is en dat dit vir altyd sou bestaan (Raath, 2011: 321). Daarna het hy verskeie visioene gehad van ‘n wingerdstok waarvan die mees bekende plaasgevind het op 15 November 1915. In hierdie visioen het daar ‘n verskroeide druiwestok in die weste gestaan maar dan kom daar nuwe lote te voorskyn en later begin die stok pragtige druiwetrosse dra (Raath, 2011: 157). Volgens van Rensburg sou dit beteken dat die boere-republiek van Suid-Afrika tot stand sou kom en baie vreugde en voorspoed sou geniet.

Na die Rebellie het hy verklaar dat God dit toegelaat het dat die Unie troepe Duits-Wes-Afrika moes inneem sodat die Botha-regering die spoorlyn kon verleng van Upington na Windhoek aangesien die Duitsers iewers in die toekoms wapentuig en proviand aan die boere deur middel van dieselfde spoorlyn sou lewer (Raath, 2011: 320). Hierdie spoorlyn sou die Afrikaners help om die Engelse te beveg en uiteindelik die land uit te jaag. Hy het gesien dat genl. Jan Smuts minder en minder belangrik word in Suid-Afrika totdat hy later in die niet verdwyn (Raath, 2011: 348).

Behalwe vir die voorspelling van die simboliese Ossewatrek van 1938 (Raath, 2011: 367) en die oprigting van die Voortrekkermonument (Raath, 2011: 368) sien hy ook die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika in 1961 (Raath, 2011: 393). Hy verklaar dat die Republiek die genadegawe van God sal wees weens die geloof van die Afrikanervolk en dat die kinderskaar van gestorwenes van die konsentrasiekampe tesame sal juig met die volk (Raath, 2011: 387). Die republiekwording sal plaasvind na ‘n tweede groot oorlog waarin Engeland die knieë sou moes buig voor Duitsland en wanneer Duitsland sy verlore kolonies in Wes- en Oos-Afrika sou terugwen (Badenhorst, 1999: 52). Daarna sou die Boerevolk die Engelse by Durban finaal uit die land uitjaag en dan sal Groot Brittanje ophou bestaan as ‘n wêreld-moondheid.

Die uiteinde van Suid-Afrika sou wees dat die swartmense sou opstaan maar hulle “gees” sou hulle verlaat en wegvlieg soos ‘n voël (Raath, 2011: 396). Dit sal donker tye in Suid-Afrika wees maar nie so donker soos in die res van die wêreld nie en dit weens die geloof van die Afrikaner vroue (Badenhorst, 1999: 53). Daarna klaar die duisternis op en die helder dag breek deur vir Suid-Afrika (Raath, 2011: 397)

### 4.6.6 Samevatting

Die belangrikste visioene van Niklaas van Rensburg vir die tydperk (1900 - 1950) onder bespreking handel oor die wel en weë van die Afrikaner en veral die ontstaan van die onafhanklike republiek(e?). Hierin speel Duitsland ‘n belangrike rol (Siener van Rensburg, 2016). van Rensburg het “gedroom” van ‘n toekoms waarin die verslane en vernederde Afrikaners sou opstaan, hulle self sou laat geld, die groot vyand van die Boere uiteindelik verdwyn en waar die Afrikaners “vergoed” is vir die vernedering en verguising van die Tweede Anglo-Boereoorlog (Siener van Rensburg, 2016).

# HOOFSTUK 5

## DIE ZEITGEIST VAN DIE TYDPERK 1900 - 1950. [22]

### 5.1 ‘n Sosio-politieke oorsig

Die *Zeitgeits* van die tydperk 1900 - 1950 begin min of meer met die vernedering van die Afrikaner met die Vrede van Vereeniging (31 Mei 1902) en eindig met die oorwinning van die Nasionale Party onder leiding van dr. D. F. Malan in die algemene verkiesing van 1948. Tussen hierdie twee “waterskeidings” lê daar die reuse omwentelinge van die Uniewording in 1910, die Eerste Wêreld Oorlog van 1914 - 1918 met die gepaardgaande Rebellie, die groot Depressie van die laat twintiger-jare, die erge droogte van die dertiger-jare en ook die Tweede Wêreld Oorlog. Hierdie gebeurtenisse het ‘n groot invloed gehad op die *Sitz im Leben* van destyds en kon dus vir Brandt (1876 - 1964), le Fleur (1867 - 1941) en van Rensburg (1864 - 1926) diepgrondig beïnvloed het.

In ‘n poging om die Anglo-Boereoorlog te verhoed is daar van 31 Mei 1899 tot 6 Junie 1899 die Bloemfonteinse Konferensie gehou wat president Paul Kruger ook bygewoon het (Pienaar, 1938. 11). Weens die onversetlikheid van sir Alfred Milner (1854 - 1925) [23], die Britse Hoë Kommissaris aan die Kaap, het pres. Kruger op ‘n stadium in trane uitgebars en hom toegesnou dat Engeland net een begeerte het en dis was om die Zuid-Afrikaanse Republiek te vat (Armstrong, 1945: 58). Genl. Smuts verklaar in ‘n brief aan Emily Hophouse later dat hy toe geen ligstraal van hoop kon sien vir die toekoms van die Afrikaners nie (Oberholster, 1979: 11).

Ons begin dus met trane in ‘n hopelose tyd. Wat het daarna gebeur dat die situasie verander het?

Kort na die verklaring van vrede op 31 Mei 1902, vertrek genls. Botha, de Wet en de la Rey na Europa om hulp vir die verslane boere te gaan soek. Op pad na Kaapstad doen hulle o.a. ook op Stellenbosch aan waar genl. de la Rey ‘n toespraak hou. Hy verklaar dat hy sy Mauser

---

[22] Sien voetnota 6 op bladsy 8.

[23] Neal Ascherson, Skotse joernalis vergelyk Alfred Milner en Adolf Hitler met mekaar spesifiek weens Milne se hardvogtige optredes teenoor mense wat hy mindere aan die Britse volk beskou het. (Giliomee. 2018:70)

en sy vlag begrawe het maar ten minste is Suid-Afrika nou een land (Meiring, 1972: 10). Ds. H. S. Bosman eggo hierdie hoop in 'n uitspraak tydens die Kaapse sinode-sitting van die Nederduits Gereformeerde Kerk gehou in 1903 toe hy verklaar dat *"Onze volk is onder maar niet dood. En zolang het kerklike leven sterk zal zijn, zolang zal ook ons volk sterk zijn"* (van Valen, 2008: 283).

Die volk het opgestaan en geen enkele persoon is meer tiperend hiervan as genl. Jan Smuts nie. Van 'n gebroke man na die Anglo-Boereoorlog tot lid van die Britse kabinet tydens die twee wêreld oorloë. Hy was grotendeels verantwoordelik vir die totstandkoming van die Britse Koninklike Lugmag (J. C. Smuts, 2011: 11). In 1918 publiseer hy die "The League of Nations, a practical Suggestion" wat die grondslag vorm vir die stigting van daardie organisasie (J. C. Smuts, 2011: 11). Sy boek "Holism and Evolution", gepubliseer in 1926, gee hom groot aansien wêreldwyd. Tydens die eeu-feesvieringe van die Britse Vereniging vir die Bevordering van Wetenskap in 1931 word hy verkies as voorsitter (Armstrong, 1945: 311). Tydens die Tweede Wêreld Oorlog word hy tot veldmaarskalk van die Britse Leër uitgeroep en het hy dikwels in een of ander van die koninklike paleise in Engeland oornag (Armstrong, 1945: 315). Hy was 'n persoonlike vriend van o.a. eerste minister Winston Churchill (1874 - 1965) en allerlei eretitels en internasionale toekennings word aan hom toegeken (Armstrong, 1945: 315). Op 25 November 1943 lewer hy 'n toespraak in die Britse parlement waarin hy 'n oproep doen vir die stigting van 'n nuwe wêreld-organisasie wat wye uitvoerende mag sal hê en waar die groot moondhede veto-magte sal hê (J. C. Smuts, 2011: 19). Hy skrywe ook die "Handves van Menseregte" wat in die Verenigde Volke Organisasie se grondwet opgeneem is.

Maar dan draai die gety teen genl. Smuts. Tydens sy besoek aan die V.V.O. in 1946 om die toekoms van Suidwes-Afrika te bespreek, word hy erg gekritiseer deur die Indiese afgevaardigde en veroordeel oor sy rassebeleid (van Jaarsveld, 1971: 254). Kort van tevore het hy ds. Henri Cruse van die N. G. gemeente te Rondebosch laat kom en hom gevra waarom die Afrikaners hulle rug op hom gedraai het. Ds. Cruse kon hom nie antwoord nie maar het wel verklaar dat dit te polities te laat was vir die generaal en al wat oorbly is dat hy na die kerk moes terugkeer (Meiring, 1972: 44).

Met die verkiesing van 26 Mei 1948 het genl. Smuts sy setel in Standerton verloor sowel as sy eerste ministerskap van Suid-Afrika (J. C. Smuts, 2011: 27). Genl. Smuts het aangebly as leier van die opposisie maar met die provinsiale verkiesings van Maart 1949 was die skrif vir hom aan die muur. Suid-Afrika het hom verwerp en 'n nasionalistiese koers ingeslaan (J. C. Smuts, 2011: 28).

## 5.2 Die opkoms van Afrikaner-Nasionalisme

Die geboorte van die Afrikaner-nasionalisme van die twintigste eeu lê moontlik by die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners in die Paarl op 14 Augustus 1875 (Floyd, 1975: 63). Daarna op die vooraand van die Slag van Majuba op 26 Februarie 1881 het die leiers van die Z.A.R. in 'n verklaring gesê hulle gee nie om of hulle die veldslag wen of verloor nie want net soos in die V.S.A. sal die Afrikaners opstaan want Afrika behoort aan die Afrikane (de Kock, 1986: 53). Hierdie is 'n belangrike uitspraak want hiermee identifiseer die Afrikaner hom met Afrika en met 'n eie taal alhoewel dit toe nog Hollands-Afrikaans was. Die vryheid is bekom en Paul Kruger is verkies tot president van die Z.A.R. Hy verklaar in 1893 dat as 'n mens onverskillig staan teenoor sy moedertaal hy ook onverskillig is teenoor sy voorouers en sy nasionaliteit en gevolglik teenoor sy Bybel en sy God (Floyd, 1975: 53).

Die doring in die vlees van die Afrikaners was Cecil John Rhodes (1853 - 1902) wat alles in sy vermoë gedoen het om sy ekonomiese belange in die Z.A.R. uit te brei. Iewers voor Oktober 1895 beskuldig die bekende Olive Schreiner (1855 - 1920) hom dat hy saam met die Uitlanders konkel en oneerlike aantygings maak teenoor die Z.A.R. se leiers (Armstrong, 1945: 27). Met die Jameson-inval van die Z.A.R. op 29 Desember 1895 was baie Afrikaners regoor die vier kolonies erg ontstoke en het hul nasionalisme 'n verdere hupstoot gekry (Armstrong, 1945: 32). G. H. Calpin haal vir Winston Churchill aan waar hy skrywe in 1899 dat die rede vir die komende oorlog met die Boere-republieke het net een ware rede naamlik of Suid-Afrika 'n Britse- of Boere land sou wees (1968: 17). Selfs die bekende ds. Andrew Murray (1828 - 1917) skrywe in die Kerkbode van 12 Oktober 1899 dat die rede vir die oorlog Britse imperialisme is en nie die Uitlander-kwessie is soos wat die Britse pers dit wou verklaar nie (van Valen, 2008: 279).

Murray se pleidooi dat die Britte moet afsien van die sonde en skande van die oorlog het niks gedoen om hulle gesindheid te verander nie (van Valen, 2008: 279). Dit was duidelik dat Britse imperialisme dit nie kon duld dat daar selfstandige en suksesvolle republieke bestaan op hulle grense nie. Hulle het bowendien Hollands-Afrikaans gepraat en was dus 'n effektiewe teenvoeter vir die verengelsingsbeleid van die gebiede onder Britse bestuur (van Valen, 2008: 277).

In die na-oorlogse tyd is die gebroke Afrikaanse nasionaliteit net meer gestaal deur sir Alfred Milner wat nou die bestuur van al vier die kolonies oorgeneem en volstoom voortgegaan het met sy verengelsingsbeleid (Meiring, 1972: 12). President M. T. Steyn (1857 - 1913) skrywe dat die Engelse taal in die mond van 'n Afrikaner is die taal van 'n slaaf (Floyd, 1975: 73). Toe Milner boonop begin met 'n grootskaalse immigrasie projek om Engelssprekendes na die

Kolonies te bring het die Afrikaners besef dat hulle sal moet opstaan om hul taal en posisie in Suid-Afrika te herstel (van Wyk, 1983: 21).

Met die instelling van beperkte selfbestuur in die kolonies was hulle gereed en in Mei 1904 stig hulle die “Het Volk” party in Pretoria met genls. Beyers, Botha, de la Rey en Smuts as leiers (Armstrong, 1945: 122). In 1906 neem genl. Hertzog die leierskap van “De Orangia-Unie” in die Vrystaat oor en begin hom beywer vir die instelling van Hollands in die Vrystaatse skole (Oberholster, 1979: 8).

Nog ‘n fout wat sir Alfred Milner gemaak het was om sestig duisend Chinese kontrakwerkers te bring om in die goudmyne in die Transvaal te kom werk (Armstrong, 1945: 122). Gesien in die lig van die reuse armblanke-vraagstuk onder die Afrikaners het hulle dit as ‘n direkte aanval op hulle gesien.

Taalgelykheid is gewaarborg met die Verdrag van Vereniging onder artikel 6 (Pretorius, 2001: 101). Genl. Hertzog moes egter ‘n opdraande stryd voer om dit in die Oranje Vrystaat toegepas te kry (Goosen, 1953: 65). Hy het egter voet by stuk gehou en dit ingevoer gekry in 1908. Dit het in die Britsgesinde pers ‘n herrie veroorsaak want volgens hulle was ‘n goeie Afrikaner iemand wat bereid was om sy taal en kultuur op te gee en die Engelse lewensbeskouing aan te neem. Hulle wat weier om dit te doen is verdoem as fanatici, ekstremiste en rassiste (van Jaarsveld, 1971: 233). Dit het die vlam van nasionalisme onder die Afrikaners verder aangeblaas. Toe die Unie uiteindelik tot stand kom, het die Afrikaners suksesvol daarop aangedring dat taalgelykheid in die wetboeke ingeskrywe word. Dit is ook toe gedoen onder Artikel 37 van die Suid-Afrika Wet (Eksteen, 1978: 58).

In 1909 is daar ernstig begin met die onderhandelings met die oog op Uniewording. Die Britse regering het terug gegaan op beloftes van vroeër dat die kroonkolonies van Betsjoeanaland, Basoetoland en Swaziland deel van die Unie sou wees (van Wyk, 1983: 21). Die Afrikaners het gevoel dit is net om hulle politieke invloed te beperk dat Engeland geweier het om die Kroonkolonies deel van die Unie te maak. Die gevoel van verontwaardiging en nasionalisme het meer na vore gekom.

Sommer uit die staanspoor het dinge nie so lekker gevlot tussen genls. Botha, Hertzog en Smuts nie. Toe genl. Hertzog op 7 Desember 1912 sy beroemde toespraak “Suid-Afrika Eerste” hou, was die vet in die vuur (Goosen, 1953: 65). Vir die eerste keer is daar nou openlik gepraat van ‘n nasionaliteit wat wyer as net die Z.A.R. of die Vrystaatse Republiek was en waar Suid-Afrika eerste geplaas is (Oberholster, 1979: 11). Kort daarna word genl. Hertzog verplig om die “Het Volk” party te verlaat en stig hy in Januarie 1914 die “Nasionale Party” in

Bloemfontein (Eksteen, 1978: 58). Die Nasionale Party was veel meer as net ‘n politiese party. Dit was ook ‘n kulturele groepering wat Afrikaner-nasionalisme bevorder het (Giliomee, 2018: 139 & 216, Oberholster, 1979: 13).

‘n Volgende baken op die pad van Afrikaner-nasionalisme was die inhuldiging van die Vroue-monument in Bloemfontein op 16 Desember 1913. In sy toespraak het ds. Andrew Murray gepleit vir gemeenskaplikheid en samewerking tussen die Afrikaners en Engelse (van Velden, 2008: 309). Die geleentheid was gewyd met ‘n diepe geestelike inslag. Daarna moes Murray egter erken: *“Het Afrikaner nationaal gevoel is zo sterken en wordt dagelijks sterker. Dit is my onmogenl.ijk de stroom te keren. Het had geen nut om hierover te blijven twisten... laten wij onze verschilpunten vergeten en tijt wij aan het gebed over deze moeilijke zaak”* (van Velden, 2008: 313).

Op hierdie stadium was die nasionalisme van die Afrikaner nog gedemp maar die groot bloeitydperk was voor die deur (Maritz, 2004: 31).

Die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog op 28 Julie 1914 het verskeie volkere en nasies in chaos gedompel - so was dit ook in Suid-Afrika. Hier was dit egter ‘n vuurhoutjie wat die *“kruitvat van nasionalisme”* kom aansteek het (van Jaarsveld, 1971: 238). Baie van die ou Boere-generaals was ten diepste geskok toe hulle moes hoor dat genl. Botha reeds in 1911 ‘n geheime ooreenkoms met die Britte geteken het waarvolgens Suid-Afrika die Duitse grondgebiede in Afrika sou aanval indien ‘n oorlog sou ontstaan (Armstrong, 1945: 198). Kort voor die oorlogsverklaring stuur genl. Botha ‘n telegram aan die Britse regering waarin hy hulle aanmoedig om hul garnisoene wat in Suid-Afrika is te onttrek omdat Suid-Afrika sy eie verdediging kon behartig en voeg hy ook by dat Suid-Afrika die hawens van Duits-Wes-Afrika sou beset (Armstrong, 1945: 183). Groot gedeeltes van die bevolking was geweldig ontnugter weens hierdie eensydige optredes van genl. Botha. Toe genl. Koos de la Rey boonop trou sweer aan Suid-Afrika en begin organiseer teen die Suid-Afrikaanse betrokkenheid by die oorlog, was die vuurhoutjie in die kruitvat (Meiring, 1972: 27).

Genls. Botha en Smuts het hulle eensydige ooreenkomste met Groot Brittanje gehandhaaf. Teenoor hulle het genls. C. F. Beyers, C. de Wet, K. de la Rey, M. Maritz en J. C. G. Kemp opgestaan en begin organiseer vir ‘n rebellie (Kruger, 1953: 82). Die meerderheid blankes in Suid-Afrika wou nie betrokke raak in ‘n oorlog wat die Europese moondhede aangaan nie. Genls. Botha en Smuts het hulle nie aan die Afrikaners se wens gesteur nie (Armstrong, 1945: 261). Die skietongeluk waarin genl. de la Rey oorlede is en kort daarna die ter dood veroordeling van kapt. Jopie Fourie (1878 - 1914) het die gemoedere baie hoog laat loop.

Die gedig van Jan F. Cilliers oor Jopie Fourie som die Zeitgeist binne die breër Afrikaanse gemeenskap beslis goed op (Treknet, 1983: 19). Die Rebellie het gedreig om die Afrikaners te verdeel. Was dit nie vir die vroegtydige samekoms van predikante te Bloemfontein nie, het dit sekerlik gebeur. Hier is die voorstel aanvaar dat die Gereformeerde Kerke nie kant moes kies nie maar eerder moes optree as vredemakers (Meiring, 1972: 77).

Die hardvogtige agtervolging van die Rebelle op pad na Duits-Wes-Afrika en veral die groot boetes en tronkstraf wat hulle daarna opgelê is, het veral die Afrikaanse vroue diep geraak (Maritz, 2004: 32). Genl. Hertzog het dit beslis korrek opgesom toe hy in daardie tyd gesê het: *"Miskien is hulle die grootste Rebelle"* (Maritz, 2004: 32). Die eerste groot projek waar die rol van Afrikanervroue sterk na vore gekom het was met die optog na die Uniegebou op 4 Augustus 1915. Ses duisend vroue wat elkeen sowat tien ander vrouens verteenwoordig het, is met 'n versoekskrif na die goewerneur-generaal. Die 40,000 mense wat dit onderteken het, het hom versoek om die Rebelle te begenadig (Maritz, 2004: 37) [24].

Kort hierna het die vroue die Helpmekaarfonds gestig en binne maande meer as genoeg geld ingesamel om die boetes te betaal (Maritz, 2004: 37). Soos reeds genoem help stig Johanna Brandt in hierdie tyd in Johannesburg die "*Vrouen National Party"* wat binne maande oor die hele Suid-Afrika takke gehad het (Goosen, 1953: 131).

Toe die einde van die Eerste Wêreldoorlog aanbreek, het die Afrikaners sterker gestaan as voor die oorlog aangesien hulle baie beter georganiseerd was (van Jaarsveld, 1971: 238). Oral in die land was daar funksionele Nasionale Party takke en veral die vroue het gewoeker met basaars en straat markte. Die Afrikaanse Vroue Verenigings het gebloei en het daadwerklik ingegryp om die lewens van hulpbehoewende Afrikaners te verander (Maritz, 2004: 51). Die oorskot fondse van die Helpmekaar beweging is benut om begaafde Afrikaanssprekende skoliere verder te laat studeer (Maritz, 2004: 37). Toe genl. Hertzog belowe om stemreg aan die vroue te gee as hy tot eerste minister verkies word, was daar 'n hoogbloei van entoesiasme vir die Nasionale Party. Met die algemene verkiesing van 1929 wen die Nasionale Party dan ook die verkiesing en op 19 Mei 1930 doen hy sy belofte gestand en kry die blanke-vroue stemreg in Suid-Afrika (Goosen, 1953: 136).

Moontlik die grootste baken op die pad van Afrikaner-nasionalisme was die Ossewatrek van 1938 (Maritz, 2004: 53). In 1930 stig 'n paar Afrikaans-sprekendes in Kaapstad die Afrikaanse

---

24 Op 22 Junie 1940 het 9, 800 vroue verteenwoordigers bewapen met amper 4, 000 telegramme en 'n versoekskrif onderteken deur 3, 829 persone weer na die Uniegebou gestap om te vra dat Suid-Afrika buite die Tweede Wêreldoorlog bly. Ongelukkig het genl. Smuts weereens hulle versoek misken (Maritz, 2004: 54).

Taal- en Kultuurvereniging (ATKV, s.a.). Die doel was eenvoudig om saam Afrikaanse prosa en gedigte te geniet. Iewers in 1938 noem ene mnr. Tienie van Schoor (1880 - 1967) dat dit die honderd-jarige herdenking van die Slag van Bloedrivier sou wees. Hy stel voor dat hulle ‘n ossewa bou en trek vanaf Kaapstad na Pretoria (Simboliese Ossewatrek, 2015). Op 8 Augustus 1938 vertrek hulle met die ossewa vanaf Kaapstad met amper 30, 000 toeskouers teenwoordig. Van oral oor in Suid-Afrika het daar spoedig vele ossewaens die pad gevat na Pretoria. Vele Afrikaans-sprekende mans het baarde begin dra en die vrouens het in voortrekkerdrag op straat verskyn. Die Afrikaner se minderwaardigheidskompleks het verdwyn en in plek daarvan het daar ‘n sterk nasionalistiese gevoel na vore gekom (Floyd, 1975: 97). Met die finale saamtrek op Monument koppie op 16 Desember 1938 het genl. Smuts ook een van die toesprake gehou. Toe hy opstaan om te praat het duisende toeskouers egter opgestaan en die terrein verlaat (Calpin, 1968: 120). Die skrif was baie duidelik aan die muur vir genl. Smuts as eerste minister, maar hy het dit nie raakgesien nie.

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in September 1939 het genl. Smuts weereens die versoeke van die Nasionaliste in die wind geslaan. Selfs toe duisende vroue tydens die opmars van 22 Junie 1940 by hom gepleit het om nie betrokke te raak in ‘n Europese oorlog nie (Maritz, 2004: 54). Sy hardhandige optrede teenoor die aanhangers van die Ossewabrandwag-beweging het groot ongelukkigheid veroorsaak (J. C. Smuts, 2011: 17). Die pro-regerings gedeelte van die pers het die Nasionaliste beskuldig van ‘n pro-Nazi gesindheid en hulle die spotnaam van “Malanazi’s” gegee (van Jaarsveld, 1971: 250). Baie Nasionaliste wou maar net buite die oorlog bly. Toe genl. Smuts in Desember 1944 ‘n wet uitvaardig dat geen staatsamptenaar lid van die Broederbond-organisasie (gestig in 1918) mag wees nie en daar daadwerklik teen sulke amptenare opgetree is, was die koeël finaal deur die kerk (Afrikaner Broederbond, 2011).

Wennie du Plessis (1970: 99 - 102) som die Zeitgeist van destyds baie goed op: “Generaal Smuts was baas oor alles en niemand kon sy heerskappy betwyfel nie....Ons was vreemdelinge in ons eie land.”

Op 28 Mei 1948 het die Nasionale Party die verkiesing gewen en het Afrikaner-nasionalisme hoogty gevier in Suid-Afrika.

## 5.3 Generaal J. B. M. Hertzog

### 5.3.1 Inleiding

Ek het aanvanklik die aanname gemaak dat genl. J. C. Smuts en die partye waarby hy betrokke was, die dominante faktor in die bepaling van die *Zeitgeist* sou wees. Dit is veral gesien in die lig van sy groot internasionale aanhang. My navorsing het egter bevind dat genl. J. B. M. Hertzog en die partye waarby hy betrokke was, die bepalende faktor was. Genl. Smuts se invloed kan ten beste beskrywe word as die "kwynende son van internasionalisme". Vanuit die staanspoor was genl. Smuts deel van die "verloorspan" en alhoewel hy buite Suid-Afrika veel meer aansien verwerf het as genl. Hertzog en oënskynlik meer "liberaal" voorgekom het, toon my navorsing die teenoorgestelde. Beslis was genl. Hertzog meer in pas met die tydsgees van die Afrikaner van destyds.

### 5.3.2 Geboorte tot oorlog

James Barry Munnik Hertzog is op Wellington gebore op 3 April 1866 as die agste kind van 'n bekende Kaapse familie (J. B. M. Hertzog, 2011: 1). Hy gaan studeer op Stellenbosch aan die destydse Victoria Kollege waar hy 'n B-graad in regte verwerf. Omdat hy hom nie kon assosieer met die verengelsing van Kaapse Afrikaners nie, besluit hy om liewer in Nederland verder te gaan studeer (J. B. M. Hertzog, 2011: 2). Aan die Universiteit van Amsterdam verwerf hy 'n doktorsgraad in regte. Daarna draai hy sy rug op verskeie aanloklike aanbiedinge in Europa om in 1892 'n regspraktyk in Pretoria te begin (J. B. M. Hertzog, 2012: 2). Hy trou met sy studente liefde, Mynie Neethling van Stellenbosch en in 1895 word hy aangestel as regter in die Republiek van die Oranje-Vrystaat (J. B. M. Hertzog, 2012: 2).

Tydens die Anglo-Boereoorlog bewys hy hom as uitstekende krygsman veral ten tye van die guerrilla-stryd. Met die Vrede van Vereeniging onderteken hy die vredesverdrag namens die Oranje Vrystaat as waarnemende weermagshoof (J. B. M. Hertzog, 2012: 2). Anders as baie van die ander Boere-generaals, was hy nie 'n gebroke man na die oorlog nie (Floyd, 1975: 80). Hy is aangestel as prokureur-generaal van die Oranjerivier Kolonie onder die beheer van sir Alfred Milner en sit so sy regs bedrywighede onmiddellik in Bloemfontein voort (J. B. M. Hertzog, 2012: 2). In 1906 help stig hy die "Oranje Unie Party" en in 1907 word hy aangestel as Minister van Onderwys in die Oranjerivier Kolonie (J. B. M. Hertzog, 2011: 3). Kort na die Uniewording in 1910 smelt die verskillende Afrikaans-sprekende politieke partye saam om die Suid-Afrikaanse Party te vorm waarin Genl. Hertzog 'n leidende rol gespeel het (J. B. M. Hertzog, 2012: 2). Hy word minister van Justisie sowel as van Naturellesake tot met sy afdanking in 1914.

### 5.3.3 Kampvegter vir Hollands en vir Suid-Afrika

Oberholster (1979: 6) haal die bekende Afrikaanse skrywer C. M. van der Heever (1902 - 1957) aan om genl. Hertzog te beskrywe: *"Hy het 'n passie vir die laaste loopgraaf en 'n voorkeur vir die verlore saak."* Van vroeg af het genl. Hertzog hom beywer vir die behoud van Hollands as taal. Dit kom reeds te voorskyn in sy besluit om in Holland te gaan studeer teenoor byvoorbeeld genl. Smuts wat die heersende tydsgees gevolg het deur in Engeland regte te gaan studeer (J. C. Smuts, 2011: 2). Op 4 Desember 1906 verklaar genl. Hertzog dat 'n taal onlosmaaklik deel van die volkswese is. As die taal weggeneem word sal die volk ook ten gronde gaan (Floyd, 1975: 163). Hy gee Hollands gelyke status in die Oranjerivier Kolonie in 1908. Die Britsgesinde pers het hom hiervoor verguis en allerlei skelname toegevoeg en "Hertzogism" word so geassosieer met fanatisme, ekstremisme en rassisme (van Jaarsveld, 1971: 234). *The Star* koerant het destyds Afrikaans bestempel as "a national disability and at worst a national misfortune" (Giliomee, 2018: 120)

Hy stig op 2 Julie 1909 die "Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst" (J. B. M. Hertzog, 2011: 2) met die doel om Hollands as taal in Suid-Afrika te bevorder. Soos voorheen genoem staan hy met die onderhandelings oor die uniewording onversetlik op die vredesooreenkoms van Vereeniging waar artikel 6 taalgelykheid verseker het (Peace treaty of Vereeniging, 2012). Artikel 37 van die latere Suid-Afrikaanse wet waarborg dan ook taalgelykheid en is grotendeels deur sy toedoen (Eksteen, 1978: 58).

Met die stigting van Nasionale Party in Junie 1914 het hy hom ten doel gestel om die Afrikaner te bemagtig taalkundig, polities en ekonomies (J. B. M. Hertzog, 2012: 4). Vir genl. Hertzog was die Nasionale Party meer as net 'n politieke organisasie maar eerder 'n alles-omvattende kultuur-organisasie (Oberholster, 1979: 13). Genl. Smuts het vanaf die vredesluiting hom beywer vir die eenwording van Brit en Boer; sy sogenaamde "Eenstroom-politiek." Hy en eerste minister Louis Botha het geen probleem daarmee gehad het dat die taal van Suid-Afrika Engels sou wees nie (J. B. M. Hertzog, 2012: 4). Onder genl. Botha en selfs later onder genl. Smuts het die Afrikaners "verwaarloos" en misken gevoel (Davenport, 2000: 301). Genl. Hertzog het dit reg gestel.

Met sy toespraak te De Wildt op 7 Desember 1912 het hy 'n nuwe visie bekend gemaak en gepraat van 'n "Tweestroom" benadering waarin Engelse en Afrikaners langs mekaar sou ontwikkel maar dieselfde doel en visie sou hê naamlik *"Suid-Afrika Eerste"* (Oberholster, 1979: 11). Hierdie benadering kan vergelyk word met die twee treinspore wat onafhanklik maar ewe belangrik is. Dat genl. Hertzog nie anti-Engels was nie, is duidelik deurdat hy in 1929, toe die

Nasionale Party ‘n volstrekte meerderheid behaal het, kolonel F. H. Cresswell (1866 - 1948) aangewys het as vise-eerste minister (J. B. M. Hertzog, 2012: 5) [25].

### 5.3.4 Kampvegter vir “Naturelle”

As minister van Naturellesake het genl. Hertzog verreikende veranderinge in Suid-Afrika teweeg gebring. Meiring (1972:68) skrywe dat genl. Hertzog hartstogtelik billik probeer optree het teenoor alle mense. Die sogenaamde “Naturelle Grondwet” van 1913 wat genl. Hertzog deurgevoer het, skyn egter die teenoorgestelde te openbaar (J. B. M. Hertzog, 2011: 7). Deesdae word daar baie krities na genl. Hertzog gekyk spesifiek weens die instelling van hierdie en latere wette. Hierdie navorsing dui daarop dat die saak nie so klinkklaar is nie en dat genl. Hertzog beslis anders gevoel het en anders wou optree teenoor swart- en bruinmense. (*Sien Giliomee, 2018: 94 meer hieroor*)

Tot 1913 was die heersende Britse gedagte rondom eiendomsreg vir swartmense min of meer oorgelaat aan elke kolonie of gebied om self te besluit. Die gevolg was dat in Basoetoland (latere Lesotho) alle grond aan die volk en dus aan die koning behoort het (Beinart & Bundy, 1987: 57). In die Trans-Oranje van die vorige eeu het ‘n geheime [26] wet gegeld dat enige grond wat ‘n blanke kon koop onmiddellik deel sou uitmaak van “Oranje River Government”, met ander woorde - Britse grondgebied (Dower, 1978: 134). Die Kaapse Regering het op 16 Oktober 1874 Griekwaland-Oos geannekseer. Alhoewel die grond net soos Basoetoland onvervreemdbare grond was (sien punt 7 in hoofstuk 2.2), was meer as die helfte van die Griekwa-gronde binne drie jaar na die anneksasie reeds vervreemd (Dower, 1978: 53). Hierdie onregverdige praktyke is tot in die 1950’s in gebiede in Kenia, Zambië en Zimbabwe voortgesit waar dit tot baie groot ongelukkigheid gelei het.

Genl. Hertzog was bewus van die onreg gepleeg teenoor die Griekwamense destyds in die Trans-Oranje gebied en ook van die ongelukkigheid oor grondeise in Griekwaland-Oos (Cloete, 1986: 73). Hy het aanbeveel dat die Unie-regering die Griekwas vergoed. Genl. Smuts wat toe minister van finansies was, het geweier (Halford, 1949: 191). Genl. Hertzog het nie sy pogings om die onregverdigheid te stuit laat vaar nie.

Op 17 Junie 1913 is wet nr. 27 gepromulgeer onder die naam: “The Native Land Act”. Artikel 1.1(A) het bepaal dat gronde wat tradisioneel aan swartmense behoort hulle onvervreemde

---

[25] Later in hierdie hoofstuk meer oor kol. Cresswell

[26] Die “geheime wet” is bespreek in hoofstuk 2.2.

eiendom sou bly en dat geen persoon anders as ‘n “native” dit mag koop, huur of deelsaai nie (Native Land Act of 1913, 2014). Destyds was daar steeds beloftes van die Britse regering dat die kroonkolonies van Basoetoland, Betsjoeanaland en Swaziland deel van Suid-Afrika sou word. Genl. Hertzog het hierby ongeveer 7% van Suid-Afrika se grondgebied gevoeg en dit as onvervreemdbare gronde laat verklaar (Swart Grondwet van 1913, 2013). Volgens genl. Hertzog se denke sou die swartmense dan ongeveer 80% van die gesamentlike “Suider-Afrika” se grond besit het (J. B. M. Hertzog, 2012: 7 en Giliomee, 2018: 94).

Genl. Hertzog moes egter toegewings maak om die wet aanvaar te kry. Hierdie toegewings het onder andere ook bepaal in artikel 1.1(b) dat geen swartmense landbou-eiendom in blanke gebiede mag besit nie (Native Land Act of 1913, 2014). Die wet het dus wedersyds die swart- en witmense beskerm in hul eie grondgebiede. In 1913 reeds het genl. Hertzog daarop aangedring dat meer grond in Suid-Afrika vir uitsluitlik swart-besit toegeken moet word. Dit is ook nie aanvaar nie. In 1918 is daar ‘n regerings verslag uitgebring waar genl. Hertzog se voorstelle gehuldig is. In 1925 beskuldig hy die regering van genl. Smuts daarvan dat hulle die swartmense se reg op meer grond ontken het (Davenport, 2000: 307). Kort nadat hy eerste-minister geword het in 1924 het genl. Hertzog opnuut ‘n grondige ondersoek van die Griekwa-eise laat doen en daarna is die gelde wat die Kaapse regering meer as 60 jaar tevore aan hulle belowe het, uitbetaal (Halford, 1949: 192).

In 1926 het die Nasionale Party sy kongres in Malmesbury gehou en hier het genl. Hertzog die oneerlike optredes van die vorige regering van genl. Smuts teenoor die bruin- en swartmense opgehaal (Meiring, 1972: 60). Volgens hom sou die toekoms duister wees vir Suid-Afrika as die oneerlikheid nie reggestel word en al die inwoners van die land nie die kans gegee word om vooruitstrewend te word nie.

In daardie tyd het genl. Hertzog ook begin voorspraak maak vir ‘n “Naturelle Verteenwoordige Raad” van 50 lede waarvan die swartmense 35 lede self kon kies (Davenport, 2000: 308). Genl. Smuts het die voorstel so kragtig teengestaan dat dit nie in die parlement deurgevoer is nie (J. C. Smuts, 2011: 12). Nadat die blanke vrouens stemreg gekry het op 19 Mei 1930 (Goosen, 1953: 136) het genl. Hertzog die nodige meerderheid stemme gehad om swart kiesers van die gesamentlike kieserslys te verwyder na ‘n afsonderlike kieslys (Maritz, 2004: 40). Genl. Hertzog kon eers na die samesmelting van die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party op 5 Desember 1934 die beoogde Naturelleraad vestig (J. C. Smuts, 2011: 12).

In 1936 kon hy ook wetgewing deurgevoer kry waarin hy die grondgebied vir swartmense kon vermeerder na 13% van die oppervlakte van Suid-Afrika met die sogenaamde: “Native Trust and Land Act” van 1936 (Native Land Act Centenary, 2014).

Na my mening is van Wyk (1983: 65) se opmerking ‘n goeie samevatting van die gebeure rondom die grondregte van swartmense. Hy verklaar dat genl. Hertzog die *“hardkoppigheid van eerlikheid”* gehad het teenoor genl. Smuts se *“buigbaarheid van oneerlikheid”.*

### 5.3.5 Onbetrokkenheid

Na die Uniewording het genl. Hertzog nooit sy standpunt oor Suid-Afrikaanse betrokkenheid by probleme buite die landsgrense verander nie. Teen die einde van die Anglo-Boereoorlog was hy tweede in bevel van die Vrystaatse magte en werk hy ten nouste saam met genl. Christian de Wet wat bevelvoerder was (J. B. M. Hertzog, 2011: 2). Toe genl. de Wet met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog oorgaan tot die Rebellie het genl. Hertzog hom nie ondersteun nie. Hy was simpatiek teenoor die Rebelle maar het hom onbetrokke gehou (J. B. M. Hertzog, 2012: 4). Dit was ook sy standpunt teenoor die betrokkenheid van Suid-Afrika by die oorlog. Hy het skerp met genls. Botha en Smuts verskil en by sy standpunt gehou (J. C. Smuts, 2011: 8).

Hierdie “onbetrokkenheid” het nog sterker na vore gekom met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog toe hy eerste minister van Suid-Afrika was. Genl. Hertzog het sterk gevoel dat Duitsland geen bedreiging vir Suid-Afrika ingehou het nie en dat Suid-Afrika dus buite die oorlog moes bly. Toe hy met 7 stemme teen 6 verslaan is in die kabinetsvergadering het hy die saak na die parlement verwys waar daar op 4 September 1939 daaroor gestem is. Die uitslag was 67 vir oorlog en 60 daarteen (J. B. M. Hertzog, 2012: 6). Hierop het genl. Hertzog vir sir Patrick Duncan (1870 - 1943), die Goewerneur-Generaal van Suid-Afrika gevra om ‘n algemene verkiesing uit te roep. In ‘n hoogs-onregmatige besluit het Duncan geweier. Genl. Hertzog het bedank as eerste minister. Genl. Smuts is gevra om ‘n nuwe regering saam te stel (J. B. M. Hertzog, 2012: 9). Dit het Suid-Afrika weereens in ‘n oorlog gedompel wat verder bygedra het tot die groei van Afrikaner-nasionalisme (Maritz, 2004: 56). Kort hierna het genl. Hertzog uit die politiek getree en tot met sy dood in 1942 op sy plaas naby Witbank gewoon.

Oberholster (1979: 9) se uitspraak oor genl. Hertzog som sy optrede goed op. “Sy strenge, onbuigbare, onversetlike standpunt-inname en bykans fanatieke gedetermineerdheid het soms aan outokrasie gegrens.”

### 5.3.6 Vroue Regte

Calpin (1968: 30) haal 'n verslag van die Round Table organisasie aan en beskrywe genl. Hertzog so: "He is a fanatic, deficient in intellectual ability, his outlook is narrow, his comprehension slow, though admittedly he possess a strong vein of chivalry holding him back from doing lightly anything which could be represented as likely to harm the cause which was his." Hierteenoor sien Calpin genl. Smuts as die beste Engelsman in Afrika (1968: 14). Vreemd dat dit genl. Hertzog was wat reeds met Uniewording in 1910 opgelet het hoeveel Afrikaanse vroue daar in die gehoor was in 'n tyd toe vroue nie regtig erken was nie (Maritz, 2004: 31). Genl Hertzog is baie nader aan wat Olive Schreiner reeds in die 1890's opgemerk dat die Boerevroue op niemand se nek lê nie maar haar plek as gelyke binne die lewe op boereplase volstaan (Giliomee, 2018: 88).

Soos voorheen genoem het die spontane vroue-optog na die verdoemende skuldig-bevindinge van die Rebelle op 5 Augustus 1915 genl. Hertzog laat opmerk: "As mens die Afrikanervrou ignoreer, sal ons in die politieke hel beland" (Maritz. 2004: 32). By die stigting van die Kaaplandse Nasionale Party in September 1915 is daar die opmerking gemaak dat die vroue met die optog die vraag beantwoord het of die Afrikaner nog 'n bestaansreg het (Maritz, 2004: 38). In dieselfde tyd stig Johanna Brandt die "Vrouen National Party" in Johannesburg waarvan sy ook die eerste sekretaresse was (Goosen, 1953: 131). Genl. Hertzog het nie gras onder sy voete laat groei nie en doen 'n beroep op die vroue om landswyd soortgelyke organisasies te vorm (Goosen, 1953: 132). Dit het spoedig gebeur.

Die Eerste Wêreldoorlog het 'n groot nood na arbeid laat ontstaan en vroue het allerlei "mannekrag" take opgeneem. Die ontstaan van die Helpmekaarfonds (Maritz, 2004: 37) het dit moontlik gemaak vir Afrikaner vroue om studielenings te kry vir naskoolse opleiding (Maritz, 2004: 40). Hulle het dikwels dieselfde werk as mans gedoen maar sonder stemreg. Teen 1924 het die Nasionale Party hoofbestuur reeds besluit om vroue stemreg te gee maar baie mans het nog kapsie daarteen gemaak (Maritz, 2004: 41). Toe die Vrouen National Party in 1926 vra dat hulle stemreg moes kry, is dit aanvaar. Genl. Hertzog het aan hulle 'n belofte gemaak en die vroue het hard gewerk vir die verkiesing van 1929 sodat die Nasionale Party met 'n groot meerderheid die verkiesing gewen het (J. B. M. Hertzog, 2011: 5). Genl. Hertzog het sy belofte nagekom en op 19 Mei 1930 het dit wet geword in Suid-Afrika (Maritz, 2004: 41).

Niemand ontken die groot rol wat die vroue tydens die Ossewatrek van 1938 gespeel het nie. Die rol wat die vroue-optog van 22 Junie 1940 gespeel het om beswaar te maak teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog word egter wyd misken (Maritz, 2004: 54).

Tydens hierdie optog het 9 800 vroue in gelid na die Uniegebou geloop om die versoekskrif te oorhandig wat deur duisende vroue aan genl. Smuts gerig was. [27] Hy het dit geïgnoreer.

### 5.3.7 Verhouding met die Bruinmense.

Wat sy beskouing oor bruinmense betref was genl. Hertzog ook sy tyd baie ver vooruit. Hy wou hulle opneem as deel van die "Afrikaner-huis" omdat hy geglo het dat die "huis" groot genoeg was (Du Plessis, 1970: 37). Hou ook in gedagte dat A. A. S. le Fleur ten tye van die vorming van die Unie in Pretoria was en dat hy in die "Good Shepherd" kerk 'n openbare vergadering gehou het waarin hy gevra dat 'n kolonie vir die Griekwas en mense van gemengde ras uitgesit moes word (Besten, 2006: 101). le Fleur het gewys op die tragiese gevolge indien die rassevermenging met die swartmense sou voortduur en gepleit vir die skepping van 'n eie identiteit. [28]

Waar dit by die Bruinmense gekom het, het genl. Hertzog in die parlement die "segregasie beleid" van genl. Smuts ten sterkste veroordeel. Hy het daarop gewys dat die Bruinmense geen ander kultuur as die Afrikaners het nie en dat hulle dieselfde moedertaal het. Volgens hom was hulle oorsprong tussen die Afrikaners en dus moes hulle deel wees van die Afrikaner (Oberholster, 1979: 14). Hy en minister Klasie Havenga (1882 - 1957) het hulle tot die einde van hulle lewens onvermoeid maar onsuksesvol hiervoor beywer (Meiring, 1972: 60). Deels was dit sekerlik weens die ondersteuning van die Nasionale Party vanuit die bruin-geledere. Met die verkiesings van 1920 en 1924 het die Kaapse bruinmense grotendeels die Nasionale Party ondersteun (Davenport, 2000: 298).

A. A. S. le Fleur se openlike verwerping van die "African Peoples Organization" [29] en andere groepe wat rasse-gelykheid voorgestaan het, moes sekerlik onder genl. Hertzog se aandag gekom het (Dedering, 2010: 140). Tydens die Rebellie van 1914 is daar gerugte in Griekwaland-Oos versprei dat die "Boere" daarheen op pad was en die Griekwas sou help om die Britte te verjaag sodat hulle hul eie land terug kon kry (Besten, 2006: 113). In 1919 het genl. Hertzog gepoog om die Bruinmense en Afrikaners te verenig met die vorming van die "Verenigde Afrikanerliga" (Davenport, 2000: 297). Die poging was onsuksesvol.

---

[27] Daar was twee groot vroue optogte. Met die Eerste Wêreldoorlog was daar een en met die Tweede Wêreldoorlog die een hierna verwys.

[28] Dit klink nogal baie soos die sienswyses van "apartheids-voorstanders" van latere jare.

[29] Die African Peoples Orginization was die voorloper van die African National Congress. (APO, 2011)

Dis nie bekend of A. A. S. le Fleur en genl. Hertzog mekaar ooit persoonlik ontmoet het nie maar in Julie 1924 het le Fleur gevra vir ‘n persoonlike onderhoud met genl. Hertzog met die doel om staatshulp te bekom vir sy hervestiging skemas. Dit is nie toegestaan nie omdat genl. Hertzog se raadgewers le Fleur wantrou het (Besten, 2006: 136). Toe genl. Hertzog in 1924 die eerste minister van Suid-Afrika geword het, het hy gepoog om die stemreg van bruinmense na die Transvaal, Oranje Vrystaat en Natal uit te brei. Die Suid-Afrikaanse Party onder genl. Smuts se leiding het dit egter so heftig teengestaan dat hy dit nie kon deurvoer nie (Eksteen, 1978: 67).

Met dr. D. F. Malan se oorwinning met die verkiesing van 1948 het A. A. S. le Fleur ‘n gelukwensings brief en aan hom gestuur en onder andere genoem: *“Apartheid is juis die beleid van ons volk gewees vanaf Kaptein Adam Kok se tyd”* (Thom, 1980: 204). Ook ene D. Witbooi van die “Namakwa en Gekleurde Bevolking Vereniging” het hom geluk gewens en gevra vir ‘n *“aparte volklike lewe”*.

### 5.3.8 Ekonomiese Ontwikkeling

Deur sy hele lewe as politikus was die ekonomiese ontwikkeling van die Afrikaner spesifiek, en Suid-Afrika in die algemeen een van sy doelstellings. Reeds in 1907 met die struweling oor die Chinese mynwerkers het genl. Hertzog die kant van blanke mynwerkers gekies (Armstong, 1945: 181). Met die groot mynwerkers-staking van 1922 het hy weereens baie sterk standpunt vir die mynwerkers ingeneem (J. B. M. Hertzog, 2011: 5). In April 1923 vorm hy die sg. “Pakt Party” met die Arbeids Party van kolonel F. H. Creswell (Eksteen, 1978: 60). Genl. Hertzog het geglo dat die Engelse- en Afrikaanse-werkersklas dieselfde behoeftes gehad het en hy het die kant gekies van die werkersklas teenoor die kapitaliste wat genl. Smuts ondersteun het (J. C. Smuts, 2011: 11).

Nadat hy eerste minister geword het, het hy ‘n hele klomp wette gepromulgeer waarin die werkersklas beskerm is teen uitbuiting. Dit was uiteraard net op blanke mynwerkers van toepassing (Eksteen, 1978: 60). In 1928 help stig hy “Die Yster en Staal Korporasie van Suid-Afrika” (YSKOR) met die doel om Suid-Afrikaanse erts plaaslik te verwerk. Genl. Smuts en sy party het die oprigting van YSKOR beveg maar die stryd verloor (Eksteen, 1978: 60). Daarna stig hy ook “Die Elektrisiteits voorsienings kommissie van Suid-Afrika” (EVKOM later ESCOM) en moderniseer die spoorweë om die “Die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens” te vorm wat die uitvoer van onder andere erts sou bespoedig (J. B. M. Hertzog, 2012: 6). Daar is ook onder sy leiding ernstig begin bou aan besproeiings-stelsels soos byvoorbeeld die Vaalharts- en Olifantsrivier-skemas.

Weens die ernstige ekonomiese krisisse van 1929 - 1933 het genl. Hertzog besluit om met genl. Smuts saam te werk. Op 5 Desember 1934 vorm hulle die “Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party” met die leuse “Suid-Afrika Eerste”. Genl. Hertzog is verkies tot eerste minister. Onder sy eerste ministerskap is ‘n Wolraad gestig wat gelei het tot die vorming van die “Internasionale Wolraad”. Ten tye van die skrywe van hierdie proefskrif het dit steeds bestaan en die wolbedryf wêreldwyd gestabiliseer. Ander bemarkingsrade vir die landbou het gevolg sowel as die skepping van die S.A.B.S. (Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde) wat die vervaardigings-bedryf in Suid-Afrika moes ondersteun (J. C. Smuts, 2011: 15). Om die bou van nasionale paaie moontlik te maak voer hy die nodige wetgewing deur die parlement.

Nadat hy bedank het as eerste-minister in 1939 vind hy aanklank by die ekonomiese denkrigtings van Duitse Nasionaal-Sosialisme (J. B. M. Hertzog, 2012: 9). My indruk is dat dit meer weens hulle ekonomiese denke was. Sy volgehoue meegevoel met die miskende regte van bruinmense en sy voortgesette ywer vir meer grond vir die swartmense laat dink my genl. Hertzog sou nie aanklank gevind het by die rassistiese sosiologiese denke van die Duitse Nasionale Sosialiste nie.

### 5.3.9 Samevatting

In tydperk van 1900 - 1950 was daar geen enkele persoon wat die *Zeitgeist* van Suid-Afrika meer beïnvloed het as genl. Hertzog nie (Oberholster, 1979: 23). Hy kan met reg die grondlegger van die “volks-gebonde selfbeskikkingsreg” genoem word.

Tydens die besoek van Maurice Hankey (1877 - 1963) die destydse sekretaris van die Imperiale Verdedigings komitee aan Suid-Afrika in 1934, het hy hom ergerlik uitgespreek teen die onnodige hatigheid van die “Britse burgery” in Suid-Afrika en hulle vooroordeel teenoor die Afrikaners (van Wyk, 1983: 105). Was dit ‘n klap in die gesig van genl. Smuts?

Moontlik vat die waarskuwing van de Kock van 1986 (52) die hele “Hertzog tydperk” goed vas: “The fact that he lost an internal as well as international propaganda war may still turn out to be the Afrikaner’s most costly failure. The conception of the heartless Afrikaner operating a uniquely repressive apparatus became ingrained.”

## 5.4 Die armblanke-vraagstuk

In die bepaling van die Zeitgeist van die tydperk 1900 - 1950 speel die armblanke-vraagstuk ‘n belangrike rol. Daar was reeds in die 1870’s ‘n plakkersbuurt by Grahamstad waar witmense, swartes en bruinmense in die mees haglike omstandighede gelewe het (Carnegie Commission Report, 1932). Die spesifieke redes vir die vraagstuk is nie altyd so duidelik nie

en die verskillende bronne bied verskeie moontlikhede. Dit wissel van 'n behoefte aan 'n sorgvrye lewensstyl (Thom, 1980: 53), na die Tweede Anglo-Boereoorlog en veral die "verskroeide-aarde beleid" (Maritz, 2004: 31) en natuurrampe (Terblanche, 1992: 33) tot by die gevolge van die wêreldwye depressie van die dertiger jare (Terblanche, 1992: 33). Nog 'n faktor was die ondeurdagte invoer van 60, 000 Chinese mynwerkers vanaf 1904 (Armstrong, 1945: 122). Later jare het goedkoop swart arbeid wit mynwerkers van hulle werk beroof (Armstrong, 1945: 173). Gedurende die Eerste Wêreldoorlog was daar 'n groot tekort aan arbeid en baie vroue het die werkplek betree (Maritz, 2004: 37). Daarna was daar ook die groot depressies van 1929 en 1933 wat wêreldwyd gelei het tot die toestroming na stede om werk te soek (City, 2001).

Wat ons wel weet is dat reeds in 1893 'n konferensie gehou is onder leiding van ds. A. Murray rondom die tema: "*De Arme Blanken*" (Vosloo, 2001: 2) Teen 1926 het dit 'n landwye krisis geword toe veral die stede oorstroom was met werklose witmense (Terblanche, 1992: 6). Herman Giliomee skrywe dat: *"The so-called poor white problem became the most pressing social issue in Afrikaner politics in the early 20$^{th}$ centurary and retained that status till the 1940's"* (Vosloo, 2001: 3)

Waar slegs 10% Afrikaans-sprekendes stedeling was met die draai van die eeu, was dit teen 1910 reeds 29%. Teen 1936 het 50% Afrikaners in stede gewoon (Terblanche, 1992: 5). Tragies genoeg was ongeveer 60% stedelike Afrikaners werkloos in Port Elizabeth in 1932 (Terblanche, 1992: 7). Die meeste Afrikaners wat werk gehad het, was van die laag-geskoolde arbeiders (Armstrong, 1945: 178).

Vroeg reeds is daar besef dat hier 'n groot probleem was en so het Emily Hophouse kort na die Vrede van Vereeniging in 1902 begin om spin- en weefskole op te rig (van der Merwe, 2004: 129). In hoofstuk 4.3 bespreek ek die betrokkenheid van Johanna Brandt met "self-help" projekte waarmee sy ten nouste saamgewerk het met Emily Hobhouse (van der Merwe, 2004: 131).

Die mynwerkers-opstande van 1922 was 'n katarsis in die armblanke-vraagstuk. Genl. Smuts het die kant van die kapitalistiese mynbase gekies en het eenvoudig die weermag ingestuur om die opstande te onderdruk (Davenport, 2000: 301). Genl. Hertzog het hom dit erg verkwalik en weereens die kant gekies van die mynwerkers (Armstong, 1945: 181). Soos hierbo genoem vorm genl. Hertzog hierna die "Pakt ooreenkoms" met die Engelsgesinde Arbeidersparty van kolonel F. P. Cresswell. Sodoende wen hy die verkiesing van 1924 (J. B. M. Hertzog, 2011: 5). Hy het onmiddellik daarna allerlei werkskepping-projekte landswyd laat loods soos reeds in 4.3 bespreek.

Van vroeg af was daar ‘n hele klomp “Engels-georiënteerde” organisasies betrokke by opheffingswerk (Volkskongres, s.a.: 2) soos byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Vroue Federasie wat openlik genls. Botha en Smuts ondersteun het (Maritz, 2004: 51). In 1906 is die “Afrikaansche Christelijke Vrouwen Vereeniging” (A.C.V.V.) gestig wat ‘n pro-Afrikaanse standpunt gehandhaaf het (Maritz, 2004: 51). In hierdie organisasie was dit veral die vooraanstaande Afrikaanse vroue wat die leidende rol gespeel het. Jonker skrywe (Kragvelde, 1998) dat “volks-gebondenheid” ‘n baie groot staanplek in die N. G. Kerk gekry het weens die barmhartigheidsdiens van die kerk.

Na die verskyning van die “Carnegie-verslag” in 1932, het die “Armesorg Raad van die Gefedereerde Gereformeerde Kerke” besluit om ‘n volkskongres te hou wat op 2 - 5 Oktober 1934 in Kimberley plaasgevind het (Volkskongres, s.a: 1). Voor die kongres het 40 kommissies die Carnegie-verslag in diepte bespreek sodat hulle aanbevelings kon maak tydens die kongres (Voorwoord. 1934). Een van die referate is gelewer deur dr. H. F. Verwoerd (1901 - 1966). Meer as ‘n honderd besluite is tydens die kongres geneem rondom die armblanke-vraagstuk (Volkskongres, s.a.: 1). In die voorwoord oor die verslag van die kongres doen dr. Willem Nicol (1887 - 1967) ‘n beroep op die regering, die kerke, die universiteite, die verskillende liefdadigheid-organisasies en die algemene publiek om saam te staan ten einde ‘n oplossing vir die probleem te vind. Hy verklaar dat niemand teenoor hierdie “volksroeping” onverskillig mag staan nie.

Volgens Jonker (Kragvelde. 1998) het die begrip “apartheid” reeds lank binne die N. G. Kerk bestaan waar dit gebruik is om die gedagte van verskillende kerke vir gelowiges uit verskillende kulture te omsluit. Nou het hierdie begrip ‘n “*maatskaplike*” betekenis gekry. Die Helpmekaar Fonds het daadwerklik opgetree om Afrikaans-sprekende skoliere te bemagtig deur hulle te help met verdere studies (Maritz, 2004: 37). Maar dit was veral die A.C.V.V. bewegings wat landswyd aktief Afrikaanssprekendes probeer “red” het uit die kloue van armoede, “verbastering” en verengelsing (Maritz, 2004: 51). Hulle het sover gegaan soos om Afrikaans-sprekende verblyfplekke en sosiale klubs te vorm en allerlei “*kerk-gesentreerde gemeenskapstrukture”* is gevorm. In hierdie proses is die opbloei van Afrikaner-nasionalisme bevorder (Maritz, 2004: 52).

Soos hierbo genoem het genl. Hertzog ook beslissend opgetree deur in 1934 saam met genl. Smuts oor te gaan tot die samesmelting van die Nasionale- en Suid-Afrikaanse partye in die Verenigde Party (J. B. M. Hertzog, 2012: 2). Die slagspreuk van die nuwe party was “Suid-Afrika Eerste” (J. C. Smuts, 2011: 13) wat beslis meer na genl. Hertzog se sienswyses klink. Op 1 Oktober 1937 is die Departement van Volkswelsyn gevorm wat moes toesien dat die armblanke-vraagstuk landswyd gekoördineer word (Volkskongres, s.a.: 2).

Op hierdie manier het die destydse regering die staat ten opsigte van Afrikaner-nasionalisme gekaap.

## 5.5 Blanke-voogdyskap

Die H.A.T. (1991: 1305) beskrywe 'n voog as *"iemand wat aangestel is om die belange van minderjariges te behartig."* Hierdie beginsel was vir eeue die basis van die Europeërs se gedrag teenoor anders-kleuriges. Vir die doel van hierdie navorsing sal ons net kortliks hierna kyk.

Voogdyskap is die manier waarop die Britse ryk na sy kolonies gekyk het. Daarvan is die Engels woord "Dominium" tekenend dat die kolonies nog nie volwasse genoeg was nie en dus nie onafhanklik kon staan nie (J. B. M. Hertzog, 2012: 5). van Jaarsveld (1971: 369) wys daarop dat Brittanje in 1914 regeer het oor 'n Dominium van 470 miljoen mense. Hulle was gedryf deur sterk patriotisme met die doel om 'n "beter" Britse beskawing oor die aarde te vestig. Een van die insiggewende waarnemings is dat daar tussen die Afrikaners van vroeër bitter min behoefte was om te heers oor die ander inwoners in Suider-Afrika. Vanuit die vroegste tye wou die Afrikaner alleen gelaat word en wou hulle so min as moontlik met die ander bevolkingsgroepe kontak hê (Calpin, 1968: 140). Hierteenoor het die Britte die Zoeloe ryk in 1879 verslaan en daarna opgedeel in 13 distrikte. Hulle begin met die skepping van "*native locations*" in Natal met die doel om goedkoop arbeid beskikbaar te stel suid van die Tugela (de Kock, 1986: 59). Die rede hiervoor was ekonomiese bemagtiging van die Britse burgers (van Jaarsveld, 1971: 369). Cecil John Rhodes en die mynbase van latere jare het die ekonomiese motief gebruik om minimum lone te betaal en trekarbeiders van oor die hele Suider-Afrika te laat kom na die Randse myne (De Kock, 1986: 52).

Hierdie Britse voogdyskap het hom ook baie sterk openbaar teenoor die "*Dutchmen*" van Suid-Afrika. Armstrong (1945: 110) praat van hulle as *"simple people"* en Calpin (1968: 30) haal die Round Table verslag aan oor genl. Hertzog wat na hom verwys as *"deficient in intellectual ability....narrow in outlook....slow of comprehension*" alhoewel genl. Hertzog 'n doktorsgraad in regte gehad het, as advokaat gepraktiseer het en 'n baie suksesvolle militêre leier was. Terblanche (1992: 9) som die heersende Engelse gesindheid teenoor die Afrikaner op met woorde soos *"laer stand, geringskatting, miskenning, nie-besitters, loonarbeiders, geïgnoreer " ensovoorts.* Selfs Olive Schreiner verwys daarna dat daar op Afrikaners neergesien as "'n onderworpe en minderwaardige ras." (Giliomee, 2018: 47)

Teenoor die swart en bruin bevolking het hierdie "baasskap" van die Europeër egter hoogty gevier. Voor Uniewording het genls. Botha en Smuts die Natalse Kolonie daarvan beskuldig

dat hulle “barbaars” opgetree het teenoor die Zoeloes met verwysing na die Bambatwa opstande van 1904. Terselfdertyd is hulle ook daarvan beskuldig dat hulle die Zoeloes doelbewus terughou van ontwikkeling en politieke volwassenheid (De Kock, 1986: 59). Teen 1909 was 15% van die Kaapse kiesers anders-kleurig teenoor net 1% in Natal. Hiervan was daar slegs 6 swartmense stemgeregtig (van Jaarsveld, 1971: 224).

Hierdie voogdyskap-gesindheid was nie net beperk tot die Engelse kolonies of Engelssprekende mense nie. Albert Schweitzer (1875 - 1965) het hom in 1906 baie sterk uitgespreek teen imperialisme, kolonialisme, baasskap, miskenning, onderdrukking en onregverdige optredes teenoor die inheemse mense dwarsoor die wêreld (Albert Schweitzer, 1972). Later praat hy van die Afrikane as sy “jonger broers”. In 1953 word hy beskuldig deur joernaliste uit Europa en VSA van “baasspelerigheid, onbetrokkenheid, patriargale optredes” en word hy spesifiek gekritiseer omdat hy niks gedoen het om swartmense te bemagtig nie.

Die Carnegie-kommissie wat Suid-Afrika oor die Armblanke-vraagstuk besoek het, het uitgegaan van die “wetenskaplike aannames” dat witmense inherent meer bevoeg is om suksesvol te wees. Gevolglik moes die “fenomeen” van witmense wat verarmd was grondig ondersoek word (Carnegie Commision, 1932). Tydens die Statebond konferensie te Ottawa in 1954 het Winston Churchill nog gepraat van “niggers” en dat hy die kant kies van die Boere teenoor die Swartmense (Thom, 1980: 278). Blanke voogdyskap was onlosmaaklik deel van die denkpatrone van die Europeërs van die negentiende eeu en dit was dikwels vanuit die Skrif verdedig en vanaf die kansel verkondig (Vorster, 2000: 40).

Genl. Smuts het die oorwegend Engelse filosofie van voogdyskap aangehang. Dit is duidelik in die lig van sy optredes teenoor die ongelukkige mynwerkers in 1914 en veral sy “diktatoriale” deportering van die leiers van die staking (J. C. Smuts, 2011: 10). In 1920 kon hy met die steun van die Unioniste party van Natal aan bewind kom. Die Unioniste was pro-Engels en pro-imperialisme. Dit is immers deur die einste dr. L. S. Jameson van die berugte Jameson-inval van 1886 gestig (Unionist Party, 2011). In 1921 gebruik genl. Smuts die polisie om die Bulhoek-opstand hardhandig te onderdruk en soos genoem in 1922 die weermag om die mynwerkers-staking te onderdruk. Daarna kom die Bondelswarts, ‘n Nama stam in die destydse Suidwes-Afrika in opstand waarop genl. Smuts die lugmag gestuur het om hulle te bombardeer (J. C. Smuts, 2011: 11). Met verwysing na die mynwerkers-opstande het hy geantwoord dat hulle kommuniste was. Tydens die Rhodes-lesing in 1929 het genl. Smuts uitgebrei op sy standpunt dat swartmense polities, maatskaplik en territoriaal afsonderlik van witmense moet lewe (J. C. Smuts, 2011: 12).

In 1942 het genl. Smuts begin aanvaar dat die Swartmense permanente inwoners in "witmens" dorpe en stede kon wees maar het hy steeds Voogdyskap gebruik as die basis van die optredes teenoor hulle. Soos voorheen genoem het hy eers na 1946, toe hy in die VVO vergadering erg gekritiseer is deur die afgevaardigde van Indië sy deuntjie begin verander (J. C. Smuts, 2011: 15). Maar toe was sy einde as politieke leier reeds in sig. Sonder twyfel was hy 'n voorstander van "segregasie" en dus apartheid soos gebaseer op die voogdyskap-filosofie (Calpin, 1968: 201).

"Towards die natives, Smuts was hard and without sentiment. The white man was master and he would treat the black man well but the black man was servant." (Armstrong. 1945: 277)

## 5.6 Die ontstaan en groei van "afsonderlike ontwikkeling"

Calpin se opmerking (1968: 140) dat *"The Boer trekker in his dealing with the Bantu fought and killed when he was attacked and held his gun when left alone*" is myns insiens 'n goeie beskrywing van die geboorteplek van afsonderlike ontwikkeling. Die Afrikaner wou vry en alleen wees. Die woorde segregasie, afsonderlike ontwikkeling en selfs apartheid bevat almal onderliggend die idee van eenkant wees. Die grondwette van beide die Z.A.R. en O.V.S. openbaar die diepgaande behoefte aan vryheid en onafhanklikheid en onbetrokkenheid van swartmense in die sake van die Boere-republieke (Vorster, 2000: 37). Hulle wou geen swart-betrokkenheid in die kerk of staat hê nie soos artikel 9 van die Z.A.R. grondwet (opgestel in 1858) dit verklaar. Vir hulle het die volk bestaan uit wit mans wat bowendien lidmate van een van die Protestantse kerke was. Die Afrikaner het hom deel van Afrika gesien maar net so oortuig gevoel dat hy afsonderlik in vryheid en selfstandigheid wil lewe (Du Plessis, 1970: 217 & 238). Die gedagte van die selfbeskikkingsreg van nasies en selfstandige bestaan naas mekaar was grondliggend in hul gedagtes (Meiring, 1972: 3).

As begronding vir hierdie volkseie bestaansreg is daar verskeie Bybelse motiewe gebruik soos byvoorbeeld die Skeppings-motief, die Eksodus-motief, die Eersgeboortereg-motief, die Babel-motief, 'n Eskatologiese-motief verwysend na nasies en tale in Openbaring 21:24 en 'n Ekklesiologiese-motief wysend op die reg van mense van 'n spesifieke volksgroep om te vergader (Vorster, 2000: 41 - 43). Hierdie geestelike begronding word bevestig deur dr. D. F. Malan tydens 'n toespraak gehou op 5 Maart 1953 (Goosen, 1953: 89). Jonker erken dat selfs die woord apartheid aan die N. G. Kerk ontleen was want die kerk het die woord en konsep jare tevore begin gebruik om die verskillende eredienste vir verskillende groepe te verduidelik (1998). Die vereenselwing van die Afrikaner met die Verbondsvolk Israel van die Ou Testament, was vanselfsprekend die gevolg (Thom, 1980: 39). Om anders oor die saak te dink was beskou as humanisties, liberaal en totaal onchristelik (Vorster, 2000: 43).

Met die Uniewording het Natal, die Transvaal en die Vrystaat daarop aangedring dat Suid-Afrika 'n witmansland moet wees en dat daar duidelike grenslyne gestel moes wees tussen swart- en witmense (van Jaarsveld, 1971: 227). Genls. Smuts en Botha het geen duidelike idee gehad waarheen om te gaan met die "naturelle-probleem" nie en het dit maar aan die toekoms oorgelaat (van Jaarsveld, 1971: 253). Die groot armblanke-vraagstuk het die situasie vererger weens die kompetisie vir goedkoop arbeid (Meiring, 1972: 47). Vele wette om wit werkers te beskerm is later op die wetboeke geplaas (Eksteen, 1978: 60). Ford Motors het teen 1925 slegs wit werkers in diens gehad en in 1926 het General Motors die voorbeeld gevolg met meer as 900 wit werkers (Terblanche, 1992: 4). Toe die Carnegie verslag boonop in 1932 voorstel dat van regeringskant aktief gewerk moes word om die witmense te beskerm en te bemagtig was dit 'n verder stap in die regverdiging van apartheid (Carnegie Commission, 1932).

Reeds vanaf 1922 het genl. Hertzog te velde getrek teen die koersloosheid van die Voogdyskap-beleid van genl. Smuts (J. C. Smuts, 2011: 11). Met die stigting van die Suid-Afrikaanse Party op 17 Mei 1933 het genl. Smuts in die agtergrond getree wat betref die naturelle-beleid en dit aan genl. Hertzog oorgelaat (J. C. Smuts, 2011: 12). Na die teenstand wat genl. Smuts in 1946 in die V.V.O. gekry het oor die kleur beleid van Suid-Afrika het genl. Smuts begin om onder sy Voogdyskap-beginsel die wetgewing te verander sodat swartmense opgehef kon word om mettertyd gelykstelling met witmense te kon verkry (J. C. Smuts, 2011: 19). Dit was egter te laat aangesien hy kort daarna die verkiesing verloor het.

Davenport (2000: 300) verklaar dat die "apartheid-wetgewing" van hierdie tydperk sleg vergelyk met die skrikwekkende wette van die tydperk na 1948. Hulle was "segragiste" maar het nie veel gedoen om apartheid te vestig nie. Die grondgedagtes van "*soewereiniteit, selfbeskikking, eie-volkereg, volks-gebonde, segregasie, apartheid, afsonderlike ontwikkeling, bantoe-selfbestuur*" is almal te vinde in die Afrikaner se soeke na sy eie vryheid en onafhanklikheid (Oberholster, 1979: 23) - ongelukkig ten koste van andere.

## 5.7 Die hoogbloei van Nasionalisme en die ontwikkeling van Apartheid

Met die 1948 verkiesing het die Nasionale Party die voogdyskap-beginsel van die Suid-Afrikaanse Party verwerp en 'n nuwe denkrigting genaamd "apartheid" voorgestel. Die Nasionale Party wen die verkiesing. Die hoofredes hiervoor het eerder met die onbeholpenheid van genl. Smuts te make gehad (J. C. Smuts, 2011: 20). Genl. Smuts het eerstens kontak met die Afrikaner se belewenisse en ingesteldheid verloor (Du Plessis, 1970: 54). Tweedens het hy homself omring met klerke en ondergeskiktes wat na sy pype gedans het. Hy het geen geduld of tyd gehad vir mense wat met hom verskil het nie (Armstrong, 1945:

295). Baie van sy ministers was onbeholpe, met die gevolg dat die staatsdepartemente onder hulle beheer hopeloos gefunksioneer het (J. C. Smuts, 2011: 21). Boonop het die Statebond na die afloop van die Tweede Wêreldoorlog besluit om Brittanje te help deur soveel moontlik mense te laat emigreer uit die verwoeste Britse Eilande. Daar was dus ‘n toestroming van Engelssprekende immigrante na veral die stede in Suid-Afrika (van Wyk, 1983: 21). Dit het die behuising tekort nog hopeloser gemaak en die bekommerde Afrikaners se besorgdhede is in die wind geslaan (J. C. Smuts, 2011: 22).

Verder was daar ook genl. Smuts se genoemde eensydige optrede deur staatsamptenare te verbied om aan die Broederbond te behoort terwyl pro-Britse organisasies vrylik lede kon werf en funksioneer (J. C. Smuts, 2011: 24). Die reeds genoemde hardhandige hantering van die werkers-opstande en genl. Smuts se openlike partydigheid vir kapitaliste en buitelandse mynbase was ook ‘n bydraende faktor (J. B. M. Hertzog, 2011: 5).

Boonop was genl. Smuts onseker oor wat om met die “swart-vraagstuk” te doen. Soos genoem was hy ‘n voorstander van segregasie en het allerlei mooi voorstelle gehad oor blanke-voogdyskap maar veral na 1946 het hy begin twyfel hieroor. In 1946 het hy ‘n hele klomp nuwe voorstelle oor voogdyskap begin maak (J. C. Smuts, 2011: 18 - 19). Dan was daar nog struwelinge in sy eie party met verskeie ministers wat bedank het (J. C. Smuts, 2011: 23).

Dit blyk asof hy kontak met die Afrikaners en die realiteit van Suid-Afrika verloor het.

Hierteenoor het dr. D. F. Malan aan die hoof gestaan van ‘n sterk party met ‘n goeie federale struktuur en sterk takke landswyd (J. C. Smuts, 2011: 14). Elke fout van die “SAP-regering” is uitgewys en die Nasionale Party het met klink-klare oplossings vir die daaglikse “brood en botter” probleme gekom. ‘n Groot bewusmaking-veldtog is geloods om die bedreiging van kommunisme bekend te maak tesame met duidelike beloftes van optredes teenoor hulle (J. C. Smuts, 2011: 23). Laastens was daar ook die aanvalle op die negatiewe beeld van segregasie en voogdyskap.

Hiermee saam het die Nasionale Party juis op hierdie tydstip te voorskyn gekom met “apartheid” as oplossing vir die rasse-vraagstuk. Die klem is geplaas op “afsonderlik, eie verantwoordelikheid, selfhelp, volkseie” ensovoorts en die positiewe saamwerk en opbou van elke nasie afsonderlik (J. C. Smuts, 2011: 23). So het dr. Malan op 5 Maart 1953 gesê: *“Koersloosheid sal nou fataal wees.”* (Goosen, 1953: 89). Die Nasionale Party was destyds nie koersloos nie.

Soos reeds genoem in afdeling 5.6 hierbo, het die Gefedereerde Gereformeerde kerke ‘n baie belangrike rol gespeel in die “geestelike vorming” van die apartheidsbeleid (Jonker, 1998 & Davenport, 2000: 352). Hierdie teologiese ontwikkeling het onder erge kritiek vanaf die kant van die “Engelse kerke” plaasgevind (Vorster, 2000: 45). Ongelukkig was dit vanuit dieselfde Engelse kerke dat daar destyds voor die Anglo-Boereoorlog soveel regverdiging van die imperialistiese optredes van die Britse ryk gekom het (Vorster, 2000: 40). Die meerderheid Afrikaanse teoloë het dus die Engels-sprekende teoloë se waarskuwing verontagsaam. Met bitter min ekumeniese kontak buite hul eie geledere het hulle aangegaan met die teologiese ontwikkeling van apartheid (Vorster, 2000: 45). Die gevolg hiervan was die onderbeklemtoning van die Soteriologie en spesifiek Christus se sentrale rol in ons menswees, kerk-wees en volk-wees (Vorster, 2000: 49).

Toe die Nasionale Party die verkiesing wen, is daar vir die eerste keer in Suid-Afrika se geskiedenis ‘n kabinet saamgestel wat uitsluitlik uit Afrikaans-sprekendes bestaan het (J. C. Smuts, 2011: 26). Afrikaner-nasionalisme het geseëvier en die Afrikaner was vry en baas in sy eie land.

Die apartheid-voorstanders het aanvanklik die voogdyskap-gedagte beveg maar reeds in 1959 begin praat van selfbestuur vir die swartmense onder blanke-voogdyskap (Vorster, 2000: 45). Kort daarna is begin met die toepassing van “afsonderlike ontwikkeling” waardeur die voogdyskap van die witmense oor die swartmense mense totaal aanvaar is. Afrikaner vryheid en Afrikaanse-nasionalisme het gelei tot die onderdrukking van 80% van die land se bevolking en het in botsing gekom met die nasionalistiese aspirasies van die swart- en bruin-mense van die land (Vorster, 2000: 45). Suid-Afrika was weereens geplaas op die pad van konflik.

Die bekende Afrikaanse romanskrywer Dot Serfontein (1925 - 2016) skrywe oor die hoogbloei van Afrikaner-nasionalisme as volg (1969:74) *“Dit was soos iets wat van jou besit geneem het: die barbaarse dreuning van die vlamme uit die reuse vure, die reuk van gebrande sak en paraffien, die gebalde vuiste van die sprekers, die vals klaviere waarby die kore met besete gesigte ons volksliedere gesing het, die predikante wat bid, so bid dat die sweetpêrels op hulle voorkoppe uitslaan. Dit het ‘n vuur, ‘n koors, ‘n waansin in jou gewek”.*

# HOOFSTUK 6

# ‘N VOORLOPIGE BEOORDELING VAN DIE BONATUURLIKE OPENBARINGS VAN J. M. BRANDT, A. A. S. LE FLEUR EN N. VAN RENSBURG IN DIE LIG VAN DIE ZEITGEIST VAN 1900 - 1950.

## 6.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is die *Zeitgeis*t waarin Brandt, le Fleur en van Rensburg gelewe het, bepaal. Om ‘n sinvolle *Sitz im Leben* van die drie persone onder bespreking te bepaal, moet ons kyk na die moontlike invloed van die *Zeitgeist* op hulle optredes en ervarings. Om dit te vereenvoudig sal ons al drie die persone bespreek in die lig van dieselfde onderafdelings soos bepaal uit hoofstuk 5 naamlik genl. J. B. M. Hertzog, die Armblanke-vraagstuk, blanke-voogdyskap en in die lig van Afrikaner-nasionalisme.

## 6.2 Johanna Brandt

Soos reeds genoem in hoofstuk 3, was Johanna ten tyde van die Tweede Anglo Boere-oorlog, aktief betrokke by die handhawing van Afrikaner-nasionalisme. Na die oorlog gaan sy na Europa en tree in die huwelik en dan is daar ‘n oënskynlike “stilte” of inaktiwiteit van ongeveer ‘n dekade lank alhoewel sy toe betrokke was met selfhelp-projekte en die opheffing van die verslane Afrikaners van die Pietersburg-omgewing.

Op 4 Augustus 1915 is sy aan die roer van sake as sy help met die organisering en stigting in Johannesburg van die “Vrouwen National Party”. Sy word dan ook tot die amp van sekretaresse verkies wat sy vir jare hanteer. Genl. Hertzog was so beïndruk met hierdie gebeure dat hy kort daarna ‘n oproep doen op die vroue van die Vrystaat om hulle ook so te organiseer (Goosen, 1953: 132).

Sover bekend was Brandt en genl. Hertzog nie persoonlike vriende nie, het nooit direk gekorrespondeer nie of het selfs nie direk na mekaar verwys in enige vorm of ter enige tyd nie. Dit was egter asof hulle dieselfde ingesteldheid gehad het. Die eerste voorbeeld hiervan sien mens in Brandt se bewustheid van haar rol as vrou. Sy was oortuig daarvan dat vrouens hulle volle potensiaal in talente en gawes moes gebruik tot voordeel van hulle naaste (van der Merwe, 2004: 143). Ons weet reeds dat genl. Hertzog met die samekomste ten tye van Uniewording in 1910 opgemerk het hoe baie Afrikaanse-vroue daar by die geleentheid teenwoordig was (Maritz, 2004: 31). Die samewerking rondom die stigting van die Nasionale

Party in Januarie 1914 en daarna die “Vrouen National Party” in Augustus 1915 is egter die mees sprekende voorbeeld van dieselfde gesindhede in Brandt en genl. Hertzog. Interessant is dat Brandt later vereer is as ere-president van die Vrouen National Party vir haar bydrae en rol in daardie organisasie (Roberts, 1991: 261). Sy was dus duidelik ‘n leidende figuur daar. Ons weet reeds ook dat genl. Hertzog verantwoordelik is vir vroue stemreg in Suid Afrika (Maritz, 2004: 41).

Rondom die **Armblanke-vraagstuk** het Brandt kort nadat sy as predikantsvrou in Pietersburg (April 1904) aangekom het, reeds daadwerklik begin optree. In samewerking met Emily Hobhouse begin sy spin- en weefskole vir Afrikaanse meisies (van der Merwe, 2004: 129) en in 1905 stig sy die tweede tak van die Suid Afrikaanse Vrouefederasie in Pietersburg (van der Merwe, 2004: 131). Sy het hierdie opheffingswerk volgehou tot na die Uniewording in 1910 toe die Suid- Afrikaanse regering die skole oorgeneem het en die werksaamhede uitgebrei het.

Haar bedrywighede ten bate van die armblankes het onder andere ook baba skoue ingesluit. Hiermee het sy die hele blanke-gemeenskap betrek. Dit was baie suksesvol (van der Merwe, 2004: 132). Later het sy briewe geskrywe aan leiersfigure in die Transvaal om geld te vra vir haar projekte (van der Merwe, 2004: 132). Die destydse kommissaris van lande vir die Transvaal, dr. L. S. Jameson, het Brandt persoonlik versoek om voorstelle te maak oor die armblanke-vraagstuk. Sy het onder andere voorgestel dat daar spoorlyne vanaf Pietersburg na sowel die myne as na die ander dorpe in die omgewing aangelê word (van der Merwe, 2004: 132). Selfs in hul persoonlik hoedanigheid het die Brandt egpaar alles moontlik gedoen om die nood te help verlig deur ‘n groot gedeelte van haar man se salaris daarvoor te benut (van der Merwe, 2004: 134).

Wat **blanke-voogdyskap** betref, was Brandt deel van die Britse-beskouing. Hulle lewensstyl voor en tydens die oorlog was totaal Victoriaans met “houseboys” en bediendes wat allerlei take moes verrig terwyl sy en haar moeder hulle besig gehou het met teepartye, debat-verenigings, musiek-uitvoerings en allerlei konserte (van der Merwe, 2004: 43). Die herehuis van “Harmonie” was omring deur pragtige tuine en was die vergaderplek van die hooggeplaastes van Pretoria. Brandt en haar moeder was in oortuiging anti-Brits maar in lewenswyse tipies Brits (van der Merwe, 2004: 41). Later jare skrywe Brandt steeds van “houseboys” wat hulle stil en rustig moet gedra ten tye van die groot omwentelings in Suid-Afrika (1918: 129).

Die sterkste bevestiging van haar blanke-voogdyskap beskouing is te vinde in die dokument wat sy in 1918 laat druk en versprei het onder verskeie swart volkere in Suid-Afrika. Die

*"Prophetic message to the Native Tribes of South Africa"* het in Maart 1918 die lig gesien en is vertaal in Sesoetoe, Zoeloe en Xhosa en is deur Brandt self versprei (Visions of Johanna Brandt, 2010: 5). Hierdie boodskap is later in haar boek *"The Crucible"* (1920) wat ook deur Brandt laat druk en versprei is, herhaal (Visions of Johanna Brandt, 2010: 2). Volgens haar sou God haar die opdrag gegee het om die swart volkere te waarsku dat hulle, hulle stil en rustig moet gedra in die tyd van Sy oordeel oor Suid-Afrika en met die suiweringsproses van die Afrikaner. Indien nie sou God se hardhandige oordele hulle baie swaar tref (Visions of Johanna Brandt, 2010: 18). Die ondertoon-gedagtes van "onbetrokke, minderwaardig, uitgesluit, apart, gesegregeer, afgeskei, onvolwasse" ens. kom baie duidelik na vore. Alles wat tiperend is van blanke-voogdyskap. Roberts (1991: 260) bevestig hierdie bevinding en skrywe as volg oor Brandt: *"The great nation envisaged by Hansie was to be white in colour, Christian in faith and paternal in its responsibilities toward the black population*."

Dis amper asof Brandt na die pieke-ervarings van 1 en 7 Desember 1916 (1918: 91) minder betrokke begin word het in politieke vraagstukke. Haar eerste boekie "*Het concentrasie kamp te Irene"* wat in 1905 verskyn het, is in Hollands geskrywe. Ook die tweede boekie *"Die Kappie Kommando"* verskyn in 1913 in Hollands. Vreemd dat sy daarna in Engels begin publiseer.

In die dokument *"Visions of Johanna Brandt"* (2010) wat saamgestel is uit "A prophetic message to the Native Tribes of South Africa " (1918) en "The Crucible" en wat gepubliseer is in 1920 is daar verskeie aanhalings oor haar **nasionalistiese gevoelens**. Ongelukkig is die dokument nie goed georden nie en daar is teveel kort verwysings oral oor in die dokument om dit hier elke keer volledig te verwys. Samevattend word daar baie uitgebrei oor die (*Afrikaner*)-mense van Suid-Afrika wat die uitverkore volk van God is weens die swaarkry van die Groot Trek, die opoffering van die Rebellie en hul afkeur in geldsug van die (*Engelse*)-kapitaliste. Sy skryf ook op verskeie plekke oor haar verlange na die eenwording van en samewerking tussen die Afrikaners onder die invloed van die Nasionale Party. Haar totale goedkeuring van die Rebellie word onomwonde verklaar met die verwysing na die Rebelle as die edelmoedigste mense wat ooit gelewe het en wat bereid was om op te staan vir die mees regverdige saak (Visions of Johanna Brandt, 2010: 25).

Sy was dus steeds nasionalisties in haar wese alhoewel haar "internasionalisme" sterker na vore gekom het met die feit dat sy nou alle geskrifte in Engels begin uitgee het [30].

---

30 Later in hoofstuk 8 meer oor haar "internasionalisme".

Die aanhaling in van der Merwe (2004: 141) "O, ik ben er zoo heilig van oortuigd dat Engeland's triomph maar tydelijk is, dat het niet de wil van God is voor Zuid Afrika om altyd onder Engeland te staan niet...Daarvoor leven wy en misschien zullen onse kinderen dat nog tot stand brengen" vat Brandt se nasionalisme mooi saam.

**Samevattend** kan ons oor Johanna Brandt sê dat sy diep beïnvloed was deur genl. Hertzog, 'n voorvatters was in die Armblanke-vraagstuk, ten dieptes deurdrenk was van die Blanke-voogdyskap leefwyse en aanvanklik 'n ywerige kampvegter was vir Afrikaner-nasionalisme. Dat sy en genl. Hertzog deurdrenk was van dieselfde *Zeitgeist* is duidelik.

## 6.3 A. A. S. le Fleur [31]

Andries le Fleur se lewe is reeds bespreek in hoofstuk 2. Daaruit kon ons sien hy was 'n uiters bekwame politikus en volgens alle aanduidings 'n goeie kenner van mense. Ek is oortuig daarvan dat le Fleur sommer vroeg na Uniewording al besef het dat hy meer sou regkry met genl. Hertzog as met genl. Smuts. Dus was daar 'n tydige verandering in die denke van le Fleur sodat daar vandag selfs beskuldigings bestaan dat hy 'n ondersteuner van apartheid was (Dedering, 2010: 140). Ook wil ek voorstel dat le Fleur gesien moet word as 'n politieke opportunis wat die beste vir sy mense gesoek het en sy seile na die wind gedraai het. (Dedering, 2010: 122).

Soos reeds in hoofstuk 5 genoem, was my vroeëre beskouing oor die rol van genl. Smuts in die bepaling van die politiese *Sitz im Leben* verkeerd. Genl. Hertzog se optrede teenoor le Fleur en die Griekwamense was die eerste stukkie inligting wat my oortuiging laat verander het. In die doktorale proefskrif van Cloete (1986: 73) noem sy hoe genl. Hertzog reeds kort na die Uniewording, 'n besluit geneem het ten gunste van die Griekwa-eise van Griekwaland-Oos waarvoor die le Fleurs die groot agitators was. Sy skrywe *"Generaal Hertzog het toe hy Minister van Naturellesake was na Uniewording in 1910, die Griekwas se eis ondersoek. Die Kabinet het nie met sy bevinding saamgestem nie. Gevolglik het hy eers in 1924, toe hy Eerste Minister geword het, voorsiening gemaak vir 'n bedrag van 6, 000 Pond om volledig aan die eis te voldoen".*

Dit is voorwaar vreemd dat genl. Hertzog vanaf 1913 tot in 1924 aanhou stoei het om 'n saak reg te stel waarmee die destydse Boere Republieke niks mee te doen gehad het nie en wat beslis 'n interne aangeleentheid van die vorige Kaapse-regering was. Tog voel genl. Hertzog

---

[31] Sien voetnota 6 op bl. 8

die Unieregering verbind daartoe om die beloftes van die Kaapse regering wat reeds in die sestiger jare van die vorige eeu gemaak is, na te kom.

Was dit vir genl. Hertzog net ‘n saak van eer en was hy ‘n mens van sulke uitnemende etiese norme dat hy verplig gevoel het om hierdie dekades-oue onreg reg te stel, of was daar ‘n ander motief? Ek is oortuig dat daar ‘n ander motief was en dit is dat genl. Hertzog reeds van vroeg reeds die Bruinmense gesien het as inherent-deel van die Blanke gemeenskap van Suid-Afrika (Du Plessis, 1970: 37). Reeds in 1919 help stig hy die Verenigde Afrikanerliga met die doel om die Afrikaans-sprekende Blankes en Bruinmense te verenig (Davenport, 2000: 297). Ook was genl. Hertzog en sy eertydse sekretaris gedurende die Tweede Anglo-Boereoorlog, Klasie Hawenga, voortdurend daarmee besig om die Blanke bevolking te probeer swaai om die Bruinmense te aanvaar as integrale deel van hulself (Meiring, 1972: 60).

Maar genl. Hertzog se invloed op le Fleur was veel groter as net dit. Genl. Hertzog is sonder twyfel die vader van die Afrikaner-nasionalisme en het ywerig en onvermoeid daarvoor gewerk. Daar was onder andere sy ywer vir Afrikaans in skole, die landbou skemas van die Olifants-, Vaalharts- en Oranjerivier, die stigting van Afrikaanse sake-ondernemings om maar net ‘n paar te noem. Hierin moes hy beslis vir le Fleur ‘n voorbeeld en inspirasie gewees het. Toe die hervestiging projek van le Fleur vir die mense van Namakwaland wat hy na die Klawer-omgewing laat verhuis het, op die punt staan om te misluk, het hy ‘n persoonlike onderhoud met genl. Hertzog gevra (Besten, 2006: 136). Soos voorheen genoem is dit nie toegestaan nie want genl. Hertzog se raadgewers het le Fleur gewantrou.

Wat die **Armblanke-vraagstuk** betref moet ons eerder na die verarmde Griekwas en Bruinmense kyk en let op die pogings wat le Fleur aangewend het om hulle nood te verlig. Dit was asof hy destyds al “’n stem roepende in die woestyn” was rondom die nood van die Griekwa- en Bruinmense. Beslis was hy sy tyd ver vooruit en het hy dikwels man-alleen probeer regkry wat skares Afrikaners, later met grootskaalse regeringshulp gedoen het. Sy besef van die nood van die Griekwa-mense gaan moontlik terug tot met die aankoms van die le Fleur-trek destyds in 1885 in Griekwaland-Oos. Ons weet die le Fleurs was diep geskok om die eens trotse Griekwas in sulke haglike omstandighede te vind (Besten, 2006: 54). Die “grondeise pogings” van sy pa moes hom ten diepste aangespreek het, want dit was deurslaggewend in sy optredes en denke vir baie dekades. Daarna begin hy met die groot hervestiging pogings wat ten doel gehad het om die Griekwas uit hulle hopelose ekonomiese situasies te “bevry”.

Die oprigting van die *"Griqua Land Bank, Factories and Township Limited"* het ten doel gehad om Griekwa-besighede op die been te bring (Besten, 2006: 133). Hy het homself sterk uitgespreek ten gunste van verdere opleiding in die ekonomie en bankwese sodat die Griekwas vooruit kan gaan (Besten, 2006: 129). In al hierdie optredes volg hy beslis die voorbeeld van genl. Hertzog en die Afrikaners in sy pogings om die armoede-vraagstuk tussen die Griekwas opgelos te kry (Besten, 2006: 164).

Aangesien le Fleur hom beywer het vir die sake van die Griekwas en Bruinmense, kan ons hom nie oordeel volgens die standaard **blanke-voogdyskap** norme nie en moet ons eerder soek na die tipiese kenmerke van voogdyskap soos bespreek in hoofstuk 5: 5. Die le Fleur familie was destyds toe hulle nog woonagtig in die Trans-Oranje was, gereken as deel van die Boerevolk. Hulle was welgestelde mense wat beslis meer belese was as die deursnee Griekwamense (Besten, 2006: 54). Dit was ook die rede waarom le Fleur se pa aangestel is as sekretaris van die Griekwas van Griekwaland-Oos. Daarna trou hy boonop met Rachel Kok wat stam uit die leiers-familie van die Griekwas en klim stadig maar seker die trappe binne die Griekwa-gemeenskap (Beinart & Bundy, 1987: 57).

Sy grootdoenerigheid kom egter sterker na vore na sy vrylating uit die Breekwater-gevangenis in. Sy ongestaafde bewerings van "*goewerneurskap in Rhodesië*" is sprekend hiervan (Servant of God, 2003: 9). In Junie 1917 vertel hy vir speurder Frank Lesuetsa dat hy Engeland besoek het en ook vir Koning Edward ontmoet het (Dedering, 2010: 13). Dit was natuurlik 'n leuen. Daar is nog vele voorbeelde van grootdoenerigheid en doelbewuste pogings om "sy eie beuel te blaas" (Beinart & Bundy, 1987: 73).

Voogdyskap spruit voort uit die gevoel van meerderwaardigheid en dit het le Fleur beslis gehad. Sonder ophou bevorder hy sy eie posisie en begin reeds in 1894 vir homself die titel "Hoof-kaptein" of "Opperhoof" van die Griekwamense te gee sonder dat hy daarvoor demokraties verkies was (Besten, 2006: 74). Ons hoor dat hy later jare met die sambok onder sy volgelinge ingeklim het as hulle stadig van begrip of "ongelowig" oor sy profetiese uitsprake was (Boezak, 2012: 7). "Baasskap" was beslis diep grondig gevestig in hom en hy was verhewe bo die gewone posisie van Griekwas en Bruinmense van destyds.

Ook die segregasie of afskeidings gedagte was baie sterk by hom teenwoordig. So skrywe Besten (2006: 98) "*His thinking reflected operative nationalist, racial and segregationist discourses."* Dedering (2010: 140) bevestig hierdie gedagte. Ek het reeds daarop gewys dat later van jare, toe dr. D. F. Malan se Nasionale Party die verkiesing wen in 1948, skrywe le Fleur 'n brief van gelukwensing aan hom en verklaar onder andere dat apartheid van die vroegste tye die leefwyse van Adam Kok en die Griekwas was (Thom, 1980: 204).

Wat **Afrikaner-nasionalisme** betref vind ons baie van dieselfde gesindheid in le Fleur oor die Griekwa- en Bruinmense as wat daar destyds tussen die Afrikaners was. Sy beskouing dat hulle moes wegtrek uit Griekwaland-Oos om hulle identiteit te behou stem ooreen met sommige van die redes van die Groot Trek (Besten, 2006: 113). In 1920 stig hy die "Griekwa Nasionale Konferensie" met die doel om "Griekwaskap" te bevorder (Besten, 2006: 117). Interessant genoeg dat "Nasionale" deel van die naam uitmaak. Rondom sy kerk beskouing is dit insiggewend dat hy die Griekwa Independante Kerk stig met die beweegrede dat die Griekwas vry moet wees van die invloed en beheer van sendelinge van buite en dat hulle oor hul eie godsdiens beskouinge wil besluit (Besten, 2006: 164).

Op 27 Augustus 1926 skrywe le Fleur in die "Griqua and Coloured People's Opinion" as volg oor nasionalisme: "National pride has lifted many nations out of despondency.....no one ever knew that a Nation existed until the trek in 1917.... a ten times greater organisation has grown and is growing than the Griqua Nation.... it is still in our blood, let us instil it in the minds of the coming generation to be proud - to be what God has created you" (Besten, 2006: 151).

**Samevattend** kan ons verklaar dat Andries le Fleur en genl. Hertzog voëls van eenderse vere was en dieselfde doel voor oë gehad het naamlik om die Bruin- en Blanke Afrikaanssprekendes te verenig, om hulle op te hef en te bemagtig deur nasionalisme te bevorder. Hulle was deurdrenk van dieselfde *Zeitgeist*.

## 6.4 Niklaas van Rensburg

Wat betref die **armblanke-vraagstuk** en **blanke-voogdyskap** in van Rensburg se lewe is daar niks oor te sê nie. Hy was eintlik deel van die armblankes en het as sulks geen positiewe bydrae gelewer om die saak te beredder nie en verder is daar geen openbaring of visioen van hom bekend wat hierdie vraagstuk aangespreek het nie. Ook betreffende die blanke-voogdyskap kon ek geen verwysings daarna vind nie. Wat **Afrikaner-nasionalisme** betref was dit egter 'n ander saak en dus vanselfsprekend ook die rol wat genl. Hertzog gespeel het.

van Rensburg was sedert die Tweede Anglo Boere-oorlog 'n volgeling van genl. de la Rey. Dus was van Rensburg aanvanklik meer goedgesind teenoor die "Het Volk" party van genls. Botha en Smuts omdat genl. de la Rey stigterslid daarvan was (Armstrong, 1945: 122). Tog was van Rensburg deurspek van die "Republikeinse gedagte". Anders as genls. Botha en Smuts hierin het hy aanklank gevind by genls. de la Rey en de Wet (Raath, 2011: 173 & 200). Die groot draaipunt het egter gedurende die Rebellie gekom en meer beslis gedurende die tyd van van Rensburg se gevangenskap. Hy verwys dikwels met diep emosie na daardie tyd en voel dat genls. Botha en Smuts hom 'n groot onreg aangedoen het (Raath, 2011: 347).

van Rensburg was vanuit die staanspoor ‘n “Republikein” en dus meer in lyn met die Nasionale Party van dr. Malan se tyd. Na die dood van genl. de la Rey, het sy vriendskap met genl. de Wet toegeneem soveel so dat van Rensburg hom by sy huis in Dewetsdorp gaan besoek het. Ook het hy, net soos met genl. de la Rey, maande voor die afsterwe van genl. de Wet, daaroor ‘n openbaring gehad en het hy dit persoonlik aan de Wet gaan meedeel (Raath, 2011: 352). Genl. de Wet het die rol van genl. de la Rey oorgeneem na de la Rey se dood en het as “waarmaker” of “kampvegter” van die drome en openbarings van Niklaas van Rensburg opgetree. Dit was veral na die toespraak van genl. de Wet wat hy voor die Rebellie op Koppies gehou het (Raath, 1994: 139).

Soos voorheen genoem het vanaf die Vrede van Vereeniging tot met sy dood die republikeinse gedagte sy openbarings oorheers. Hier speel veral die gesigte van die druiwestok wat bot (Raath, 2011: 157) en ook die babadogtertjie wat grootword en ontwikkel in ‘n pragtige meisie belangrike rolle (Raath, 2011: 49). Hy het gesien dat genl. Jan Smuts minder en minder belangrik word in Suid-Afrika totdat hy later in die niet verdwyn (Raath, 2011: 348) Behalwe vir die voorspelling van die simboliese Ossewatrek van 1938 (Raath, 2011: 367) en die oprigting van die Voortrekkermonument (Raath, 2011: 368) sien hy ook die totstandkoming van die Republiek in 1961 (Raath, 2011: 393).

Die belangrikste optredes wat van Rensburg se nasionalisme bevestig is egter sy optredes met die Rebellie van 1914. Ons weet dat van Rensburg as een van die Rebelle-leiers erken is en as sulks saam met die Rebelle-offisiere in aanhouding was in Boksburg en later in Johannesburg (Raath, 2011: 285). Die Rebellie moet gesien word as een van die belangrikste mylpale op die pad van die ontwikkeling van Afrikaner-nasionalisme (van Jaarsveld, 1971: 238). Hiervoor was van Rensburg bereid om huis en haard op te offer. Trouens het een van sy seuns tydens en as gevolg van die Rebellie gesterf (Raath, 2011: 292).

**Genl. Hertzog** het reeds gedurende die Tweede Anglo-Boereoorlog met van Rensburg te doen gehad. Met die besoek van president Steyn en genl. Hertzog aan die Wes-Transvaal van ongeveer 20 tot 26 Maart 1902, moes van Rensburg hulle vergesel. In daardie tyd het hy ‘n visioen gehad dat die Engelse op pad was en het hy genl. Hertzog gaan waarsku. Gevolglik kon die generaal tesame met pres. Steyn ontvlug (Raath, 2011: 124). Alhoewel van Rensburg slegs twee jaar ouer as genl. Hertzog was, beskrywe Hertzog hom in sy dagboek as “Die ou man” (Raath, 2011: 126) en praat dus van hom met respek. Genl. Hertzog was ook by toe van Rensburg op 21 Maart 1902 vir genl. de la Rey vertel het dat daar binnekort vrede sou kom (Raath, 2011: 129). In 1911 sien van Rensburg hoe daar ‘n tak afskeur van ‘n boom en hoe die tak bot en groei terwyl die boom vrek. Hy verklaar dat genl. Hertzog sou afskeur van die Het Volk Party, dat daar ‘n nuwe party sal ontstaan en dat die ou party sal doodgaan (Raath,

2011: 160). Ook sien hy hoe genls. Hertzog en Smuts later weer sou saamwerk maar dat Smuts vir Hertzog sou mislei en dat dit tot die ondergang van Hertzog sou lei (Raath, 2011: 364).

**Samevattend** kan ons verklaar dat van Rensburg en genl. Hertzog beïnvloed was deur dieselfde *Zeitgeist*. Teenoor genl. Hertzog en sy pogings tot die heropbou en uitbouing van die Afrikaner het van Rensburg positief gestaan. Tot en met die Balfour verklaring van 1926 (van Wyk, 1983: 19) was genl. Hertzog 'n voorstander van 'n eie republiek, daarna het dit vervaag. Hierteenoor was Niklaas van Rensburg 'n vurige republikein en nasionalis sy lewe lank. Sou van Rensburg langer gelewe het, sou hy miskien ook verander het?

## 6.5 Samevattend

Daar is groot ooreenkomste maar ook verskille tussen die drie "sieners" onder bespreking. Kortliks kom dit hierop aan:

Johanna Brandt en Andries le Fleur kom beide uit vooraanstaande families wat leidende rolle in hulle onderskeie gemeenskappe gespeel het. Hulle was albei wyd-belese mense met 'n lewendige belangstelling in internasionale gebeure en was op hoogte daarvan. Daarteenoor was van Rensburg van 'n versukkelde familie wat geen wyer leierskaprol vervul het anders as dit van 'n "siener" te wees en kerklik 'n plaaslike rol te speel nie. van Rensburg het net sy Bybel gelees en dit as uitsluitlike bron van kennis gebruik (Raath, 1994: 10).

Beide Brandt en le Fleur was van vroeg af negatief teenoor die kerke waaraan hulle behoort het. Brandt het in 1916 "The World Harmony Movement" gestig en volg dit op met die stigting van die "Harmony School of Naturopathy" (Roberts, 1991: 263). Vir hierdie alternatiewe geestelike organisasies het sy haar vir die res van haar lewe beywer (Taljaard & van der Merwe, 1991: 279). Ook le Fleur het sy eie kerk begin in 1920 en ten tye van sy dood was daar reeds 43 gemeentes landswyd gestig met ongeveer 10, 000 aktiewe lidmate (Besten, 2006: 170). Daarteenoor was van Rensburg sy lewe lank 'n aktiewe lid van die Hervormde Kerk (Raath, 1993: 15). Sover bekend het hy hom slegs eenkeer negatief uitgespreek oor 'n predikant van die kerk. Dit was 'n sekere ds. G. F. C. Faustman van Schweizer-Reneke wat van Rensburg beskrywe het as 'n "predikant sonder geloof" omdat hy teen die Rebellie gekant was (Raath, 2011: 218).

Brandt en le Fleur was intens betrokke by opheffings projekte en aksies om nasionalisme te bevorder. Niklaas van Rensburg daarteenoor glad nie.

Brandt en van Rensburg het beide voortdurend moeite gedoen om hulle Bybels te lees en hulle openbarings daaruit te probeer verklaar en regverdig. Voorbeelde hiervan vind ons in Brandt se geval in die verduidelikings van haar openbarings soos in “The Millenium” (1918: 1 - 83) en in van Rensburg se geval soos verwoord in die voorwoord van Raath (2011: 9 - 13) Daarteenoor is daar geen verwysing dat Andries le Fleur ernstig omgang met sy Bybel gehad het nie. Daar is slegs verwysings dat hy vir tye van afsondering na veral Ratelgat gegaan het maar wat hy presies daar gedoen het, is onbekend. [32]

Die afleiding wat ons van bostaande paragrawe kan maak is dat al drie van hulle beïnvloed was met dieselfde *Zeitgeist* net soos ook genl. Hertzog. Sommige van hulle het aktief met genl. Hertzog saamgewerk by tye. Al drie van hulle was nasionalisties ingestel en almal het pro-aktief opgetree in die bevordering van nasionalisme. Op die terreine van opheffing van armes en voogdyskap was daar verskille.

Die belangrikste ooreenkoms is dus **genl. Hertzog** en **nasionalisme**. Soos voorheen genoem is genl. Hertzog die vader van Afrikaner-nasionalisme (Oberholster, 1979: 23). Genl. Hertzog het die Bruinmense as deel van Afrikaner-nasionalisme gesien. Die *Zeitgeist* waarin Brandt, le Fleur en van Rensburg gefunksioneer het was een van ‘n brandende ywer vir die vrymaking en onafhanklikheid-wording van hulle mense. Kon hierdie nasionalistiese *Zeitgeist* hulle *Sitz im Leben* beïnvloed het?

Later in die proefskrif word gepoog om bronne te vind vir bonatuurlike ervarings soos visioene, drome, openbarings of profetiese uitsprake. In die gevalle van Brandt, le Fleur en van Rensburg is dit bevind dat hulle almal beïnvloed was deur ‘n nasionalistiese *Zeitgeist*.

Ek wil hiermee afsluit deur die opmerking van Dot Serfontein oor Afrikaner-nasionalisme van destyds te herhaal: “Dit was soos iets wat van jou besit geneem het: die barbaarse dreuning van die vlamme uit die reuse vure, die reuk van gebrande sak en paraffien, die gebalde vuiste van die sprekers, die vals klaviere waarby die kore met besete gesigte ons volksliedere gesing het, die predikante wat bid, so bid dat die sweetpêrels op hulle voorkoppe uitslaan. Dit het ‘n vuur, ‘n koors, ‘n waansin in jou gewek” (1969: 74).

[32] Oom Booi Cloete wat destyds verantwoordelik was om sy pos op Vredendal te gaan haal het bevestig dat hy altyd die koerant ook moes saambring. (Stephanus Cloete, 2012)

# HOOFSTUK 7

# ‘N TEOLOGIESE PERSPEKTIEF OP BONATUURLIKE OPENBARINGE, DROME, VISIOENE EN PROFETIESE ERVARINGS.[33]

## 7.1 Inleiding

Om ‘n sinvolle ontleding te maak van die visioene en ander profetiese uitsprake van die drie persone onder bespreking sal ons eerstens kyk na Sistematies-teologiese beskouings rondom openbarings, drome, visioene en ander profetiese uitsprake. Hier wil ek gebruik maak van ‘n aantal gesaghebbende teoloë wat volgens my opinie gesonde Reformatoriese standpunte handhaaf. Om die navorsing doelgerig te hou sal ek kortliks kyk na die teoloë se uitsprake vanuit die Godsleer, die Christologie, die Pneumatologie, die Soteriologie en die Ekklesiologie. Om hierdie gedeelte af te sluit verwys ek na ‘n paar algemeen teologiese uitsprake van hierdie teoloë.

Die volgende gedeelte wy ek aan Prakties-teologiese standpunte rondom openbarings, drome, visioene en ander profetiese uitsprake en dan veral vanuit pastorale teologiese bronne. Hier gebruik ek ‘n klompie gesaghebbende bronne wat volgens my opinie verantwoordelike wetenskaplike standpunte handhaaf.

Laastens kyk ek na moontlike alternatiewe oorsake van openbarings, drome, visioene en ander profetiese uitsprake en ervarings. Hier gebruik ek die “tripolariteitsbeginsel” van Peter Beyerhaus (1969: 102) en werk dan voort.

## 7.2 Sistematies-teologiese beskouings

### 7.2.1 Die Godsleer.

***Hendrik Berkhof*** verklaar dat goddelike openbaring altyd tweeledig is nl. Gees en Skrif, (Berkhof, 1979: 57) dit openbaar altyd die wese van God, (1979: 105) dit wys altyd op God se aktiewe skeppingsdade en wys die vinger na Sy volgehoue betrokkenheid by die skepping

[33] Ek maak gebruik van teoloë meestal vanuit die Gereformeerde denke wat insiggewende uitsprake gemaak het rondom bonatuurlike openbarings en of wat dogmaties daaroor besin het.

(1979: 106). Dit bevestig altyd die finale oorwinning van God en die aanbreek van die toekomstige tye van Sy heerskappy (1979: 106).

Hierdie beskouings van Berkhof is vir my belangrik omdat dit die Gees en Skrif verbind. Maar meer nog, dat die openbaring gerig is op die wese van God, Sy onderhouding van Sy skepping en die oog gevestig hou op die openbaring van Sy volkome heerskappy met Christus se wederkoms.

***Gerrit Berkouwer et al*** wys daarop dat elke openbaring van God ‘n openbaring is waardeur Hy Sigself kenbaar maak aan die mens (Berkouwer, 1949: 82). Dit is vanuit God, deur God en tot God gerig (1949: 88). Hy onderskei tussen “Inspraak” en “Toespraak”. In die eerste geval is dit slegs ‘n vae wete in die binneste van die mens maar in die tweede geval is dit die duidelik kenbare stem van God (1949: 87).

Berkhouwer se onderskeid tussen inspraak en toespraak is vir my baie belangrik maar veral dat beide van hulle ten doel het op God se Sigself aan die mens te openbaar.

### 7.2.2 Die Christologie

Volgens ***Karl Barth*** verhelder die Heilige Gees die verstand van die mens om vrywillig te lewe in die Waarheid wat Jesus Christus is (1959: 22). Daarom verklaar hy onomwonde dat jou Christologie jou menswees openbaar (1959: 66).

Barth se insig dat openbarings ‘n mens grondig verander en vernuwe deur Christus-gesentreer te lewe is vir my uiters belangrik.

***Hendrik Berkhof*** wys daarop dat ons nie met losstaande “waarhede” omgaan nie maar met Christus wat die Waarheid is (1979: 72) en dat ons lewens uit-kringende konsentriese sirkels vorm rondom die middelaarskap van Christus (1979: 74).

Die insig van Berkhof dat ons nie met losse stukkies kennis te doen het met nuwe openbarings nie maar dat dit primêr gaan om die middelaarskap van Christus is uiters belangrik.

Geestelike leiers moet voortdurend waak daarteen dat hulle “messiaanse” rolle speel en altyd weer die gemeentes moet wys op die sentraliteit van Christus volgens ***Dave Breese*** (1979: 51).

***Johannes Calvyn*** haal Chrysostomos aan om sy punt te bevestig dat buite-om die evangelie moet ons geen nuwe openbaring glo nie net soos Christus niks “buite-om” God gepraat het nie (1992. Boek 4. Pará 8.13.40).

In sy samevatting oor Calvyn se denke skrywe ***Wilhelm Niesel*** dat alle Gods-openbarings eintlik Christus-openbarings was en is want God is slegs kenbaar in Christus (1956: 33).

Die Christologiese uitsprake hierbo is eenstemmig dat alle nuwe openbarings eintlik maar net bevestigings is van die reeds bekende openbaring van God in Christus. Dit mag "gekleed" wees in nuwe beelde of begrippe om die *Sitz im Leben* te beïnvloed maar Christus is en bly die sentrum.

### 7.2.3 Die Pneumatologie

***Hans Kung*** gebruik 1 Kor. 14: 29 - 33 om te bevestig dat profetiese uitsprake beheersd en sonder verwarring en weersprekings moet wees (1982: 396).

Hierdie beklemtoning van Kung op die geordende en doelgerigtheid van profetiese uitsprake is vir my van deurslaggewende belang.

***Wilhelm Niesel*** se interpretasies van Calvyn is die basis van sy standpunt dat beide die Woord en die Gees teenwoordig moet wees voordat ons die wil van God kan verstaan en toepas (1956: 38).

***Oepke Noordmans*** gebruik 1 Kor. 13:12 en beklemtoon dat niemand Christus en die volle waarheid volkome kan ken nie. Om 'n diepere of meerdere waarheid te ken is soos Saul wat deur die heks van Endor vir Samuel wou oproep - dis buite die wil van God (1979: 440). Dit is belangrik op te let op Noordmans se insig wat waarsku teen die soeke na diepere insig. Dit kom later baie handig te pas.

Ook die Bybelkundige ***Arie Noordtzij*** maak besondere insiggewende opmerkings oor visioene in sy kommentaar op Esegiël en noem onder andere dat die oorsprong daarvan buite die persoon self is wat dus veroorsaak dat die wil en verstand van die ontvanger steeds ten volle aktief is. Die persoon het steeds die volle gebruik van al sy funksies soos sien, hoor, dink, praat en reageer. Volgens hom is die sien van 'n visioen eintlik glad nie so buitengewoon nie, want dit is niks anders as God wat deur 'n normale menslike talent of gawe Sigself bekend maak en Sy wil openbaar nie (1932: 21).

***Jesse Penn-Lewis*** verduidelik dat die werking van die Heilige Gees, hetsy skielik en kragtig of langsaam, altyd dieselfde gevolg het naamlik die verlossing van die sonde en die vrymaking van die siel om God te kan dien. Terselfdertyd word die menslike verstand verhelder en nuwe insigte bekom wat lewe in vrede en vryheid bewerk (1986: 288). Sy waarsku verder dat enige

openbarings wat gepaard gaan met ‘n onaktiewe, passiewe verstand en wil, boos is van oorsprong (1986: 309).

Samevattend kan ek duidelik aflei dat vanuit die Pneumatologie die teoloë soos bespreek baie sterk standpunt inneem teenoor die “onbetrokkenheid” van die menslike psige by profetiese uitsprake. Dit word beklemtoon dat die Gees van God nie die menslike gees onaktief laat nie maar die juis laat herlewe en bekragtig om rustige en weldeurdagte uitsprake te maak in die naam van God.

### 7.2.4 Die Soteriologie.

Die werk van die Heilige Gees is hoofsaaklik die opbou van die gemeente en die realisering van Christus se middelaarskap volgens ***Karl Barth*** (1977: 654).

In sy kommentaar op Genesis skrywe ***Johannes Calvyn*** (1984) dat God nooit Sy volk bloot oorweldig met die “heerlikheid” van Sy openbaring nie maar dat Hy altyd daarmee saam deur Sy woord Sy volk onderrig. Oor Gen. 36: 33 skrywe hy dat ware profete openbaar die geheimenisse van God maar gee altyd ook ‘n soteriologiese toepassing daarvan. Oor vers 34 voeg hy by dat toekoms-voorspellings sonder soteriologiese toepassings die kenmerk van valse profete is.

Vir ***Dave Hunt*** is die groot probleem met sektes en kultusse juis dat die leiers die eer, krag en heerskappy van Christus “steel” (1980: 97) en dat hulle die soendood van Christus misken deur die verabsoluterings van die bonatuurlike openbarings of “krag” van die leiers (1980: 139).

Ook ***Hans Kung*** wys daarop dat die Heilige Gees niks anders doen buite om die Gees van gekruisigde Christus nie (1992: 234).

In die teologie van ***Oepke Noordmans*** speel die versoeningsdood van Christus ook die sentrale rol en wys hy daarop dat die hel of swaarkry geen versoening bewerk nie (1979: 256). Verder verklaar hy dat buite-om Christus die openbarings van God vir ons ‘n doolhof is (1979: 250) en dat Christus as die Gekruisigde deur die Heilige Gees onder ons bekend gemaak word (1979: 286).

***Klaus Nürnberger*** gebruik Luther se teologie en staan by die punt dat alle ware openbarings ‘n tweeledige invloed op mense het nl., dit openbaar die sondigheid van die mens en dit bring hulle tot bekering, genade, vryspraak en die nuwe lewe deur die werking van die Heilige Gees (1985: 7).

Samevattend is dit duidelik uit die insigte van hierdie teoloë dat die Soteriologie sentraal behoort te staan in alle bonatuurlike openbarings. Die sondigheid van die mens moet weer en opnuut beklemtoon word en teenoor die soendood van Christus in ‘n gebalanseerde wisselwerking staan.

### 7.2.5 Die Ekklesiologie

***Dave Breese*** spreek hom baie sterk uit teen die moontlikheid van voortgesette bonatuurlike openbarings en gebruik Open. 22: 18 - 19 as absolute rigsnoer om daarteen te waarsku (1979: 27). Verder wys hy daarop dat bonatuurlike openbarings gewoonlik die basis van sektes is (1979: 72) en dat mense-verering altyd hierop volg. Die “siener” neem na ‘n kort rukkie ‘n messiaanse posisie in en speel meester oor “sy of haar” mense/groep/kerk/volgelinge (1979: 56).

***Harvey Cox*** vat drome en visioene saam onder sy bespreking van “oer-geestelikheid” of “elementêre-geestelikheid”. Hy verduidelik dit as primêre geestelikheid of as geestelikheid wat in die baba-skoene staan (1995: 82).

***Dave Hunt*** rig die waarskuwing dat okkultisme gebaseer is in onpersoonlike mag of krag wat die mens wil “verlig” of inlei in een of ander vorm van verligting in (1980: 89). Hy waarsku teen die verabsolutering van bonatuurlike openbarings en wys daarop dat in baie gevalle hierdie absolute openbarings meer gewig dra as die Skrif self (1980: 128). Hy verklaar dat wanneer mense ervarings en belewenisse stel bokant die objektiewe verstandelike denke dan het ons sonder twyfel te doen met ‘n okkultiese ervaring (1980: 130).

***Martin Lloyd Jones*** waarsku teen ervarings as basis van die geloof (1985: 11). Hy beklemtoon die feit dat Goddelike openbaring nooit die intellek uitskakel nie want dit is slegs deur die intellek dat ons die openbaring kan aanvaar, waardeer en realiseer (1985:73). Hy waarsku teen die oorgawe van ons kritiese, analitiese vermoëns (1985: 78) en beveel aan dat alle bonatuurlike ervarings diep grondig ondersoek word in die lig van die Skrif (1985: 79). Laastens wys hy daarop dat wanneer bonatuurlike ervarings ‘n blote skouspel is, dit verwerp moet word tesame met ervarings wat fanaties van aard is (1985: 85). Laastens waarsku hy teen alles wat grens aan die idiotiese of totaal irrasionele.

***Philip Schaff***, die Gereformeerde Historikus skrywe in sy monumentale kerkgeskiedenis-reeks ook oor bonatuurlike gawes. Hy verklaar o.a. dat dit meestal normale menslike gawes is wat deur die geloof - die grootste gawe - verhelder of bekragtig word. Hy verdeel die gawes in drie afdelings nl. intellektuele-, emosionele- en diensbaarheid-gawes. Maar alle gawes werk ten nouste saam vir die opbou van die liggaam van Christus - die Kerk (1997: Pará 45).

***David Wells*** beklemtoon dit dat godsdienste wat ervarings-gerig is eintlik bou op die leringe van Adolph Harnack se frase “Life not doctrine” (1993: 119). Dit het aanleiding gegee tot die “geïnternaliseerde god” wat totaal verwar word met die ware Jesus (1993: 156). Hierdie god, wat diep in die psige versteek word, gee hy die naam van die “ondergrondse god” (*subterranean god*) (1993: 54). Hy wys dan op Carl Jung se verklaring dat onverwerkte emosies en onaanvaarbare ervarings ook diep in psige verberg word. Dus is die “woonplek” van die geïnternaliseerde god of ondergrondse god dieselfde as die onverwerkte en onaanvaarbare emosies en ervarings. Gevolglik word sekere assosiasies geskep en verwarrings ontstaan van die ware godsbeeld (1993: 156).

Samevattend oor die Ekklesiologie is dit duidelik dat dit gaan oor die gemeente wat deur alle nuwe openbarings opgebou en uitgebou behoort te word. Die sterk waarskuwings teen nuwe messiaanse figure is opvallend. Die beskouings van Wells dat Adolph Harnack se leringe aanleiding gegee het tot ‘n geïnternaliseerde god of selfs ‘n ondergrondse god is van uiterste belang later in hierdie navorsing.

### 7.2.6 Algemene Sistematies-teologiese beskouings

***Karl Barth*** maak die sterk uitspraak dat die Christelike geloof nie irrasioneel, of anti-rasioneel of supra-rasioneel is nie maar bo alles rasioneel is (1959: 23). Later in die navorsing kom ek terug na hierdie beskouing van Barth want dit is uiters belangrik

Die sendingwetenskaplike ***Inus Daneel (M. L.)*** wys in sy bespreking van die Onafhanklike Kerke in Afrika op die “ikoniese” leiers. Hy verklaar dat mens dit ook as “dominante”- of “semi-messiaanse” leierskap kan beskrywe (1992: 208) weens die ervarings van bonatuurlike visioene, drome, profetiese openbarings, skyndood of ander fisiese “wegvoerings” (1992: 239).

Die Bybelse Argeoloog ***John Arthur Thompson*** maak in sy kommentaar op Deuteronomium die uitspraak dat valse profete praat vanuit ‘n bron wat uit hulself opborrel of opspring. Hulle “spoeg” persoonlike opinies uit wat gewoonlik daarop gemik was om mense te behaag (1974: 214).

Dit irrasionele uitspoeg van waarhede wat gepaardgaan met self-verheffing en die skep van ‘n dominante leierskap figuur kom ook later in die navorsing weer onder bespreking.

## 7.3 Prakties-teologiese uitsprake

Volgens alle aanduidings kan skok- of krisis-ervarings aanleiding gee tot afsnyding met die heersende kultuur en die moontlikheid open vir deelname aan ‘n kultus of sekte (APA, 1989: 30). In ‘n poging om sin te vind of orde te skep in ‘n chaotiese omstandigheid probeer die persoon ‘n nuwe realiteit belewe hetsy polities, sosiaal of godsdienstig (APA, 1989: 50). Dit kan aanleiding gee tot losmaking met die heersende *Zeitgeist* of *Weltgeist* en die ontstaan van ‘n alternatiewe “*Volksgeist*” (Barker & Peniston-Bird, 2009: 7).

Die nuwe realiteit word baie dikwels gevind in ‘n alternatiewe groep wat ‘n sterk en rigiede bestuurstyl handhaaf wat hiërargies gestruktureer is en volgens ‘n piramidale stelsel funksioneer (APA, 1989: 98).

Die leier van hierdie sub-kultuur groep is gewoonlik ‘n persoon met ‘n charismatiese persoonlikheid wat mense tot homself aantrek (Mazabow, 1993: 30). Die leier het amper altyd een of ander bonatuurlike ervaring gehad, hetsy ‘n besonderse bekering, (APA, 1989: 148) ‘n skyndood belewing (Krech, 1982: 478) of kommunikasies met ‘n geestelike wese (Krech, 1982: 479). Dit gee aanleiding tot “pieke ervarings” wat in der waarheid neerkom op die teorie van “alternatiewe bewussyn toestande” (Krech, 1982: 482). Hierdie toestand kan onder andere ontstaan weens alkohol- of dwelm-misbruik, afsondering, epilepsie, hipnose, skok, swakheid weens siekte of oor-moegheid, psigose, suurstof-nood, ens. (Alternative states of consciousness, 2012).

As gevolg van hierdie “bonatuurlike” ervarings kry die leier ‘n amperse messiaanse rol (APA, 1989: 148) en verkry goddelike magte of gawes (Mazabow, 1993: 50). Daar ontstaan nou ‘n breuk tussen volgelinge en leier (APA, 1989: 151) en die leier neem dikwels totale beheer oor van die lewens, denke en optredes van die volgelinge (Mazabow, 1993: 30). Die kerk of organisasie is uit eintlik niks anders as die uitbreiding van die leier se self nie (APA, 1989: 151) en die volgelinge is niks anders as siellose en gedweë volgelinge nie (Mazabow, 1993: 30).

Om die groep volgelinge samehorig te kry en eensgesind te hou bewerk die leier gewoonlik een of ander merkwaardige, grootskaalse projek (APA, 1989: 37). Dit gee aanleiding tot gedeelde ervarings en opofferings wat weer op sy beurt ‘n *Volksgeist* skep (George Hegel, 2008). Hierdie *Volksgeis*t is gegrond op gemeenskaplike ervarings, gelowe, hoop, samewerkings en gedrag maar veral op die charismatiese leierskap van hulle “spesiaal bemagtigde leier” (Mazabow, 1993: 50).

## 7.4 Peter Beyerhaus se Tripolariteitsbeginsel

Beyerhaus begrond sy tripolariteitsbeginsel op Ludwig Feuerbach (1804 - 1872) se verstaan van die mens se soeke na 'n bonatuurlike wese; sy sg. "monopolêr" aannames (Beyerhaus, 1969: 102). Hiervolgens wil Feuerbach alle openbaringe of ervaringe van 'n bonatuurlike wese binne die mens se eie psige plaas en dit beperk tot die normaal menslike. Feuerbach beskou dus alle bonatuurlike ervaringe as manifestering van die menslike psige. Beyerhaus raak glad nie met Feuerbach in ‘n argument betrokke nie. Hy aanvaar bloot Feuerbach se beskouing en gebruik die “monopolêr” aanname as die eerste been van sy tripolariteitsbeginsel en wys daarop dat ons erns moet maak met die mens se belewenisse van bonatuurlike ervarings maar dat dit moontlik vanuit die mens se eie psige kan kom.

Volgens Beyerhaus (1969: 101) moet ons egter ook erns maak met die self-openbarings van God soos in Johannes 1: 1 - 5 en dan veral die uitspraak in vers 4 dat *"In Hom was daar lewe en dié lewe was die lig vir die mense"*. Hierby voeg Beyerhaus die bekende Areopagus-rede van Paulus in Hand. 17: 22 - 31 sowel as Rom. 1: 20. Vanuit die ekumenies-teologiese oogpunt aanvaar Beyerhaus dat God Homself ook binne ander godsdienste openbaar het en moet ons hierdie self-openbarings erken as waar. Volgens Beyerhaus leer baie godsdienste oor baie eeue ons van ‘n goddelike wese en ons moet hierdie openbarings aanvaar en daarmee erns maak.

Dan bou Beyerhaus verder op die werke van Karl Barth om die self-openbaring van God te boekstaaf soos dit binne die Christelike godsdiens bekend is. Hy aanvaar dus die self-openbaring van God soos erken en aanvaar deur die Reformatoriese teologie met die klein verskil dat hy ook erns maak met die self-openbaring van God in sommige gevalle in sommige van die ander godsdienste. Dit gee Beyerhaus die tweede pool in sy drie-pool teorie.

Volgens Beyerhaus (1969:103) is daar 'n ooreenstemmende wesenskenmerk van alle godsdienste waarvan ons erns moet maak en dit is die verskynsel van die “bose” of slegte gode. Hierby voeg hy die uitsprake van Paulus soos in Rom. 1: 21 en verder, 1 Kor. 10:20 en ook 2 Kor. 6: 14 - 17 wat praat van die Bose as ‘n realiteit.

Beyerhaus verklaar dat ekumenies-teologies gesien is die boosheid 'n realiteit waarvan ons ernstig kennis moet neem. Nie alleen vanuit die Bybel nie maar ook vanuit die ekumenie moet ons erns maak met die negatiewe beïnvloeding van die Bose. *"Der Mensch in der Religion steht im Schrittpunkt dreier Dimensionen: Der seiner enigeen Bezogenheit auf Gott, der des Bemühens Gottes um ihn unde der des Einflußbereiches der dämischen Mächte"* (1969: 103).

Lederlé vat die tripolariteitsbeginsel mooi saam: "Die beteken bloot dat die uiteindelike oorsprong van kulturele en fisieke manifestasies nie net uit God of die duiwel is nie, maar dat daar ook ‘n wye spektrum is wat van menslike oorsprong kan wees” (1987: 25).

Beyerhaus se beskrywing van die "monopolêr" aannames (1969: 102) van Feuerbach sluit volgens my baie nou saam met Wells se verwysing na die leringe van Adolph Harnack (1993: 119). Die soeke van die mens na ‘n goddelike wese soos deur Feuerbach beweer wat dan aanleiding gegee tot die “geïnternaliseerde god” of “ondergrondse god” soos volgens Adolph Harnack. Die gevolglike verwarring van die ware Jesus en die ware goddelike openbaring met dit wat vanuit die mense se binneste kan opspring moet dus bespreek word later.

### 7.5 Kelsey se beskouing

M. T. Kelsey het in 1978 grondige navorsing gedoen rondom die verskynsel van *"slaying in the spirit"* wat destyds die Amerikaanse kerke soos 'n vloedgolf getref het. Die basis van sy beskouinge was gebaseer op die werke van die bekende Switserse psigiater Carl Jung (1875 - 1961) soos die volgende aanhaling toon: *"Unconsciousness as Jung has said, is evil par excellence. It is the primal human sin and it is the moral duty of each of us to become as conscious as we can, in order to differentiate good from evil as best we can and to deal with evil”* (1978: 101).

Alhoewel Jung hier spesifiek verwys na die "onbewustheid" of miskien liewer die “onbetrokkenheid” van die normale Duitse bevolking ten tye van die Nazi bedrywighede voel Kelsey baie sterk dat "onbewuste" optredes uiters gevaarlik is. So skrywe hy: *“Just when people were congratulating themselves on having abolished all spooks, it turned out that spooks were flirting about in the heads of apparently normal Europeans. Tyrannical, obsessive, intoxicating ideas and delusions were abroad everywhere and people began to believe the most absurd things, just as the possessed do"* (1978: 77).

Met gebruikmaking van Carl Jung se bevindings kom Kelsey tot die gevolgtrekking dat daar sewe moontlike bronne vir “bonatuurlike” openbarings of ervarings in die mens self kan wees naamlik: *outosuggestie, groep verwagtinge, hipnose, outonome opwellinge uit die psige, arg tipiese ervarings, demoniese kragte en God"* (Lederlé, 1987: 108). Vir die doel van hierdie navorsing wil ek kortliks kyk na die 5 moontlike bronne wat in die mense self geleë is naamlik: outosuggestie, groep verwagtinge, hipnose, outonome opwellinge uit die psige en arg tipiese ervarings.

### 7.5.1 Outosuggestie

Die Franse sielkundige Émile Coué (1857 - 1926) word beskou as die vader van outosuggestie. Hy het die metode ontwikkel sodat pasiënte hulself kon genees deur middel van hulle wilskrag. Deur "mantra-tipe" herhalings 'n paar keer per dag kon sy pasiënte hulle bewustelike denke laat "oorrompel" om 'n nuwe realiteit van genesing te bewerkstellig. Sy bevinding was dat outosuggestie effektief kan werk as die normale logiese denke en verbeelding "oorrompel" kon word deur die afdwinging van die suggestie deur die wilskrag. Om dit meer effektief te maak gebruik Coué meditasie, ontspannings-tegnieke en moedig hy "kinderlike" aanvaarding van die suggestie aan. Logiese denke en twyfel oor die suggestie is die groot vyande en die eie wilskrag is die spil waarom alles draai (Autosuggestion, 2012).

### 7.5.2 Groep verwagtinge

Die druk wat 'n groep op 'n individu kan uitoefen kan aanleiding gee tot "conformity" of ooreenstemming. In hierdie proses onderdruk die individu sy/haar eie gevoelens, opinies, optredes en lewenswyses om deur die groep aanvaar te word. Die proses bestaan uit aanvaarding, verinniging, identifisering, vereenselwiging en bewerkstellig 'n totaal nuwe "self" in die ego van die individu. In die plek van persoonlike-bewustheid is daar 'n groep-bewustheid wat normatief is. Die "Volksgeist" soos Carl Jung dit tipeer het, is die onbewuste invloed van die groep-verwagtinge, groep-opinies, groep-gesindhede, groep-hoop, Zeitgeist, Weltgeist, ens. op die individu (Conformity, 2016).

### 7.5.3 Hipnose

Anders as wat die meeste mense dink is hipnose nie 'n "aan-die-slaap-maak-proses" nie soos wat die Griekse woord *Hypnõs* impliseer nie. Dit is eerder die verhoogde konsentrasie of spesifiek-gerigte konsentrasie op 'n idee, gedagte, voorwerp of onderwerp ten koste van alle ander invloede van buite. Die liggaam ontspan en die normale funksies van die brein word ingeperk tot so 'n mate dat die persoon glad nie bewus is van die omgewing of omstandighede rondom hom of haar nie. 'n Alternatiewe toestand van breinaktiwiteit ontstaan waar die persoon beïnvloedbaar is vir nuwe gedagtes, inligting, emosies en belewenisse (Hypnosis, 1991).

### 7.5.4 Outonome opwellinge uit die psige

Die begrip "outonome opwellinge" gryp terug na Sigmund Freud (1856 - 1939) se teorie van die "voor-bewussyn" en "onderbewussyn" van die mens en die "repressie-proses" (Kelsey, 1978: 44). Dit is die onbewuste onderdrukking van onaanvaarbare, pynlike of ontstellende

ervarings in die diepte van die wese. Die probleem is dat hierdie onderdrukte ervarings daarna onwillekeurige, onbeheerste maar sterk opwellings veroorsaak wat kragtige, ontwrigtende invloede uitoefen op die persoon se denke en optredes (König, 1989: 30). Hierdie onverwerkte, negatiewe ervarings gee aanleiding tot geestelike patologie waarvan denk steurings, illusies en onrealisme deel uitmaak (Louw, 1998: 240).

### 7.5.5 Arg-tipiese ervarings

Gedurende die vroegste stadium van die menslike ontwikkeling ontstaan “arg-tipes beelde” in die voor-bewussyn of onderbewussyn van die baba. Hierdie beelde noem Carl Jung die “kollektiewe voor-bewussyn” en is beelde en idees wat mense binne ‘n bestemde kultuur-konteks met mekaar saambind. Die idees of beelde sluit o.a. in geboortes, die dood, rol van ouers, manlikheid, vroulikheid, kindwees, oumens-wees, huwelik, wysheid, dwaasheid, mede-menslikheid, onmenslike optredes, skurk, held, god, boosheid, die skepping, die oordeel, die vrees vir donkerte, vrees vir watervloede ens. Hierdie beelde of idees vorm die basis van die “voor-bewussyn-kennis” van die mens en vanaf hierdie basis bepaal dit jou verhoudings tot die omgewing, ander mense en toekomstige gebeure (Jungian Archetypes, 2002). Jou arg-tipiese ervarings bepaal jou Self - dus die onbewuste, dinamiese, organiserende, kreatiewe en aanspreekbare kern (Louw, 1998: 230).

## 7.6 Samevatting

Die Sistematies-teologiese beskouings wat ek gebruik het staan negatief tot voortgesette bonatuurlike openbarings. Indien dit enigsins aanvaar kan word moet dit duidelike kenmerke openbaar soos byvoorbeeld deur voort te bou op die Skrif, deur klem te plaas op die rol van Christus, deur die realisering van die kruisdood van Christus, deurdat dit die voortgesette betrokkenheid van God by Sy skepping bevestig, dat die gemeenskap opgeroep word tot sonde-bewustheid, berou en vrye aanvaarding van die genade van God, dat die gemeente opgebou word deur die werking van die Heilige Gees, dat Christus as die Gekruisigde die gemeente oproep tot volgelingskap ensovoorts. Die voortgesette openbarings mag nie losstaande waarhede bekend maak nie maar Christus as die volle waarheid. Die moet altyd lei tot afbreking van die self en die opbou van die gemeente en dien tot die verheerliking van God.

Ook die prakties-teologie beskouings staan negatief daarteenoor en gee allerlei bronne vanuit die mens se psige wat moontlike oorsake kan wees van hierdie bonatuurlike werkinge.

Dit laat ons met ‘n groot probleem hoe om die bonatuurlike openbarings van Brandt, le Fleur en van Rensburg binne die kader van die Sistematiese teologie of selfs verantwoordelike Praktiese teologie te kan aanvaar.

Dit laat ons by die moontlike antwoorde soos verwoord deur Peter Beyerhaus en Morton Kelsey.

# HOOFSTUK 8

# ‘N BEOORDELING VAN DIE BONATUURLIKE ERVARINGS VAN JOHANNA BRANDT (HOOFSTUK 3), ANDRIES LE FLEUR (HOOFSTUK 2) EN NIKLAAS VAN RENSBURG (HOOFSTUK 4) IN DIE LIG VAN TEOLOGIES-WETENSKAPLIKE NAVORSING.

## 8.1 Inleiding

Hoofstuk 5 het afgesluit met die bevinding dat die nasionalistiese *Zeitgeist* van destyds al drie die sieners se lewens grondig beïnvloed het en sodoende hulle *Sitz im Leben* bepaal het. Karl Barth, wat geen onkundige was oor die invloed van ‘n nasionalistiese *Zeitgeist* skrywe: “*Beware of any sort of Weltanshauung for it is very near to religion”* (1959: 59). Voordat ek finaal na die invloed van die *Zeitgeist* in die *Weltanshauung* van die drie sieners kyk, moet ek eers na hulle lewens en uitsprake kyk in die lig van teologiese en ander geestes-wetenskaplike uitsprake veral oor buite-Bybelse openbarings soos bespreek in hoofstuk 6.

## 8.2 Johanna Brandt

### 8.2.1 Sistematies-teologiese uitsprake - die Godsleer

Haar negatiwiteit teenoor dogmatiese leerstellings word baie duidelik geopenbaar in die “Gods-verwarring” van haar belewenisse en uitsprake. Sy noem God die “Mistiese Krag” (Brandt, 1918: 81) wat Hom na die skepping onttrek het van wêreld (Brandt, 1921: 11). Sy praat van die magtige “Teenwoordigheid” en die “Stem” in onpersoonlike hoedanighede (Brandt, 1918: 86). Wanneer ek kyk na Berkhouwer wat verklaar dat: *“Onze God is geen idee, geen blote abstractie, geen onpersoonlijke grootheid, maar een zelfbewust, actief persoonlijke Iemand, een Hij, die Zich kenbaar maakt* (1949: 82) dan kan ek gladnie met Brandt saamstem nie. Elke openbaring van God is openbaring van Sigself (Berkouwer, 1949: 82) waar die Woord en die Gees beide betrokke by is (Berkhof, 1979: 57 & Niesel, 1956: 38).

Die Heiligheid van God word glad nie beklemtoon nie - dit wat so tekenend is in die epifanieë van Moses, (Eks. 3: 5) Jesaja, (Jes. 6) Esegiël, (Eseg. 2) Daniël (Dan. 7) en selfs die apostel Johannes (Open. 1). Calvyn verklaar dat alle kennis van God ons eerstens oortuig van vrees en eerbied vir Hom (1992, Pará: 1.2.2.5) en selfs al sou daar geen hel en oordeel bestaan nie, sou die mens sidder voor Sy heerlikheid (1992, Pará: 1.2.2.55).

### 8.2.2 Sistematies-teologiese uitsprake - die Christologie

Die rol van Christus en Sy versoening is totaal ontbrekend in Brandt se lewe en uitsprake (Taljard & van der Merwe, 1991: 275). Sy maak onderskeid tussen Jesus en Christus en verklaar Jesus is slegs 'n goeie mens (Brandt, 1921: 105) en dat sy Christus-naam bevestig dat hy die groot "mistikus-redder" is (Taljard & van der Merwe, 1991:2 74). Berkhof (1979: 72) vat die sentraliteit van Christus mooi saam as hy verklaar ons het nie met stukkies waarhede te doen nie maar in die openbaring altyd met Christus, die Waarheid as een en 'n geheel. Niesel (1956: 33) bevestig dat alle openbarings van God eintlik Christus-openbarings is en buite om Christus kan ons nie vir God regtig verstaan of ken nie.

### 8.2.3 Sistematies-teologiese uitsprake - die Pneumatologie

Weer en weer praat Brandt van die ervaring van "volle verligting" van die wese en "volle kennis" wat sy belewe het en skrywe dit toe aan die werk van die Heilige Gees (1918: 80, 81, 82, ens.). Noordmans (1979: 440) waarsku ons dat ons tevrede moet wees om ten dele te ken want anders is ons soos Saul wat "voller" kennis van die toekoms wou verkry en Samuel laat oproep het en daarvoor veroordeel is. Vir Brandt is die werking van die Heilige Gees egter gelykstaande aan volle kennis of volle verligting. Hunt (1980: 130) waarsku teen 'n onpersoonlike mag of krag wat lei na "verligting". Kung (1992: 234) verklaar onomwonde dat die Heilige Gees nooit werk sonder om die Gekruisigde te verheerlik nie. Dit vind ek nooit in Brandt se lewe nie maar slegs haar persoonlike ervarings van insig en kennis verkry deur middel van 'n onpersoonlike krag of mag.

Hunt (1980: 130) waarsku teen die verabsolutering van subjektiewe bonatuurlike openbarings ten koste van die Skrif. Wells (1993: 156) wys daarop dat ervarings-gerigte optredes aanleiding gee tot 'n geïnternaliseerde, persoonlike god wat niks anders is as 'n ondergrondse god nie (1993: 154). In Brandt se lewe was haar subjektiewe ervarings normatief in haar optredes teenoor haar gesin, die familie en selfs hul gemeentes.

### 8.2.4 Sistematies-teologiese uitsprake - die Soteriologie

Die gevolg van enige openbaring van God is bewustheid van eie sondigheid (Nürnberger, 1985: 7). Sonde bewustheid en erkentenis daarvan speel geen rol in Brandt se openbaring-ervarings nie. Die heiligheid van God en gepaardgaande bewustheid van sonde wat so tekend is van enige ware Epifanie, ontbreek totaal by haar. Op bl. 100 van haar boekie (Brandt, 1918) haal sy die "Stem" direk aan as volg: *"Thou has brought the offer of thy life as a willing sacrifice in the service of humanity and there was joy among the angels of heaven over thy renunciation".* Breese (1979: 56) wys daarop dat in sektes daar altyd 'n rol-verwarring is met

geestelike leiers wat “messiaanse” rolle speel en “hulle mense” lei op die pad na die waarheid. So sien ons dit in Brandt se geval ook waar sy haar kinders en man, (Brandt, 1918: 94) haar kerk (Brandt, 1918: 82) en haar volk (Brandt, 1918: 86) moet lei op die regte pad. Penn-Lewis (1986: 288) beklemtoon dat ware openbarings altyd tweeledig is naamlik die verlossing van sonde en die vrymaking om God te kan dien. Calvyn skrywe oor Genesis (1984:12) dat geen toekoms voorspellings sonder ‘n soteriologiese toepassing moontlik is nie.

Brandt het haar “uitverkore” rol gekry weens haar getrouheid en deursettingsvermoë - volgens die “Stem” (Brandt, 1918: 86 & 100). Haar opdrag moet sy ook met getrouheid en volharding volvoer (Brandt, 1918: 114) want die hemel is binne die mens en bereikbaar deur volharding en toewyding (Brandt, 1918: 101 & 104). Die uiteindelik doel is die bereiking van harmonie tussen mens en God (Brandt, 1918: 81). Teenoor so ‘n standpunt wys Noordmans (1979: 506) dat lyding, swaarkry en selfs die hel geen versoening kan bewerkstellig nie - slegs Christus kan. Hierdie sentrale rol van Christus se Middelaarskap ontbreek totaal in al haar geskrifte, haar visioene en haar optredes.

### 8.2.5 Sistematies-teologiese uitsprake - die Ekklesiologie

Brandt se beskouing van die kerk en haar rol en plek daarin is totaal verwronge. Die onpersoonlik “Stem” gee haar opdragte wat “messiaans” van aard is (Brandt, 1918: 86, 87, 90, ens.). Sonder twyfel sien sy haarself ‘n messiaanse rol vervul. Brandt se denke rondom wie en wat die kinders van God of die volk van God is, is ook ‘n totale verwarring (Brandt, 1918: 112, 113, 115, 117 ens.). Sy verwar Suid-Afrikaners met Afrikaners en dan spesifiek Afrikaanssprekende blankes wat die Rebellie goedgesind was (Brandt, 1918: 115). Verder is hulle voorstanders van ‘n onafhanklike “Boere-republiek” (Taljard & van der Merwe, 1991: 276). Die Swartmense se Suid-Afrikanerskap word totaal ontken (Brandt, 1918: 117, 129). Die feit dat die kinders van God of die volk van God eintlik die *Ekklesia* is en dat alle gawes diensbaar is tot die opbou van die *Ekklesia* (Schaff, 1997: Pará 45) is totaal ontbrekend. Haar ekklesiologie is dus totaal verward.

### 8.2.6 Sistematies-teologiese uitsprake - algemeen

In die lig van Barth se siening dat openbarings rasioneel moet wees (1959: 230), voldoen Brandt se openbarings nie daaraan nie. Haar uitsprake is dikwels anti-rasioneel of selfs supra-rasioneel. Kyk byvoorbeeld net na die bespreking van haar “tornado-visioen” (hoofstuk 5.2). Hier beskrywe sy ‘n tornado wat byna menslike eienskappe het en wat spesifieke mense agtervolg en “jaag” oor die hele Suid-Afrika. Die land word totaal verwoes in die proses maar net daarna sien sy ‘n optog van swartmense wat deur die strate van Johannesburg stap. Waar

kom die strate nou meteens vandaan en hoekom is daar nou normale huishoudings? Daar is eenvoudig te veel verwarrende feite en weersprekings (Sien Kung oor weerspreking. 1982: 396).

Weer en weer word sy aangespreek as die “vreeslose een” (Brandt, 1918: 86, 87, 90, 91 ens.). Dit herinner aan die ontmoeting van Gideon met die Engel van die Here (Rigt. 6:12) waar die Engel hom “dapper man” noem. Gideon bevraagteken onmiddellik daardie woorde deur te wys op die realiteit van die situasie (Rigt. 6:13 - 16) en onderwerp die “verskynsel” aan ‘n toets gebaseer op die teologiese denke en optredes van sy tyd naamlik dat hy ‘n offergawe bring. In Brandt se geval is daar onmiddellike en onvoorwaardelike aanvaarding van die “Stem” wat haar “vreeslose ene” noem en boonop die uur van haar moeder se dood korrek voorspel (Brandt, 1918: 86). Teen onkritiese aanvaarding van openbarings waarsku Lloyd-Jones (1985: 79) uitdruklik. Om verder hierdie ervarings die basis van jou geloof te maak is uiters gevaarlik (Lloyd-Jones, 1985: 11 & Wells, 1993: 119).

Die res van haar lewe was Brandt oorheers deur hierdie pieke-ervaring en sy het haar krag, tyd en geld vrylik gespandeer om die opdrag van die “Stem” uit te voer (Taljard & van der Merwe, 1991: 270).

Verder is haar eskatologie ten opsigte van Suid-Afrikaners (swartmense, witmense, Afrikaners of wie?) ook totaal verward. Dis Suid-Afrikaners wat die wêreld voorberei vir die wederkoms van Christus (Brandt, 1918: 91, 98, 106, 112, 119, 129 en 130). Christus sal neerdaal in Pretoria en Sy heerskappy voer vanuit ‘n tempel wat gebou word op die plek waar haar moeder se huis by Harmonie gestaan het (Brandt, 1918: 87, 93, 94, 107, 110).

Thompson (1974: 214) verklaar dat valse profete praat vanuit ‘n bron wat binne hulleself is en dwalinge uitspoeg. So was dit duidelik in Johanna Brandt se geval.

#### 8.2.7 Prakties-teologiese uitsprake

Die American Psychiatric Assosiation (APA) het bevind dat mense wat onder erge emosionele spanning gebuk gaan, ‘n openheid het tot alternatiewe geestelike ervarings (APA, 1989: 30). Die persoon probeer orde en gelykmatigheid vind binne ‘n chaotiese of onaanvaarbare situasie en verwerp dus die heersende sosiale strukture om ‘n alternatiewe etos te skep (APA, 1989: 50). In hierdie proses is dit algemeen dat persone met leierskap-eienskappe een of ander mistiese belewenis het (APA, 1989: 148). Hierdie belewenis dien as die geestelike begronding van die nuwe, alternatiewe sosiale struktuur (APA, 1989: 54).

Brandt het sonder twyfel baie negatiewe ervarings belewe tot en met 1916. Hierdie negatiewe ervarings het die ekwilibrium van die self versteur (Louw, 1998: 240). Dit het aanleiding gegee tot godsdienstige patologie waarvan denk-steurings soos illusies en onrealisme deel uitmaak (Louw, 1998: 290).

Die naby-dood ervaring van Brandt is ‘n redelik bekende verskynsel. Krech *et al* (1982: 478) noem onder andere hoe die persoon sy/haar liggaam verlaat, geestelike wesens ontmoet, ‘n glimmende, goddelike wese ontmoet, ‘n oorsig kry oor sy/haar lewe, weersinnig is om terug te keer na die “bose” sosiale omstandighede en onwillig is om die ervaring oor te vertel. Dit is ‘n presiese beskrywing van Brandt se ervaring van die nag van 1 Desember 1916 (Brandt, 1918: 84 - 87). Die gevolge van naby-dood ervarings is dikwels ‘n totale verandering van die wese en lewensstyl van die persoon wat dit belewe het (Krech, 1982: 478). Die verabsolutering van “pieke-ervarings” veroorsaak ‘n alternatiewe bewussyn-toestand met alternatiewe denkpatrone en alternatiewe realiteite. Dit alles het Brandt belewe en haar poging om ‘n alternatiewe godsdiens (Taljard & van der Merwe, 1991: 271) te skep en alternatiewe genesings te bewerkstellig is sprekend hiervan (Taljard & van der Merwe, 1991: 279).

#### 8.2.8 Samevattend oor Brandt

In die oudste bron oor haar ervarings (The Millenium. 1981) erken sy dat sy iewers voor 1916 verskeie boeke gelees het oor die onderwerp van spiritisme. Sy noem dit verkeerdelik “spiritualism” want onmiddellik daarna verwys sy na kontak met die geeste van gestorwenes en erken sy dat sy heeltemal oortuig daarvan is dat dit moontlik is (1918: 114). Dan vertel sy van die vreemde mediumistiese belewenisse wat sy ervaar het ongeveer 15 jaar tevore. *“Every time I took up my pen to write an electric shock would galvanise my right arm, causing me to grip my pen and involuntarily to write messages althogether foreign to my own thought. At times the pen would trace strange and beautifull patterns.”* (1918: 115). Kurt Koch noem hierdie verskynsel “outomatiese skrywe” en verklaar onomwonde dat dit deel uitmaak van Spiritisme en dus uit die bose is (Koch, 1984: 544).

Ten slotte moet ons kennis neem daarvan dat Brandt haar Bybel getrou gelees het haar lewe lank en baie ure in gebed spandeer het. Haar godsdienssin het sy dus behou (Taljard & van der Merwe, 1991: 279).

## 8.3 Andries le Fleur

Anders as in Brandt se geval was le Fleur nog ‘n jongman van amper 22 jaar oud toe hy die eerste openbaring gehad het op 9 Mei 1889 (Boezak, 2012: 3). Volgens alle aanduidings was daar geen siekte-toestande of ander psigiese probleme of spanning wat hom destyds gepla het nie. Daar was skynbaar geen voorafgaande krisis-ervarings betrokke nie. Die profesieë was ook totaal anders van aard as dié van Brandt. Die meeste daarvan was kort en bondig. le Fleur het sover bekend nooit in een of ander beswyming gegaan, ‘n naby-dood ervaring gehad of ‘n verrukking van sinne belewe nie. Die enigste ooreenkoms tussen sy en Brandt se ervarings is die beskrywing van die “Stem” wat met hom gepraat het en daarna die voortdurende teenwoordigheid van die “Stem” (Boezak, 2012: 3 & 4) wat hom en die geslagte na hom steeds lei (Belcher, 1986).

### 8.3.1 Sistematies-teologiese uitsprake - die Godsleer

Rondom die Godsleer is daar nooit enige verwysing in sy 90 opgetekende openbaringe na die grootheid van God, die heiligheid van God, die Drie-enigheid van God, die liefde van God of die genade van God nie. Wanneer ek na Berkhof (1979: 105) kyk, wys hy daarop dat elke openbaring van God altyd Sy wese openbaar. Dit wys altyd op Sy almagtige skeppingsdade en Sy volgehoue betrokkenheid by die skepping (1979: 106) en dit bevestig Sy finale oorwinning en die heerlikheid van Sy toekomstige heerskappy (1979: 106). Dit kom glad nie voor by le Fleur nie.

### 8.3.2 Sistematies-teologiese uitsprake - die Christologie

Daar is geen plek of rol vir die Christologie of Soteriologie en sy denke en optredes nie. Daar is ook geen verwysing na die Christologie of die Soteriologie nie. Daar is egter besliste kultiese neigings waarin le Fleur die rol van die *Abed Jahwe* speel*.* Hy is die “Kneg” tot vandag toe vir sy volgelinge.

### 8.3.3 Sistematies-teologiese uitsprake - die Pneumatologie

Daar is bitter min Skrif-verwysings in le Fleur se profesieë behalwe na Eseg. 37: 21 waar die “dooie bene” met die beendere van Adam Kok 1 gelyk gestel word en dan na Joh. 21: 25 waar verklaar word dat baie van wat Jesus gesê en gedoen het nooit ter skrif gestel is nie. Dan word die Kneg se voorspellings daarmee gelyk gestel en verklaar dat daar net ‘n bietjie van sy voorspelling behoue gebly het, maar dat dit voldoende is vir die Griekwas om koers te kan hou (Boezak, 2012: 26). le Fleur is dus die “Kneg” en speel die rol van “Heilige Gees” wat sy

volk lei. *"So bly die Kneg selfs na sy dood steeds lewendig vir sy volk. Daarom glo hulle dat hy nie werklik dood is nie maar vir hulle intree by God"* (Cloete, 1986: 121).

### 8.3.4 Sistematies-teologiese uitsprake - die Soteriologie

"Ons het nie te doen met losstaande waarhede nie maar Christus wat die Waarheid is en ons lewens is uit-kringende konsentriese sirkels rondom die middelaarskap van Christus" (Berkhof, 1979: 72 - 74) (Eie samevatting en vry vertaling). In le Fleur se lewe, optredes en uitsprake kom Christus as Redder en Saligmaker nooit te vore nie.

### 8.3.5 Sistematies-teologiese uitsprake - die Ekklesiologie

Die Griekwa Independante Kerk wat le Fleur in 1920 in Maitland gestig het, word deur die Griekwas self beskrywe as 'n "Inheemse Afrika kerk" (Servant of God, 2003: 10). le Fleur skep 'n Afrika Onafhanklike Kerk (Daneel, 1992: 208) of soos dit nou bekend staan as Afrika Geïnisieerde Kerk. Dit bring ons by Daneel se toepaslike beskrywing van Afrika Onafhanklike Kerke:

- Die semi-messiaanse leierskappe of ikoniese leierskappe (1992: 208).
- Die dominante rol van die leierskap. Die kerk is eintlik die besitting van die leier. Dis 'n voortsetting van sy persoonlike self (1992: 215).
- Die bevestiging van die goddelike rol van die leier deur bonatuurlike openbarings, visioene, magte en roepinge (1992: 239).
- Vroue-verenigings wat as evangeliese-taakmagte beskrywe word (1992: 244).

Al hierdie kenmerke is van toepassing op le Fleur en op sy Griekwa Independante Kerk.

### 8.3.6 Sistematies-teologiese uitsprake - algemeen

In geen van die genoemde profesieë is daar beweer dat dit die woord van die Here is of selfs uitsprake van "So spreek die Here" nie. Dis bloot stukkies waarhede wat uitborrel vanuit 'n onbekende bron (Thompson, 1974: 214). Hierteenoor verklaar Esegiël 217 keer dat sy uitsprake die Woord van God is (Noordtzij, 1932: 21).

### 8.3.7 Prakties-teologiese uitsprake

Baie van die kenmerke in le Fleur se lewe, optredes en uitsprake stem ook ooreen met die kenmerke van kultusse soos beskrywe deur die Amerikaanse Psigiatriese Assosiasie (APA). Ek haal graag aan:

*"There is a single overall leader who is imbued by the group with super-human and mystical powers. These exalted individuals having a direct pipeline to God"* (APA, 1989: 98).

*"Many Cult leaders report mystical experiences which start them on the road of religious leadership. These stories become part of the legend surrounding them"* (APA, 1989: 148).

*"By virtue of their special experiences, revelations and powers they are perceived to be close to God. By joining groups headed by them, members have direct contact with God's representative"* (APA, 1989: 151).

*"By undertaking some grandiose scheme which may be perceived by the groups as evidence of the divine powers of the leader"* (APA, 1989: 37).

Dit laat die vraag oor die moontlike bronne van die bonatuurlike openbarings van le Fleur. le Fleur en sy familie was destyds in die Trans-Oranje gebied vooraanstaande mense wat aanvaar is deur die blanke boere (Besten, 2006: 54). In Griekwaland-Oos bevind hulle hulle nou tussen 'n veragte, verarmde groepie mense wat koersloos voort ploeter. Louw (1998: 250 - 260) verduidelik die ontstaan van **sinloosheid** weens die skeiding van die realiteit met die geïdealiseerde. Om sinloosheid te ontsnap kon le Fleur terug gegryp het na Arg-tipiese Ervarings soos beskrywe in Hoofstuk 7.5.5: *"Hierdie beelde of idees vorm die basis van die "voorbewussyns-kennis" van die mens en vanaf hierdie basis bepaal dit jou verhoudings tot die omgewing, ander mense en toekomstige gebeure".*

Behalwe vir die "Arg-tipiese Ervarings" is daar ook die effek van "Groep verwagtinge" (Kelsey, 1978: 44). le Fleur was die vergestalting van die Griekwas en as sulks wou hy die Griekwas se nasionalistiese ideale realiseer. Hy moes dus voldoen aan die groep-verwagtinge van die Griekwas. Albei hierdie moontlike bronne funksioneer op die basis van alternatiewe denkpatrone en is wat Harvey Cox noem "oer-geestelikheid" (1995: 82). Hierdie ervarings-gedrewe godsdiens het 'n "geïnternaliseerde god" wat eintlik 'n "ondergrondse god" is volgens Wells (1993: 154). Die vermenging van argetipes ervarings, groep-verwagtinge, oer-geestelikheid en die ondergrondse god gee aanleiding tot 'n nuwe spiritualiteit wat vanuit sigself "openbarings" laat opborrel en uitspoeg met die doel om die volgelinge te beïndruk (Thompson, 1974: 214).

Behalwe vir die algemeen bekende logiese denkwyse wat die vrug van die Griekse wysbegeerte is, bestaan daar ook "simboliese" denkwyse (Kelsey, 1978: 91). Dit behels die gebruikmaking van simbole of beelde wat uit die onderbewussyn van die mens vloei en dit is 'n onbewuste proses (Kelsey, 1978: 92). Deel van hierdie onbewuste denkwyse behels buitesintuiglike waarneming wat die inwin van inligting sonder bewuste denke of sonder

gebruikmaking van jou sintuie is (Jordaan *et al,* 1992: 320). Hierdie waarnemings kan insluit: telepatie, prekognisie, heldersiendheid en meeluistering om maar net die belangrikstes te noem (Jordaan *et al,* 1992: 325).

Om Andries le Fleur se uitsprake beter te kan verstaan is “meeluistering” ‘n begrip wat verduideliking nodig het. Dis ‘n “vaardigheid” van persone wat wyd-belese is en ‘n vinnig-werkende verstand het, kan ontwikkel. Dit is ‘n onbewuste vaardigheid om vanuit *arg-tipes ervarings*, die *Zeitgeist*, die *Volksgeist*, andere se ervarings en jou eie ervarings onbewustelik die huidige *Sitz in Leben* te kan interpreteer sodat jy die regte besluite te kan maak om die *Status Quo* te handhaaf (Jordaan *et al,* 1992: 343). Dis ‘n onbewuste denkwyse wat simbolies van aard is en as ‘n intuïsie of voorgevoel of voorwete beskrywe kan word (Kelsey, 1978: 92).

### 8.3.8 Samevattend oor le Fleur

In le Fleur se lewe is daar twee bronne wat sy lewe grondig beïnvloed het nl. die *Zeitgeist* soos bespreek in hoofstuk 2 en die daaruit voortvloeiende *Volksgeist* (vergelyk Barker & Peniston-Bird, 2009: 7). Hierdie *Volksgeist* was reeds vanaf die ontstaan van die Griekwavolk werksaam in hulle midde (Cloete, 1986: 32). ‘n beskrywing van Andrew le Fleur in “History of the Griqua Nation (2017) stel dit so: “*It was the revival of the earliest motive forces of the Griqua People going back to Adam Kok 1 - the assertion of dignity, freedom and enterprising spirit....it is the celebration of the human spirit to rise above adversity”.* le Fleur was die vergestalting van die Griekwa se “*nasielike bloedgevoelte*” en “*geestelike sielsgevoelte*” (Belcher, 1986). Boezak (2012. Inleiding) verklaar dat die Griekwa se kulturele- en godsdienstige-identiteite presies dieselfde is. Die kenmerk van hierdie *Volksgeist* is dat dit uit die staanspoor ‘n vermenging van Christelike elemente met tradisionele Khoe-San spiritualiteit is (Boezak, 2012. Inleiding). le Fleur praat van die “*volklikheid*” van die Griekwa (Cloete, 1986: 133) en dit sluit onder andere Ou Testamentiese gebruike in soos die bring van slagoffers, (Cloete, 1986: 36) die gelykstelling van le Fleur met *Abed Jahwe* (Boezak, 2012. Inleiding) sowel as die kommunikasie met die gestorwe geeste van Adam Kok 3 en sy oorlede pa. Dit val terug op die tradisionele spiritualiteit van die Khoe-San (Cloete, 1986: 121).

le Fleur se rol as *Abed Jahwe,* opperhoof, leier en “bymekaar-maker” was nie vanselfsprekend nie. Dit was ‘n wilsbesluit van le Fleur om daar te kom en dit het baie jare en vasbeslotenheid van sy kant af gevra (Dedering, 2010: 123). Eerwaarde Dower (1978:123) wat vir le Fleur en sy pa persoonlik geken het, beweer dat dit sy pa se invloed was. Die le Fleur familie was geskok om die Griekwas van Griekwaland-Oos in sulke haglike omstandighede te vind (Besten, 2006: 54). Daar was die groot probleme van dronkenskap, die ondertrouery met die swartmense, die algemene verarming en ook die paar blankes van die omgewing wat hulle

met ‘n tipiese blanke-voogdyskap gesindheid behandel het (Besten, 2006: 54). Volgens gerugte het le Fleur die situasie daar so beskrywe: “*Om te lewe sonder hoop is om te dood sonder God...so vind ons die Griekwas ‘n wandelende volkie.... ‘n klompie mense waarvoor die lewe nutteloos voorkom.... hulle het hul godsdiens verlaat en uitheemse gewoontes aangekleef”* (Cloete, 1986: 71).

Sedert sy “roepings-ervaring” het le Fleur hom onlosmaaklik deel van die Griekwas gesien. In ‘n groot mate was hy die vergestalting van die Griekwas en is dit steeds (Cloete, 1986: 125, 128, en 133). Kelsey verwys hierna as ‘n “gepeupel gees” waar die groep-gesindheid die individu se identiteit oorneem en die persoon ‘n marionet word van hierdie gees (Kelsey, 1978: 42). Carl Jung (Response to Nazism, 2017) beskrywe Hitler as: *“He seemed like a double person. The real man might be hiding inside as an appendix but is concealed. He is not an individual. He is an entire nation.”*

Dit is wanneer die *Volksgeist* ten volle oorneem en so was dit ook met le Fleur.

Die oorgrote meerderheid van le Fleur se uitsprake was kort en bondige sinne soos voorkom in die volgende profesieë:

Profesie 4 oor die groot griep van 1918, profesie 5 oor die herbou van die Kaapse stasie, profesie 12 oor die spoorlyne in die Kaapse-vlakte, profesie 17 oor die Sishen-Saldanha spoorlyn, profesie 19 oor die gips myne op die Knersvlakte, profesie 26 oor Vredendal, profesie 34 oor Kokstad, profesie 52 oor die bou van tronke, profesie 53 oor die verandering van die weer, profesie 61 oor die styging in voedsel pryse, profesie 64 oor die toename van inbrake en ander onwettige optredes, profesie 75 oor ‘n groot hongersnood, profesieë 79 - 83 oor die oorwinning van swart nasionalisme en profesie 85 oor die uitbreek van ‘n oorlog en die verwoesting van die grootste gedeelte van die aarde (Boezak, 2012).

In die uitsprake van le Fleur is daar natuurlik ook ‘n paar binne die kategorie wat Barth (1959:23) tipeer as onmoontlik, irrasioneel, anti-rasioneel of supra-rasioneel.

- Die vernietiging van Europa, Rusland en die VSA vind in ‘n kort maar verwoestende oorlog plaas en daarna vlug die koningsgesin van Engeland na Suid-Afrika. Die koningsgesin vestig hulle in Plettenbergbaai by die Beacon Isle hotel. Daarna reis die koninklikes na Ratelgat om vir die Griekwas om verskoning te vra vir die onregte gepleeg destyds in die Trans-Oranje en Griekwaland-Oos gebiede (Boezak, 2012: Profesieë 85, 87, 88).
- Die weerpatrone verander en tye van ongekende koue heers in Suid-Afrika. Saam met dit is daar erge droogtes wat aanleiding gee tot hongersnood landswyd. Dan

word ‘n reuse onderaardse waterbron ontdek wat strek van Ratelgat tot by Strandfontein teen die Weskus. Daar is soveel water dat die Knersvlakte besproei kan word en nog ekstra water kan verskaf word aan die metropole in die Weskaap (Boezak, 2012: Profesieë 68, 72 - 76) [34]. Die Knersvlakte word die “nood spens” van Suid-Afrika.

- Ratelgat word die geestelike sentrum, eerstens van Suid-Afrika en later van die hele wêreld. Bankiers, geestelikes en politieke-leiers stroom daarheen om raad en leiding te verkry van die Griekwas. Die *Shalom* van God begin heers oor die aarde weens die *Abed Jahwe* (le Fleur) se leiding. Daarna kom Jesus terug en vestig sy troon by Ratelgat waar Hy sy heerskappy sentreer (Boezak, 2012: Profesieë 70, 71).

Samevattend was le Fleur begeesterd met die *Volksgeist* van Griekwa-nasionalisme, hy was diep beïnvloed deur die *Zeitgeist* van nasionalisme en veral deur genl. Hertzog se voorbeeld. Hy verwerp die tragiese realiteit van die Griekwas en skep ‘n alternatiewe realiteit deur gebruikmaking van sy nuwe kerk en die hervestiging-projekte. Hy bewerk dit deur middel van sy bonatuurlike openbaringe wat kort en bondige stukkies waarheid “uitspoeg” en sodoende sy volgelinge oortuig van sy direkte kontak met ‘n “Hoër Wese”.

## 8.4 Niklaas van Rensburg.

Na die meer as 650 visioene van van Rensburg wat ek onder oë gehad het, is die oorkoepelende gedagte dat dit sinnelose, onsamehangende, chaotiese en losstaande brokkies inligting is. Dit alreeds is genoeg om dit as ware God-sprake te verwerp (Lloyd Jones, 1985: 72).

### 8.4.1 Sistematies-teologiese uitsprake - die Godsleer

Daar is geen verwysing na God die Almagtige se skeppingsdade en volgehoue betrokkenheid met Sy skepping nie. Sien Berkouwer *et al, (*1949: 82 & 88) oor die belangrikheid van die Godsleer in openbarings. Daar is ook geen ernstige Epifaniese verskynsels nie.

---

[34] Die huidige Olifantsrivier waterskema kan ongeveer 7, 500 ha grond besproei. As die Ratelgat-bron selfs water aan die metropole van die Kaap kan verskaf en Suid-Afrika van voedsel moet voorsien, moet dit ‘n groter bron wees as die huidige Olifantsrivier skema.

### 8.4.2 Sistematies-teologiese uitsprake - die Christologie

Daar is geen verwysing na Christus die Here nie. Sien Barth (1977: 654) oor hoe belangrik dit is dat die Christologie die sentrum van openbaring moet wees.

### 8.4.3 Sistematies-teologiese uitsprake - die Pneumatologie

Die leer oor die Heilige Gees kom ook glad nie te regte nie. Trouens daar is geen verwysings na die Heilige Gees of Sy werkinge om die Gekruisigde te verheerlik nie. Niesel (1956: 38) verklaar so pragtig wat die rol van die Heilige Gees behoort te wees in die openbarings van God

### 8.4.4 Sistematies-teologiese uitsprake - die Soteriologie

Daar is geen verwysing na sonde bewustheid, berou, bekering of die Middelaarskap van Christus nie. Die Soteriologie se rol en plek word hierteenoor grondig bevestig in openbarings soos byvoorbeeld deur Niesel (1956: 33)

### 8.4.5 Sistematies-teologiese uitsprake - die Ekklesiologie

Daar is beslis ‘n verwarring van die Heilige Gees met die gemeenskapsgees (Noordmans, 1979: 172) met gevolglike Ekklesia verwarring.

Die beste beskrywing van van Rensburg se visioene kry ek in die beskrywing van Gnostisisme van Scaff (1997: Pará 117): “In their daring attempt to unfold the mysteries on an upper world, they disdained the trammels of reason and resorted to direct spiritual intuition. Hence they speculate not so much in logical and dialectic mode as in an imaginative, semi-poetic way, and they clothe their ideas not in the simple, clear and sober language of reflection, but in the many-colored, fantastic, mythological dress of type, symbol and allergory. Thus monstrous nonsense and the most absurd conceits are chaotically mingled up with profound and poetic intuitions.”

Hiermee beweer ek nie dat van Rensburg ‘n Gnostikus was nie. Daar is egter geen twyfel dat daar vele simbole en chaotiese interaksies tussen hierdie simbole in sy visioene is nie. Selfs A. W. G. Raath wat tans gereken word as kundige oor van Rensburg se lewe en visioene erken dat mens slegs deur middel van simbole van Rensburg se visioene kan verstaan. As sulks noem hy 9 hoof-simbole of metafore nl.: ‘n man met grys klere, ‘n pot, ‘n vrou, ‘n wingerdstok, windrigtings, bome, skoene, varke en beeste of bulle (Raath, 2011: 44 - 67). Maar dit bly alles sinnelose bespiegelings wat oop is vir eie opinies en toepassings afhangende van wie die interpreteerder is en van wat hy of sy daardeur wil bereik.

### 8.4.6 Sistematies-teologiese uitsprake - algemeen

Dit is insiggewend dat Raath (2011: 16) die "pionier-etos" se ontstaan toeskrywe aan onder andere die bestudering van die geskrifte van skrywers uit die Nadere Reformasie. Noordmans (1979: 172) wys juis daarop dat die Nadere Reformasie tot gevolg gehad het dat die Heilige Gees in 'n "gemeenskapsgees" ontaard het. Jonker (1998: 28) erken hoe die piëtistiese-metodistiese kerklike praktyke van destyds deel uitgemaak het van 'n volkskerk wat sy Gereformeerde grondslag verloor het. Niklaas van Rensburg was sonder twyfel diep beïnvloed deur hierdie volkskerk en gemeenskapsgees wat tiperend is van die Nadere Reformasie se denkwyses en dit was diep menslik en verwyderd van 'n redelike Gereformeerde godsdiens.

### 8.4.7 Prakties-teologiese uitsprake

Die Volksgeist-dryfkrag so tiperend in Andries le Fleur se lewe, was nie so sterk teenwoordig by van Rensburg nie. Met gebruikmaking van Beyerhaus (1969: 87 - 104) se tri-polariteits-beginsel wil ek van Rensburg se inspirasie-bron soek in sy eie psige.

Louw (1998: 240 - 300) verklaar dat daar **sinloosheid** ontstaan wanneer die skeiding tussen die bewuste en die onbewuste in 'n mens te groot word. Sinloosheid was beslis teenwoordig veral gedurende die tydperk van die Tweede Anglo-Boereoorlog in van Rensburg se lewe. Sinloosheid versteur die ekwilibrium van die self en kan geestelike patologie tot gevolg hê. Een vorm van geestelike patologie is **denk steurings** wat uitval in illusies of onrealisme. Wells (1993: 154) ondersteun hierdie standpunt. Hy verduidelik dat mense oor-kompenseer met onbewuste optredes weens die verlies van die bewuste. Hulle internaliseer hulle godsdienstige ervarings en die gevolg hiervan is die ontstaan van 'n "**ondergrondse god**" (Wells, 1993: 156).

Krech *et al* (1982: 482) wys daarop dat ervarings van 'n bonatuurlike aard getipeer moet word as pieke-ervarings en dat hierdie ervarings aanleiding kan gee tot **veranderde denkpatrone** met die gevolglike veranderde leefwyse. Dat iets in van Rensburg se "kop" verander het bevestig hyself as hy verklaar: "Ek voel 'n drukking in my kop. Dis asof my verstand te kort word, of daar iets in my kop opwerk" en net daarna "sien" hy (Raath, 2011: 287). Deneys Reitz (2005: 109) se persoonlike ervaring van 'n *"toeval van Siener"* bevestig die vreemdheid van die ervarings. van Rensburg se "wilde oë", die fanatieke uitdrukking daarvan, die sinnelose beelde van bulle wat mekaar heen en weer stoot en die feit dat baie van die voorspelling nie bewaarheid word nie en steeds bly glo van Rensburg self daaraan. van Rensburg was

voorwaar ‘n veranderde mens met veranderde denke na sy pieke-ervaring. Dit bring my by Kelsey (1978: 44 - 45) se moontlike 4 menslike bronne van “bonatuurlike” openbarings.

My beperkte konklusie is dat ons hier te doen het met ‘n menslike ervaring wat dien as bron vir Rensburg se visioene en dit laat ons met een of meer van Kelsey se voorstelle waarvan outosuggestie of outonome-opwellinge die mees waarskynlike twee is (Kelsey, 1978: 44 - 45).

Maar dan sit ek steeds met die feit dat sommige van die visioene waar geword het. Die antwoord kan verkry word in Jordaan *et al* (1992: 325 - 343) se bevindinge. Hulle verklaar dat mense buitesintuiglik inligting kan verkry deur middel van telepatie, prekognisie, psigokinese, heldersiendheid en meeluistering.

Raath (2011) spandeer 8 bladsye (bl. 36 - 44) aan die “pionier-etos” tiperend in van Rensburg se tyd en gebruik onder andere woorde soos “ego-ervarings, ego-tekste, ego-beskrywings, siels-veranderings, mistieke-bevindinge, voorkennis, oorpeinsings, geestes waarnemings”, ens. Hy skrywe (2011: 43) “*Wanneer die Siener in geselskap sy oë sluit, die geestesoog na binne rig en kennis uit die grond van die intellek put, vind die mistieke ontmoeting plaas wat hom insig in sy omstandighede gee en apokaliptiese kennis meedeel wat hy metafories in gebrekkige taal probeer verwoord.”*

Dit is baie duidelik dat van Rensburg buitesintuiglike inligting verkry het en dit was deur telepatie, prekognisie, psigokinese, heldersiendheid en/of meeluistering.

### 8.4.8 Samevattend oor van Rensburg

van Rensburg was sy lewe lank ernstig Christelik en bly lidmaat van die Hervormde Kerk. Daar was geen doelbewuste “Gnostiese” vermenging van godsdienste nie en ook geen aangetrokkenheid tot Spiritisme soos by Brandt en le Fleur nie.

Laastens moet ek daarop wys dat sommige van Rensburg se voorspellings grens aan die absurde. So verklaar hy dat die toekoms van die Afrikaner se onafhanklikheid-verlange ten nouste saamhang met die Duitsers se terugkeer na Duits-Wes-Afrika (Raath, 2011: 58). Duitse oorlogskepe sal Luderitsbaai invaar en die Engels-sprekende witmense vlug vanuit Rhodesië (*Zimbabwe*) tot in Durban. Hier skiet die Afrikaners nog ‘n paar kanonskote op die voortvlugtende bote vol Engelse (Raath, 2011: 59). Engeland sal na 7 reuse rampe totaal tot ‘n val kom (Raath, 2011: 61) en daarna ophou bestaan as ‘n belangrike volk.

Deur van Rensburg se ondersteuning is daar tydens die Rebellie ‘n ooreenkoms met die Duitsers aangegaan wat die onafhanklikheid van die boere-republieke sou laat herleef. Hierdie

traktaat is later jare aan Hitler persoonlik besorg en op 14 September 1940 het die Duitse kabinet bevestig dat hulle die ooreenkoms sou bekragtig indien hulle die oorlog sou wen (Raath, 2011: 60). ‘n Mens kan maar net spekuleer hoe Afrika en Suid-Afrika sou uitsien onder ‘n Nazi oorwinning in Europa met die Tweede Wêreldoorlog.

## 8.5 Samevatting

Ek kan nie stilbly soos Louis Brandt oor Johanna se pogings om ‘n harmonieuse wêreldorde te help vestig tussen ‘n Vader-God, Moeder-Gees en Mens-Jesus plus ‘n verligte Afrikanerdom nie. Ek kan ook nie aanvaar dat die woonplek van God in Pretoria gevestig sal wees nie.

Ek kan ook nie met Willa Boezak saamstem dat Andries le Fleur se profesieë ‘n “geestelike fontein” vir die Griekwa-mense is nie (Boezak, 2012: Inleiding). Dit sou beteken dat ek genoeë moet neem dat die grootste gedeelte van die noordelike-halfrond vernietig sal word, dat die bloed heup-hoog op die Parade in Kaapstad sal lê en dat die troon van God by Ratelgat in die Knersvlakte vestig staan.

Nog minder kan ek soos Andries Raath enigsins versigtig-simpatiek staan teenoor die visioene van Niklaas van Rensburg en probeer om vanuit ‘n “pioniers-etos” aanklank te vind by sy diepere mistiese insigte.

Ons kan in hierdie drie persone se bonatuurlike ervarings en uitsprake geen ware Epifanieë of God-sprake vind wat enigsins ‘n sinvolle bydrae kan maak tot verantwoordelike toevoegings tot die bestaande reformatoriese ortodoksie nie.

Wat ons wel het is geskiedkundige figure wat op ‘n sosio-politiese vlak bydraes gemaak het tot die kultuur-erfgoedere van die Afrikaanssprekende gemeenskap.

*“Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges? Antwoord. Eerstens dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik as lede, gemeenskap met die Here Jesus het en deel het aan al Sy skatte en gawes. Tweedens dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend”* Heidelbergse Kategismus. Vraag 55. (Ons Glo, 1982)

# HOOFSTUK 9

# SAMEVATTING EN AFLEIDINGS EN 'N VOORSTEL HOE DAAR VANUIT DIE TEOLOGIE VERANTWOORDELIK OMGEGAAN MOET WORD MET BONATUURLIKE OPENBARINGE, DROME, VISIOENE EN PROFETIESE ERVARINGS.

## 9.1 Inleiding

In berading is dit algemeen bekend om te werk met sikliese-modelle of -prosesse (sien bv. "The Changing Family Life Cycle". Carter & McGoldrick, 1989). Beyerhaus (1969: 87 - 105) skep met sy "Tri-polariteits-beginsel" vir my die moontlikheid om 'n trisikliese model te ontwikkel wat kan help met die beoordeling van bonatuurlike openbaringe, drome, visioene of profetiese ervarings. Beyerhaus (1969: 103) verklaar dat daar drie moontlike bronne van openbarings kan wees naamlik God, die mens self en Satan. My besluit is om van buite af na die sentrum te beweeg. Anders gestel, begin by dit wat die verste weg van 'n moontlike godspraak kan wees en beweeg nader na dit wat moontlik wel 'n godspraak is. Dus sal ek by die **Demonologie** begin, daarna na die **Antropologie** beweeg en laastens na die **Sistematiese- en Praktiese Teologie** kyk.

## 9.2 Die Demonologiese sirkel

Koch (1972: 313) wys daarop dat reeds in die tyd van die kerkvader Jerome (347 - 420) daar 'n besliste belofte of eed in kerklike kringe bestaan het om enige verbintenis met Satan of sy bose werk af te sweer. Die kerkvader Augustinus (354 - 430) het hierdie eed beskrywe as die *"abrenuntiatio diaboli"* wat tydens die doop geleentheid deur of die dopeling of deur sy ouers en peetouers afgelê is (Koch, 1972: 313).

Rondom die bestaan van die Satan verklaar Weber (1981: 489) dat ons hier te doen het met 'n realiteit wat buite die mens is, wat buite God is en wat 'n krag tot vernietiging is. Volgens hom kan ons die Satan slegs herken in die lig van God aangesien hy alles is wat God nie is nie (Weber, 1981: 92). Hy wys ook daarop dat in die bekende "Onse Vader" gebed (Matt 6: 9 - 13) verwys word na Satan as 'n bose realiteit nie net 'n onpersoonlike mag of algemene boosheid nie. Pop skrywe in sy kommentaar oor 1 Kor. 10: 20 dat die gelowiges moet besef dat demone in diens van Satan staan en as sulks die teenstanders van die lewe en die Lewendmakende is. *"Men moet zich niet met hem inlaten maar hen bestrijden... uit eigen leven en dat van anderen uitbannen"* (1986: 215). Morris (1985: 164) verduidelik oor 1 Kor.

12: 1 - 2 dat "*Pagans are seen, not as men freely following the gods their intellects have fully approved, but as under constraint...*"

Ek gaan uit van die veronderstelling dat ons in die Demonologie te doen het met reële, nie-wesens [35] wat doelbewus daarop uit is om die *Shalom* van God te vernietig en die *Ekklesia* spesifiek en ook die hele skepping te mislei, teen te staan en uiteindelik tot 'n toestand van "niksheid" te bring.

Volgens 'n studie wat in 1974 in die VSA gedoen is, het 40% van die deelnemers bevestig dat hulle een of ander mistiese ervaring belewe het waardeur hulle kontak gehad het met 'n bonatuurlike geestelike realiteit (Kelsey, 1978: 3). Cox (1995: 257) wys daarop dat die hoogbloei van spiritisme ten nouste saamhang met die verskuiwing van die paradigmas in die natuur-wetenskappe. "*No longer is there a lonely void. Space everywhere is now filled with fields; invisible, non-material structures.*" Hy verklaar dat spiritisme en die "nuwe wetenskap" veel meer in gemeen het as wat die kritiese teologiese denke met die natuur-wetenskappe het (Cox. 1995: 257). Al is hierdie stelling reeds meer as twintig jaar oud, is dit volgens my insig steeds relevant.

Carl Jung verklaar weer en weer dat pasiënte onder sy behandeling kontak gehad het met onsigbare geestelike wesens wat die pasiënte diep-grondig beïnvloed het (Kelsey, 1978: 76). Hy skrywe later tong-in-die-kies dat *"Just when people were congratulating themselves on having abolished all spooks, it turned out that spooks were flirting about in the heads of apparently normal Europeans. Tyrannical, obsessive, intoxicating ideas and delusions were abroad everywhere and people began to believe the most absurd things"* (Kelsey, 1978: 77).

Ek gaan dus van die veronderstelling uit dat baie mense in ontwikkelde lande een of ander geestelike ervaring gehad het waarvan die bron nie uitsluitlik God is nie.

Koch (1994: 37 - 173) beskrywe 23 moontlike vorme van demoniese werkinge en noem dat dit hoegenaamd nie 'n volledige lys is nie. Hierdie is maar die mees algemene Demonologiese verskynsels in sy ervaring. Hy verdeel dit in drie hoof groeperinge nl. [36]

---

[35] Met nie-wesens bedoel ek reële wesens van geestelike aard wat ten doel het om die skepping van God te vernietig. As sulks is hulle anti-skepping, anti-god en anti-realiteit.

[36] Van die boeke van Koch het hy in samewerking met die bekende psigiater Dr. Alfred Lechler (1887 – 1971) geskrywe.

### 9.2.1 Ekstra-sintuiglike waarnemings

- verskyning van die geeste van bekende gestorwenes
- glasie-verskuiwings of ouija-bord verskuiwings
- levitasie van meubels of mense
- kommunikasie terwyl in 'n beswyming
- outomatiese skrywes
- helder drome
- telepatie
- heldersiendheid
- helderwetendheid
- waarsêery met kaarte
- waarsêery met handpalms
- waarsêery met sterrewiggelary
- waarsêery met behulp van 'n pendulum

### 9.2.2 Ekstra-sintuiglike beïnvloeding

- amateur hipnose of self-hipnose [37]
- genesing deur magnetiese kragte
- magiese beswerings
- magiese herhalende spreuke - "chanting"
- swart- of wit towerkunste
- bloed-band ede
- fetisjisme
- seksuele omgang met *incubi, succubae*

### 9.2.3 Ekstra-sintuiglike verskynings.

- Materialisasie
- Verskyning van geeste of spoke

Met die voorgestelde model vir die beoordeling van bonatuurlike openbaringe, drome, visioene of profetiese ervarings moet daar eers die Demoniese-siklus deurwerk word met die

[37] Daar is ook "professionele" hipnose waar behoorlike kundige persone dit toepas met die oog op pastorale- of sielkundige berading.

"siener" of profeet. Daar moet eers grondig ondersoek ingestel word of daar nie miskien enige demoniese betrokkenheid by of beïnvloeding bestaan nie.

As Louis Brandt of die kerklike leiers in 1916 uitgevind het oor moontlike demoniese betrokkenheid by Johanna Brandt se lewe, sou hulle sommer gou kon vasstel dat sy eerstens 'n aktiewe belangstelling in spiritisme gehad het en tweedens dat sy self ervaar het dat sy "outomatiese skrywes" kon doen (Brandt, 1918: 114 - 115).

Net so sou Boezak (2012) bevind het dat Andries le Fleur se dogter haar oorlede pa se gees oproep om raad te vra (Cloete, 1986: 121) en dan sal die Griekwas se "*onwrikbare geloof in sy profetiese uitsprake wat dien as rigsnoer"* vir vandag, miskien 'n ander beoordeling gekry het (Boezak, 2012: 25 - 26).

In die lewe van Niklaas van Rensburg is daar uitsprake en belewenisse wat ook onder die "lem" van die Demonologiese beoordeling sou val. van Rensburg beweer dat tydens die Rebelle-tog na Duits-Wes-Afrika, genl. Koos de la Rey hulle die hele pad vergesel het (Raath, 2011: 236); dit nogal kompleet op sy ryperd "Bokkie". Volgens hom was die gees van genl. de la Rey die hele tyd saam met die Rebelle maar net van Rensburg kon hom sien. Ek gaan uit van die aanname dat ons van Rensburg moet glo en dan het ons beslis te doen met die verskyning van die gees van 'n gestorwene soos bespreek in 9.2.1 hierbo.

Wanneer ons met oer-geestelikheid te doen kry speel bonatuurlike ervarings ook 'n baie groot rol. Hier kyk ons na beswymings, visioene, genesings, kommunikasies met geestes-wesens ens. (Cox, 1995: 82). Kelsey wys op die sjamanistiese ervarings in die lewe van Gautama Boeddha en die profeet Mohammed (1978: 26) en gebruik daarna die navorsing van Mircea Eliade (1907 - 1986) om te kan verklaar dat die meeste oer-godsdienste diep beïnvloed was deur ekstatiese ervarings waar 'n bonatuurlike geestelike wese deur die sjamaan met die gemeenskap kommunikeer het (Kelsey, 1978: 27). Ek stem saam met Beyerhaus (1969: 101) dat daar erns gemaak moet word met die ander godsdienste se belewenisse van 'n bose anti-god in respekvolle ekumene en nie hulle vreesaanjaende ervarings minag volgens ons kritiese Westerse teologiese denke nie (Kelsey, 1978: 91).

In die oer-geestelikheid het ons ook te doen met geeste of geestelike ervarings wat doelbewus daarop uit is om die *Shalom* van die goddelike wese wat hulle aanbid te vernietig en die volk te mislei, teen te staan en uiteindelik tot 'n toestand van "niksheid" te bring - baie soos in die geval van die *Ekklesia* voorheen bespreek.

As daar gepraat word van Andries le Fleur wat die vergestalting is van die Griekwa se oer-geestelikheid soos genoem deur Cloete (1986: 32) en Boezak (2012: 25), dan moet daar

beslis gevra word wat dit presies beteken en watter invloede het die Satan en die demone gehad in die sjamanistiese praktyke van die Khoe-San? Wat is dus die oer-geestelike vergestalting van Andries le Fleur gesien in die lig van die Demonologie?

Ek wil met hierdie gedeelte volstaan met Hans Kung se aanbeveling dat, omdat ons in die *Ekklesia* te doen het met verskillende geestelike wesens wat op verskeie maniere werksaam kan wees, ons moet leer om die geeste te onderskei volgens 1 Kor. 12: 10 (Kung, 1992: 182). Ek stem ook saam met Jesse Penn-Lewis se waarneming dat daar 'n valse onderdanigheid aan geestelike wesens bestaan en dat dit die kritiese, ondersoekende intellek negeer en die persoon vreesagtig maak om die oorsprong of herkoms van hierdie geestelike wesens te bevraagteken (1986: 311).

## 9.3 Die Antropologiese sirkel

Om 'n grondige ondersoek te doen na moontlike Antropologiese bronne van of beïnvloeding van bonatuurlike openbaringe, drome, visioene of profetiese ervarings moet daar van 'n multi-dissiplinêre span kundiges gebruik gemaak word. Dit mag die volgende kundiges insluit: medici, sielkundiges, psigiaters, pastorale beraders, maatskaplike werkers ens. Die doel is om die mees volledige verslag saam te stel gegrond op sosiaal-wetenskaplike en medies-wetenskaplike bevindings.

Die bevinding van Pavlov (1849 - 1936) dat erge spanning alle mense se denkpatrone en optredes sal verander (Kelsey, 1978: 45) is deur ander navorsers bevestig (APA, 1989: 30 & Louw, 1998: 240). Hierdie spanning kan meegebring word deur gesondheid-probleme, huwelik-, gesin-, finansiële-, seksuele-, politieke- en nog vele meer (Louw, 1998: 303 - 396). Vanuit die opvoedkunde leer ons ook dat kinders diep beïnvloed word deur ervarings en voorbeelde vanuit hulle vroegste jare (Kyk na Krech *et al,* 1982: 288). Die gevolg van die opvoedingsproses is die ontstaan van arg-tipes beelde (Kelsey, 1978: 45). Die rol hiervan is reeds in hoofstuk 7 bespreek.

